



ProBeta
training

**BELASTINGGIDS
2018 | 2019**

ingelig

gereed

INHOUD

INKOMSTEBELASTINGSKALE	2	VERSKILLENDE ENTITEITE	
KORTINGS	2	Kleinsakekorporasies	25
BELASTING DREMPELS	2	Persoonlike Diensverskaffers	26
MEDIESE BELASTINGKREDIETE	2	Mikrobesighede	27
KORPORATIEWE BELASTINGKOERSE	2	Trusts	29
SLYTASIE- EN KAPITAALTOELAES	3	Regspersone	32
INWONERS		Openbare Weldaadsorganisasies	32
Inwonerstoets	4	Ontspanningsklubs	32
Suid-Afrikaanse rente	4	ANDER BELASTING	
Buitelandse rente	4	Werknemersbelasting	32
Suid-Afrikaanse dividende	4	Besoldiging	33
Vestiging van ekwiteitsinstrumente	5	LBS op werknemers aandele skemas	33
Kapitaalverdelings op beperkte	5	Dividendbelasting	34
ekwiteitsinstrumente		Belasting op toegevoegde waarde	37
Lewering van dienste	5	Skenkingsbelasting	43
Buitelandse dividend	5	Boedelbelasting	44
Belastingvrye beleggings	6	Hereregte	46
Studiebeurse	6	Sekuriteiteoordragbelasting	46
Handelsbeperking ontvangstes	7	Vaardigheidsontwikkelingsheffings	47
Buitelandse handelsaktiwiteite	7	Werkloosheidsversekeringsfonds	47
Buitelandse besoldiging inkomste	7	Beroepsvergoeding	48
Pensioene en annuïteite	8	Voorlopige belasting	48
Inkomstebeskeringspolisse	8	Kapitaalwinstbelasting	51
NIE-INWONERS		ALGEMEEN	
Besigheidsinkomste	8	Leerlingooreenkomste	56
Besoldiging en fooie	8	Sleutelmanversekeringspolisse	57
Huurinkomste op vaste eiendom	8	Navorsing en ontwikkeling	58
Rente ontvang	8	Spesiale ekonomiese sones aansporing	59
Tantième	9	Belastingaansporing vir indiensneming	60
Dividende	10	Regering toekennings	62
Buitelandse vermaaklikheidskunstenars	10	Waagkapitaalmaatskappye	62
Verkoop van onroerende eiendom	10	In Duplum reël	62
Diensfooie betaal aan nie-inwoners	11	Bedingsraad heffing	62
TOELAES		BELASTINGADMINISTRASIE	
Reis- en motortoelaes	11	Belastingombud	63
Vergoedende reistoelelaag	11	Belastingnakomingstatus	63
Bestaanstoelaes	11	Onwettige gebruik van die woord SAID	63
BYVOORDELE		Aanvra van tersaaklike materiaal	64
Bates verkry - minder as werklike waarde	12	Persone wat ondervra mag word	64
Reg van gebruik van 'n bate	12	Bystand tydens 'n oudit	64
Gebruik van maatskappymotors	13	Ondervragingsbevel	65
Versekeringspolisse	15	Verminderde aanslae	65
Mediesefondsbydraes, uitgawes en krediete	15	Beswaar teen aanslag of beslissing	65
Kostes aangegaan i.t.v. mediese dienste	17	Uitrek van aanslae	66
Huisvesting	18	Aanspreeklikheid van derde partye	66
Vakansiehuisvesting	19	Terugbetalings en rente	67
Gratis of goedkoop dienste	19	Ontduiking van belasting	68
Lae rente of rentevrye skuld	19	Lewering van dokumente	68
Ontheffing/kwytskelding van 'n verpligting	19	Vries van bankrekening	69
Uniformtoelaag	20	BOETES EN RENTES	
Gratis/gesubsidieerde maaltye	20	Administratiewe boetes	69
Bydraes tot aftreefondse deur werkgever	20	Persentasie gebaseerde boete	69
Ekwiteitsgebaseerde aansporingskemas	20	Kwytskelding van boetes	70
AFTREKKINGS VIR INDIVIDUE		Onderstellingsboete	70
Bydraes tot 'n aftreefonds	21	Kwytskelding van rente	71
Skenkings	21	VRYWILLIGE BLOOTLEGGING	72
Reiskostes	21	VALUTABEHEER TOELAES	72
Studeerkamer onkostes	22	RENTEKOERSE	
AFTREEVOORDELE		Prima rentekoerse	75
Annuïteite	23	Amptelike rentekoerse	75
Aftreefonds enkelbedragvoordele	23	BEWARING VAN REKORDS	
Aftree enkelbedragvoordele by onttrekking	23	Maatskappy	76
Skeidingspakket voordele	24	Beslote korporasies	76
Onttrekking van uittredings-annuïteitsfondse	24	Belastingrekords	76
Aansluiting by nuwe fonds	25	BEGROTINGSREDE	77
		IRP5 BRONKODES	78

INKOMSTEBELASTINGSKALE

Natuurlike persoon of spesiale trust: 2018/2019

Belasbare inkomste (R)	Belastingkoers (R)
0 - 195 850	18%
195 851 - 305 850	35 253 + 26% bokant 195 850
305 851 - 423 300	63 853 + 31% bokant 305 850
423 301 - 555 600	100 263 + 36% bokant 423 300
555 601 - 708 310	147 891 + 39% bokant 555 600
708 311 - 1 500 000	207 448 + 41% bokant 708 310
1 500 001 - en meer	532 041 + 45% bokant 1 500 000

Natuurlike persoon of spesiale trust: 2017/2018

Belasbare inkomste (R)	
0 - 189 880	18%
189 881 - 296 540	34 178 + 26% bokant 189 880
296 541 - 410 460	61 910 + 31% bokant 296 540
410 461 - 555 600	97 225 + 36% bokant 410 460
555 601 - 708 310	149 475 + 39% bokant 555 600
708 311 - 1 500 000	209 032 + 41% bokant 708 310
1 500 001 - en meer	533 625 + 45% bokant 1 500 000

KORTINGS

Tipe korting	2018	2019
Primêre korting	R 13 635	R 14 067
Sekondêre korting: 65 jaar en ouer	R 7 479	R 7 713
Tersiêre korting: 75 jaar en ouer	R 2 493	R 2 574

Let wel: Die korting word proporsioneel toegedeel waar die jaar van aanslag minder as 12 maande is.

BELASTINGDREMPELS

Tipe persoon	2018	2019
Natuurlike persone jonger as 65 jaar	R 75 750	R 78 150
Natuurlike persone 65 - 74 jaar	R 117 300	R 121 000
Natuurlike persone 75 jaar en ouer	R 131 150	R 135 300

MEDIESE SKEMA FOIE BELASTINGKREDIETE PER MAAND

Tipe persoon	2018	2019
Hooflid	R 303	R 310
Hooflid en een afhanklike	R 606	R 620
Bykomende krediet per addisionele lid	R 204	R 209

KORPORATIEWE BELASTINGKOERSE

Tipe entiteit	2018	2019
Privaat, publieke maatskappye en beslote korporasies	28%	28%
Persoonlike diensverskaffer maatskappye	28%	28%
Suid-Afrikaanse tak van 'n buitelandse maatskappy	28%	28%
Openbare weldaadsorganisasies*	28%	28%
Ontspanningsklubs**	28%	28%
Maatskappy wat langtermyn versekerings-besigheid bedryf		
• Individuele polishouerfonds	30%	30%
• Maatskappypolishouerfonds en korporatiewe fonds	28%	28%
Trusts	45%	45%
Kleinsake befondsingsentiteit	28%	28%

*Jaarlikse bedryfsinkomste vrystelling: Grootste van R 200 000 of 5% van totale ontvangstes en toevallings.

**Jaarlikse bedryfsinkomste vrystelling: Grootste van R 120 000 of 5% van ledegelde.

SLYTASIE- EN KAPITAALTOELAES

Algemeen

Vaste bates mag volgens die reguitlyn-metode oor die verwagte nuttige lewensduur daarvan afgeskryf word. Die SAID het sekere tydperke aangedui wat aanvaarbaar sal wees volgens Interpretasienota 47. Dit sluit onder meer die volgende in (in jare):

Afleweringervoertuie	4	Motorafdakke	5
Fotokopieërtoerusting	5	Passasiersvoertuie	5
Geïnstalleerde matre	6	Persoonlike rekenaars	3
Gordyne	5	Rekenaar sagteware	2
Handboeke	3	Sellulêre telefone	2
Kantoortoerusting (meganies)	5	Sonenergie eenhede	5
Kombuistoerusting	6	Telefoontoerusting	5
Kragopwekkers (draagbaar)	5	Televisiestelle	6
Kraggereedskap (handaangedrewe)	5	Vliegtuie	4
Lugversorgers	6	Vragmotors (swaardiens)	3
Meubels & toebehore	6	Werkswinkeltoerusting	5
Motorfietse	4	Winkeltoebehore	6

Indien die kosprys van 'n item minder as R 7 000 is, kan dit onmiddellik afgeskryf word.

Kleinsakekorporasies

- Masjinerie en installasie (behalwe mynbou of boerdery) wat vir die eerste keer in 'n proses van vervaardiging of soortgelyke proses gebruik word: 100%
- Ander afskryfbare bates: Normale slytasie koerse of 50%:30%:20%

Masjinerie en installasie gebruik in 'n proses van vervaardiging of soortgelyke proses

- Nuut en ongebruik, verkry op of na 1 Maart 2002: 40%:20%:20%:20%
- Nuut en ongebruik, verkry op of na 1 Januarie 2012 en gebruik vir kwalifiserende navorsing en ontwikkeling: 50%:30%:20%
- Gebruik: 20%

Industriële geboue

Gebruik geheel en al, of hoofsaaklik in die proses van vervaardiging of 'n soortgelyke proses, vanaf 1 Oktober 1999, of geboue wat gebruik word vir navorsing en ontwikkeling op of na 1 April 2012: 5%

Nuwe kommersiële geboue

Geboue of verbeteringe waarvoor kontrakte aangegaan is op of na 1 April 2007 en konstruksie, oprigting of installasie begin het op of na daardie datum: 5%

Boerdery toerusting

50%:30%:20%

Stedelike ontwikkelingsones

- Nuwe geboue, uitbreidings en toevoegings op of na 21 Oktober 2008: 20% aanvangstoelaag en 8% daarna
- Verbeteringe: 20% reguitlyn
- Van toepassing tot en met 31 Maart 2020

Normale winste en/of kapitaalwinste gemaak op die onvrywillige afstanddoening van afskryfbare bates sal verhaal word oor die periode wat die vervangde bates afgeskryf word. 'n Kontrak om die bates te

vervang moet binne 12 maande gesluit word, en die bates moet binne 3 jaar in gebruik geneem word. Verliese op die verkoop van afskryfbare besigheidsbates kan teen gewone inkomste geëis word vir belastingdoeleindes.

INWONERS

Inwonerstoets

Suid-Afrikaanse inwoners word belas op hulle wêreldwye inkomste. Om as 'n inwoner beskou te word en gevolglik onderhewig te wees aan Suid-Afrikaanse inkomstebelasting moet 'n individu "gewoonlik woonagtig" wees in Suid-Afrika, ('n permanente woning in Suid-Afrika besit) of "fisies teenwoordig" wees in die Republiek van Suid-Afrika.

Fisiese teenwoordigheid vereis dat 'n individu in Suid-Afrika teenwoordig moet wees:

- Vir meer as 91 dae in totaal gedurende die huidige en elk van die voorafgaande 5 belasting jare; en
- Vir meer as 915 dae in totaal gedurende die voorafgaande 5 belasting jare.

Indien die individu buite die Republiek van Suid-Afrika was vir 'n periode van 330 aaneenlopende dae nadat hy opgehou het om fisies in Suid-Afrika teenwoordig te wees, dan is die individu nie meer 'n inwoner van die Republiek nie, vanaf die dag waarop die 330 dae periode begin.

'n Persoon wat nie 'n natuurlike persoon is nie, word beskou as 'n inwoner as dit ingelyf, gevestig of opgerig is in die Republiek van Suid-Afrika, of die plek van effektiewe bestuur in die Republiek van Suid-Afrika is.

Die definisie van 'n inwoner sluit enige persoon uit wat uitsluitlik 'n inwoner van 'n ander land geag te wees, vir die doeleindes van die toepassing van 'n dubbelbelastingooreenkoms, selfs al is die ander toetse van toepassing.

Suid-Afrikaanse rente

Plaaslike rente is vrygestel beperk tot die volgende maksimum bedrae:

Tipe persoon	2018	2019
Natuurlike persone onder 65 jaar	R 23 800	R 23 800
Natuurlike persone 65 jaar en ouer	R 34 500	R 34 500

Buitelandse rente

Buitelandse rente is belasbaar.

Suid-Afrikaanse dividende

Natuurlike persone wat dividende ontvang vanaf Suid-Afrikaanse maatskappye is vrygestel van normale inkomstebelasting op dividend inkomste. Die dividende is onderhewig aan 'n 20% dividendbelasting, wat weerhou word deur die maatskappy wat die dividend betaal, en dit dan oorbetal aan die SAID, namens die belastingpligtige. Die terughoudingsbelasting op dividende is 'n finale belasting. Neem asseblief kennis dat sommige dividende nie vrygestel is nie, bv. dividende betaal deur hoofkwartiermaatskappye en dividende ten opsigte van sekere beperkte ekwiteitsinstrumente.

Vestiging van ekwiteitsinstrumente

Artikel 8C belas winste en laat 'n aftrekking toe vir 'n verlies gemaak ten opsigte van die vestiging van 'n ekwiteitsinstrument, wat verkry is deur 'n belastingpligtige, uit hoofde van sy diens of amp as direkteur. Die wins is die bedrag waarmee die markwaarde die bedrag betaal deur die belastingpligtige vir die verkryging van die instrument oorskry.

Kapitaalverdelings op beperkte ekwiteitsinstrumente

Indien 'n terugbetaling van kapitaal of buitelandse terugbetaling van kapitaal (behalwe 'n terugbetaling van kapitaal vir die terugkoop van 'n beperkte ekwiteitsinstrument of 'n dividend of buitelandse dividend ten opsigte van daardie beperkte ekwiteitsinstrument) deur die belastingpligtige ontvang word of toeval, sal die bedrag van die terugbetaling van kapitaal hanteer word as normale inkomste in die belastingbetaler se hande terwyl die aandeel steeds 'n beperkte ekwiteitsinstrument is.

Dividende ten opsigte van die lewering van dienste

Dividende, insluitend die opbrengs vir die terugkoop van aandele wat die uitgereikte aandeelkapitaal oorskry, ontvang deur of toegeval aan, ten opsigte van dienste gelewer of nog gelewer gaan word, of uit hoofde van indiensneming of die bekleding van 'n amp sal nie vrygestel wees van inkomstebelasting nie (en dus belasbaar teen tot 45% in plaas van 20%), tensy sodanige dividende toeval ten opsigte van 'n ekwiteitsinstrument soos gedefinieër in artikel 8C gehou deur daardie persoon of ten opsigte van 'n aandeel gehou deur daardie persoon. Sulke belasbare dividende sal ook ingesluit word in die definisie van besoldiging vir die doeleindes van die weerhouding van werknemersbelasting. Belasbare bedrae sluit ook in dividende ontvang in afwagting of in die verloop van die likwidasië, deregistrasie of finale beëindiging van 'n maatskappy, of vir 'n ekwiteitsinstrument wat nie 'n beperkte ekwiteitsinstrument is nie maar wat by vestiging aan artikel 8C onderhewig sal wees.

Buitelandse dividende

'n Buitelandse dividend word in die volgende omstandighede vrygestel:

- Deelnemingsvrystelling waar 'n persoon minstens 10% hou van die totale ekwiteitsaandele en stemregte in die maatskappy wat die buitelandse dividend verklaar;
- Waar die aandeelhouer 'n maatskappy is, en die buitelandse dividend betaal of verklaar word, deur 'n ander buitelandse maatskappy, wat 'n inwoner is in dieselfde land as daardie maatskappy;
- Dividende ontvang vanaf 'n Beheerde Buitelandse Maatskappy (BBM) wat reeds as winste belas is in die hande van die belastingpligtige toe die winste gemaak is;
- 'n Dividend van 'n buitelandse aandeel op die JSE genoteer, en wat nie 'n dividend *in spesie* is nie;
- 'n Buitelandse dividend ontvang deur of toegeval aan 'n maatskappy wat 'n inwoner is ten opsigte van 'n buitelandse aandeel op die JSE genoteer en wat 'n dividend *in spesie* is.

Enige belasbare buitelandse dividend is onderhewig aan 'n maksimum effektiewe koers van 20% bereken soos volg:

- Natuurlike persone: $25/45 \times \text{dividend}$.
- Maatskappye, bestorwe boedels, insolvente boedels of trusts: $18/28 \times \text{dividend}$.

Die buitelandse dividendvrystelling is nie van toepassing op enige buitelandse dividend ontvang deur of toegeval aan 'n persoon ten opsigte van dienste gelewer nie, tensy die persoon die buitelandse aandeel hou of die buitelandse aandeel 'n beperkte ekwiteitsinstrument is wat deur daardie persoon gehou word.

Die vrystellings is ook nie van toepassing indien die dividende aan 'n persoon as 'n annuïteit betaal word nie.

'n Inwoner is geregtig op 'n krediet vir enige terughoudingsbelasting betaal ten opsigte van 'n buitelandse dividend wat ingesluit is in bruto inkomste.

Geen aftrekking sal toegelaat word, ten opsigte van enige uitgawes aangegaan in die voortbrenging van buitelandse dividende nie bv. rente betaal op lenings om buitelandse aandele te koop.

Belastingvrye beleggings

Enige bedrag ontvang deur of toegeval aan 'n natuurlike persoon of sy bestorwe of insolvente boedel, vanaf 'n belastingvrye belegging, sal vrygestel wees van normale belasting. Enige kapitaalswins of verlies ten opsigte van die beskikking van 'n belastingvrye belegging sal ook nie in ag geneem word nie. Geen dividendbelasting is betaalbaar op die dividend betaal aan 'n natuurlike persoon ten opsigte van 'n belastingvrye belegging nie.

Bydraes tot 'n belastingvrye belegging is beperk tot 'n jaarlikse limiet van R 33 000 in totaal gedurende 'n jaar van aanslag, en 'n leeftyd limiet van R 500 000 in totaal. Die bydrae limiet is van toepassing per persoon wat bydra, en nie per belastingvrye belegging waartoe bygedra word nie. Die bydraes tot 'n belastingvrye belegging moet in die vorm van kontant wees. Belastingbetalers mag beleggings oordra na ander belastingvrye beleggings van ander diensverskaffers. Hierdie oordragte sal nie in ag geneem word vir die berekening van die jaarlikse of leeftyd bydrae limiete nie.

'n Strafmaatreël sal ingestel word vir bydraes wat die voorgeskrewe bydrae limiet oorskry. Indien 'n persoon gedurende 'n jaar van aanslag meer as R 33 000 bydra, moet 'n bedrag gelykstaande aan 40% van daardie bedrag meer bygedra geag word om 'n bedrag van normale belasting betaalbaar te wees deur die persoon ten opsigte van daardie jaar van aanslag. Indien enige persoon meer as R 500 000 in totaal bydra, moet 'n bedrag gelykstaande aan 40% van soveel van daardie bedrag meer betaal soos wat voorheen nie in ag geneem is vir die 40% boete nie, geag word om 'n bedrag van normale belasting betaalbaar te wees ten opsigte van die jaar van aanslag waarin daardie bedrag meer betaal is. Enige vrygestelde bedrae ontvang deur of toegeval aan die persoon vanuit 'n belastingvrye belegging, wat herbelê word, sal nie in ag geneem word as 'n oortollige bydra vir die 40% boete nie.

Studiebeurse

Enige *bona fide* studiebeurs wat toegeken word om 'n persoon in staat te stel, of om bystand te verleen om te studeer, aan enige erkende opvoedkundige of navorsingsinrigting is vrygestel.

Daar is geen monetêre limiet vir *bona fide* studiebeurse toegestaan aan werknemers om te studeer nie. Die vrystelling sal nie geld tensy die werknemer onderneem om die studiebeurs aan die werkgewer terug te betaal indien hy/sy nie sy/haar studies voltooi nie, behalwe as die nie-voltooiing is as gevolg van dood, siekte of 'n besering.

In die geval waar 'n studiebeurs aan 'n familielid van die werknemer toegestaan is, sal die vrystelling slegs toegestaan word indien die werknemer se besoldigingsvolmag, gedurende die jaar van aanslag, nie R 600 000 te bowe gaan nie, en die bedrag van die beurs nie die volgende bedrae oorskry nie:

- R 20 000 vir basiese onderwys. (Graad R tot 12 en NKR 1 tot 4)
- R 60 000 vir hoër onderwys. (NKR 5 tot 10)

Indien die beurs betaal word om 'n gestremde persoon wat 'n lid van die werknemer se familie is, te help (en die werknemer het 'n plig van sorg en ondersteuning ten opsigte van die persoon met 'n gestremdheid), is die drempels soos volg:

- R 30 000 vir basiese onderwys. (Graad R tot 12 en NKR 1 tot 4)
- R 90 000 (R 60 000) vir hoër onderwys. (NKR 5 tot 10)

Handelsbeperking ontvangstes

Handelsbeperking ontvangstes is van 'n kapitale aard behalwe vir enige bedrag ontvang deur, of toegeval aan, enige natuurlike persoon as vergoeding vir enige handelsbeperking aan daardie persoon opgelê ten opsigte van, of uit hoofde van diens of die bekleding van enige amp, of enige diens in die verlede of toekoms, of die bekleding van 'n amp by die entiteit wat die betaling maak.

Buitelandse handelsaktiwiteite

As 'n Suid-Afrikaanse inwoner handeldryf in 'n besigheid in die buiteland as 'n alleeneienaar, word die belasbare inkomste wat uit sodanige handel verdien word bereken op dieselfde wyse as wat dit in Suid-Afrika bereken sou gewees het, en moet omgeskakel word in Suid-Afrikaanse Rand. As die buitelandse handel 'n verlies maak, mag sodanige verlies verreken word teen ander buitelandse handel inkomste, maar die verlies mag nie verreken word teen enige inkomste verdien uit 'n bron in die Republiek nie. Sulke inkomste mag egter nie in Suid-Afrika belas word indien dit nie na die Republiek oorgedra mag word nie.

Buitelandse besoldiging inkomste

Besoldiging ontvang deur, of toegeval aan 'n werknemer vir dienste gelewer buite die Republiek, deur daardie werknemer vir of namens enige werkgewer, sal vrygestel wees van normale belasting op voorwaarde dat die werknemer buite die Republiek was:

- Vir 'n tydperk(e) van meer as 183 volle dae in totaal gedurende enige 12 maande tydperk; en
- Vir 'n aaneenlopende tydperk van meer as 60 volle dae gedurende daardie 12 maande tydperk.

Onafhanklike kontrakteurs mag nie die vrystelling eis nie.

Vanaf 1 Maart 2020 sal die vrystelling slegs van toepassing wees op die eerste R 1 000 000 besoldiging vir dienste gelewer buite die

Republiek.

Pensioene en annuïteite

Enige enkelbedrag, pensioen of jaargeld ontvang deur of toegeval aan enige inwoner uit 'n bron buite die Republiek as vergoeding vir dienste in die verlede buite die Republiek gelewer sal vrygestel wees tensy dit ontvang is vanaf enige pensioenfonds, pensioenbewaringsfonds, voorsorgfonds, voorsorgbewaringsfonds of uittredingsannuïteitsfonds soos omskryf in artikel 1(1). Enige bedrag oorgedra na 'n Suid-Afrikaanse aftreefonds vanaf 'n bron buite die Republiek is egter uitgesluit.

Inkomstebeskermlngspolisse

Enige premies betaal deur 'n natuurlike persoon ingevolge 'n versekeringspolis, wat daardie persoon dek teen siekte, besering, ongeskiktheid, werkloosheid of dood, is nie aftrekbaar nie. Enige bedrae ontvang of toegeval ten opsigte van sulke polisse sal vrygestel wees van belasting.

NIE-INWONERS

Nie-inwoners word belas op hulle inkomste vanaf 'n bron, of 'n geagte bron, binne die Republiek van Suid-Afrika. Vir natuurlike persone wat nie-inwoners is, sal dieselfde belastingdrempels van toepassing wees as vir Suid-Afrikaanse inwoners. 'n Nie-inwoner is slegs onderhewig aan kapitaalwinsbelasting op die verkoop van vaste eiendom (of 'n belang in sodanige eiendom) wat geleë is in Suid-Afrika.

Besigheidsinkomste

Besigheidsinkomste is belasbaar in Suid-Afrika indien die winste van die besigheid vanaf 'n Suid-Afrikaanse bron ontvang is. Meeste dubbelbelastingooreenkomste bepaal dat sodanige winste slegs belasbaar sal wees in Suid-Afrika indien die nie-inwoner 'n permanente saak in Suid-Afrika bedryf.

Besoldiging en fooie

Hierdie word belas in Suid-Afrika indien die dienste gelewer word in Suid-Afrika.

Huurinkomste op vaste eiendom

Dit word belas in Suid-Afrika as die eiendom geleë is in Suid-Afrika.

Rente ontvang

Rente vanuit 'n bron in Suid-Afrika, ontvang deur, of toegeval aan 'n nie-inwoner, is vrygestel van belasting. Die vrystelling geld nie indien:

- Die persoon 'n natuurlike persoon is, wat fisies in die Republiek teenwoordig was, vir 'n tydperk wat in totaal 183 dae oorskry gedurende 'n tydperk van 12 maande, wat die datum voorafgaan waarop die rente ontvang is of toegeval het aan daardie persoon; of
- Die persoon 'n natuurlike of regspersoon is wat, gedurende enige tyd gedurende die 12 maande periode wat die datum voorafgaan waarop die rente ontvang of toegeval is, 'n besigheid bedryf het deur middel van 'n permanente saak in die Republiek, en die skuld ten opsigte waarvan daardie rente betaal word, effektief verbind kan word met 'n permanente saak van daardie buitelandse persoon in die Republiek.

'n Terughoudingsbelasting word gehef teen 15% op rente wat uit 'n Suid-Afrikaanse bron betaal word aan nie-inwoner persone. Die rente

word geag betaal te wees op die vroegste van die datum van betaling, of wanneer dit verskuldig en betaalbaar word. Die terughoudingsbelasting is 'n finale belasting.

Rente ontvang deur, of toegeval aan, 'n nie-inwoner is vrygestel van die terughoudingsbelasting indien die rente betaal word deur:

- Die Regering van die Republiek in die nasionale, provinsiale of plaaslike sfeer;
- Enige bank, die Suid-Afrikaanse Reserwebank, die Ontwikkelings bank van Suider-Afrika of die Nywerheidontwikkelingskorporasie; of
- 'n Hoofkwartiermaatskappy ten opsigte van die verlening van finansiële bystand waarop die reëls met betrekking tot oordragpryse nie van toepassing is nie;
- Enige genoteerde skuldinstrument; of
- 'n Entiteit ingevolge artikel 21(6) van die Finansiële Markte Wet aan 'n buitelandse persoon wat 'n kliënt is soos gedefinieer.

Indien terughoudingsbelasting op die rente betaal is maar die bedrag van rente daarna oninbaar word, sal die SAID die terughoudingsbelasting op daardie rente terugbetaal aan die persoon wat die belasting betaal het.

Tantième

'n Terughoudingsbelasting gehef word teen 'n koers van 15% van die bedrag van enige tantième betaal deur enige persoon aan of ten behoeve van enige buitelandse persoon, namate die bedrag beskou word as ontvang deur of toegeval aan daardie buitelandse persoon vanaf 'n bron binne die Republiek.

'n Tantièm word geag betaal te wees op die vroegste van die datum waarop die tantièm betaal word of verskuldig en betaalbaar word.

Die terughoudingsbelasting op tantième is 'n finale belasting.

Algemene reëls met betrekking tot die terughoudingsbelasting op rente en tantième

Die persoon wat die rente of tantième betaal is verantwoordelik om die korrekte bedrag belasting terug te hou en dit oor te betaal aan die SAID.

Persone wat onderhewig is aan die terughoudingsbelasting kan verligting ontvang indien die persoon wat die rente of tantième betaal aan 'n buitelandse persoon, 'n verklaring ontvang vir die vrystelling/verminderde koers as gevolg van 'n dubbelbelasting ooreenkoms, vanaf die buitelandse persoon. Die verklaring moet ingedien word teen die vroegste van die datum soos vasgestel deur die persoon wat die rente of tantième betaal of die datum van betaling.

Enige persoon wat terughoudingsbelasting terughou van die betaling van rente of tantième moet 'n opgawe indien en die terughoudingsbelasting aan die SAID oorbetalen teen die laaste dag van die maand wat volg op die maand waarin die rente of tantième betaal is.

Indien belasting verkeerdelik teruggehou is, mag die nie-inwoner, die belasting terugeis vanaf die SAID, binne 3 jaar nadat dit betaal is. Die bedrag wat verkeerdelik teruggehou is, sal terugbetaal word deur die SAID aan die persoon aan wie die rente of tantième betaal is.

Indien die betaling van rente of tantième in enige ander geldeenheid as die geldeenheid van die Republiek aangedui word, moet die geldeenheid omgerekend word na die Suid-Afrikaanse Rand, teen die kontantkoers op die datum waarop die bedrag teruggehou is.

'n Buitelandse persoon word vrygestel van die terughoudings- belasting op rente of tantième indien daardie buitelandse persoon 'n natuurlike persoon is, wat fisies in die Republiek teenwoordig was, vir 'n tydperk wat in totaal 183 dae oorskry gedurende die tydperk van 12 maande, wat die datum voorafgaan, waarop die rente of tantième betaal is, of die skuldeis/tantième ten opsigte waarvan daardie rente of tantième betaal is effektief verbind kan word met 'n permanente saak van die buitelandse persoon in die Republiek, indien daardie buitelandse persoon as 'n belastingpligtige geregistreer is in die Republiek. Dit is omrede die rente, en tantième onderhewig is aan normale inkomste belasting.

Dividende

Alle dividende betaal aan nie-inwoners is onderhewig aan 'n finale terughoudingsbelasting van 20%. Die koers kan wissel as gevolg 'n dubbelbelastingooreenkoms.

Buitelandse vermaaklikheidskunstenaars en sportpersone

'n Finale belasting van 15% word gehef op alle bedrae betaal, of betaalbaar, aan 'n nie-inwoner wat aan gespesifiseerde aktiwiteite deelgeneem het of nog moet deelneem. Enige persoon wat hoofsaaklik verantwoordelik is vir die stigting, organisering of fasilitering van 'n gespesifiseerde aktiwiteit in die Republiek, en direk of indirek beloon sal word om dit te doen, word verplig om die Kommissaris binne 14 dae nadat die ooreenkoms gesluit is, in kennis te stel dat die gespesifiseerde aktiwiteit gaan plaasvind.

Verkoop van onroerende eiendom

Die verkoop van vaste eiendom wat in die Republiek geleë is, deur 'n nie-inwoner, is onderworpe aan kapitaalwinsbelasting.

Nie-inwoners wat onroerende eiendom in Suid-Afrika vir 'n waarde wat R 2 miljoen oorskry verkoop, sal onderhewig wees aan 'n terughoudingsbelasting.

Tensy 'n belastingaanwysing verskaf word deur die buitelandse verkoper, moet die volgende bedrae deur die koper van die verkoop prys teruggehou word:

- | | |
|--|------|
| • Waar die verkoper 'n natuurlike persoon is | 7.5% |
| • Waar die verkoper 'n maatskappy is | 10% |
| • Waar die verkoper 'n trust is | 15% |

Die bedrag teruggehou deur die koper moet aan die SAID betaal word binne 14 dae nadat die bedrag teruggehou is indien die koper 'n inwoner is of binne 28 dae indien die koper 'n nie-inwoner is.

Laat betalings is onderhewig aan 'n 10% boete en rente.

Indien die verkoper nie 'n opgawe indien by die SAID binne 12 maande na die einde van die jaar van aanslag nie, word die betaling van daardie bedrag geag 'n selfaanslag te wees wat nie onderhewig is aan beswaar of appèl nie.

Indien 'n nie-inwoner 20% of meer van die ekwiteitsaandeel in 'n Suid-Afrikaanse eiendomsmaatskappy besit, en 80% of meer van die markwaarde van daardie aandele is toeskryfbaar aan Suid-Afrikaanse onroerende eiendom wat as 'n kapitaal bate gehou word, dan is die aandele wat deur die nie-inwoner gehou word, geag te wees vaste of onroerende eiendom in Suid-Afrika. Indien die nie-inwoner die aandele verkoop, moet die belasting teruggehou word uit die opbrengs van die verkoop van die aandele.

Diensfooie betaal aan nie-inwoners

Enige reëling vir die lewering van konsulerings, konstruksie, ingenieurs, installasie, logistieke, bestuurs, toesighoudende, tegniese of opleidingsdienste, deur 'n nie-inwoner, of sy werknemer, agent of verteenwoordiger, in die Republiek, en waar die uitgawes aangegaan of aangegaan moet word vir daardie dienste R 10 miljoen per reëling oorskry of na verwagting sal oorskry, is 'n rapporteerbare reëling.

Geen rapportering is nodig indien die diensfooi belas word as besoldiging in die nie-inwoner se hande.

TOELAES EN VERGOEDENDE TOELAES

'n Toelaag is 'n bedrag wat toegestaan word deur 'n werkgewer aan 'n werknemer, waar die werkgewer oortuig is dat die werknemer besigheidsonkoste sal aangaan, namens die werkgewer, maar waar die werknemer nie verplig word om rekenskap te doen van die onkoste aangegaan aan die werkgewer nie.

'n Vergoedende toelaag is 'n terugbetaling deur die werkgewer, aan die werknemer, vir besigheidsonkoste aangegaan deur die werknemer, waar die werknemer rekenskap moet doen vir die onkoste, en bewyse van die onkoste aangegaan moet verskaf.

Reis- en motortoelaes

Werknemersbelasting word bereken op 80% van die reistoelaag. Werknemersbelasting mag egter bereken word op 20% van die reistoelaag, indien die werkgewer tevrede is dat ten minste 80% van die gebruik van die voertuig, gedurende die jaar van aanslag, vir besigheidsdoeleinde aangewend sal word.

Vergoedende reistoelaag

Waar besigheidskilometers nie 12 000 km vir die jaar oorskry nie, kan die koers, na die keuse van die belastingpligtige, teen 361 (355) sent per kilometer vasgestel word. Geen ander vergoeding in die vorm van 'n verdere reis of vergoedende toelaag mag deur die werkgewer aan die werknemer betaal word nie. Geen werknemersbelasting hoef afgetrek te word nie, en die bedrag is ook nie onderhewig aan belasting op aanslag nie.

Met ingang vanaf 1 Maart 2018 sal die gedeelte waarvolgens die toelaag betaal of toegestaan deur die werkgewer wat 'n toelaag gebaseer op 'n koers van 361 sent per kilometer oorskry, deel vorm van vergoeding vir werknemersbelastingdoeleinde.

Indien 'n werknemer gedurende die jaar meer as 12 000 kilometer gereis het vir besigheidsdoeleinde, is die belasting op enige ekstra bedrag deur die werknemer betaalbaar op aanslag.

Waar 'n reistoelaag bykomend tot 'n vergoedende reistoelaag betaal word sal beide bedrae gekombineer word op aanslag en as 'n enkele reistoelaag behandel word.

Bestaanstoelae

Waar die werknemer vanweë sy/haar pligte verplig is om ten minste een nag weg van sy/haar gewone woonplek deur te bring vir besigheidsdoeleinde, kan die werkgewer 'n bestaanstoelaag betaal wat nie by die werknemer se belasbare inkomste ingesluit word nie:

- R 128 (R 122) per dag vir toevallige uitgawes alleenlik.
- R 416 (R 397) per dag vir toevallige uitgawes en etes.

Vir reise buite Suid-Afrika is die bedrae wat geag gespandeer te wees verskillend vir elke land. Meer inligting kan gevind word op die SAID se

webtuiste.

Die toelaag vir toevallige uitgawes word betaal om uitgawes te dek soos byvoorbeeld drankies, privaat telefoonoproepe, foonkassies en kamerdiens.

BYVOORDELE

'n Byvoordeel verwys na 'n betaling gemaak aan werknemers (ingesluit 'n vennoot in 'n vennootskap) in 'n vorm anders as in kontant. Die voordeel word geag belasbaar te wees indien die werkgewer, aan die werknemer, die voordeel toestaan as 'n beloning vir dienste gelewer, of dienste wat nog gelewer moet word.

Bates verkry teen minder as die werklike waarde

'n Belasbare voordeel ontstaan indien 'n werknemer 'n bate verkry, wat bestaan uit enige goedere, kommoditeite, finansiële instrumente of eiendom van enige aard (anders as kontant), vir geen vergoeding, of vir 'n vergoeding wat minder is as die waarde van die bate.

Die waarde van so 'n bate sal die markwaarde wees, op die tydstip waarop die bate deur die werknemer verkry is, verminder met enige vergoeding wat deur die werknemer vir die bate betaal is.

Die koste van die bate moet gebruik word om die waarde van die voordeel te bepaal waar:

- Dit roerende bates is (uitgesluit handelseffekte, of 'n bate wat deur die werkgewer gebruik was voordat hy eienaarskap verkry het) wat deur die werkgewer verkry is, ten einde dit aan die werknemer te verskaf; of
- Die bate as handelsvoorraad gehou was deur die werkgewer, tensy die markwaarde laer is as die kosprys, in welke geval die markwaarde gebruik moet word.

Geen waarde sal geplaas word op:

- Brandstof of smeermiddels wat deur 'n werkgewer aan 'n werknemer verskaf word vir gebruik in 'n voertuig deur die werkgewer verskaf;
- Enige bate toegeken as 'n langdurige diens of 'n dapperheids-toekenning tot en met R 5 000.

Langdurige diens beteken 'n ononderbroke diens tydperk van nie minder as 15 jaar nie, of enige daaropvolgende ononderbroke tydperk van nie minder as 10 jaar nie.

Geen waarde sal geplaas word op enige onroerende eiendom verkry deur 'n werknemer, vir minder as die markwaarde, met dien verstande dat die werknemer se besoldigingsvolmag nie R 250 000 oorskry, met betrekking tot die jaar van aanslag, waartydens die onroerende eiendom verkry word, en die markwaarde van die onroerende eiendom op die datum van verkryging deur die werknemer nie R 450 000 oorskry nie. Die werknemer mag ook nie 'n verbonde persoon met betrekking tot die werkgewer wees nie. Lenings teen voorkeur rentekoerse, uitsluitlik vir behuising, aan werknemers wat aan dieselfde vergoedingskriteria voldoen, vir lenings met 'n waarde van minder as R450 000, sal nie onderhewig wees aan byvoordele belasting nie.

Reg van gebruik van 'n bate

'n Belasbare voordeel ontstaan indien die werknemer die privaat of huishoudelike gebruik van 'n bate gratis verkry, of vir 'n vergoeding wat minder is as die kontantekwivalent van die privaat of huishoudelike gebruik.

Die waarde van die belasbare voordeel is die kontantekwivalent van

die privaat of huishoudelike gebruik van die bate, min enige vergoeding wat deur die werknemer betaal is vir die gebruik van die bate gedurende die periode, en enige bedrag deur die werknemer gespandeer aan onderhoud en herstel.

Die vasgestelde waarde is:

- Indien die bate deur die werkgewer gehuur word, die bedrag van die huur deur die werkgewer betaal ten opsigte van die periode wat die werknemer die gebruik van die bate het; of
- Waar die werkgewer die bate besit, 15% per jaar vermenigvuldig met die laagste van die koste of die markwaarde van die bate wanneer die werknemer vir die eerste keer die gebruik van die bate toegestaan is.
- Waar die werknemer die uitsluitlike gebruiksreg het van die bate vir die grootste gedeelte van die bate se lewensduur, is die waarde die koste van die bate vir die werkgewer.

Die volgende is uitgesluit:

- Privaat gebruik wat slegs bykomstig tot die besigheidsgebruik is;
- Die bate verskaf word deur die werkgewer, vir ontspanningsdoel-eindes, of vir die gerief van die werknemers in die algemeen, by die werkplek, uitgesluit klere wat deur die werkgewer verskaf word;
- Die bate bestaan uit enige toerusting of masjien en die privaat gebruik is slegs vir 'n kort tydperk en die Kommissaris is tevrede dat die waarde van die privaat gebruik onbeduidend is;
- Die bate bestaan uit 'n telefoon of rekenaartoeusting wat die werknemer meestal gebruik vir die doel van die werkgewer se besigheid;
- Boeke, literatuur, opnames of kunswerke.

Gebruik van maatskappymotors

'n Belasbare voordeel ontstaan waar 'n werknemer die reg verleen word om die werkgewer se motorvoertuig te gebruik. Privaat gebruik sluit die reis tussen die werknemer se woning en werkplek in, asook enige ander reise onderneem vir persoonlike of huishoudelike doel-eindes.

Byvoordeel

- Voertuig nie onderhewig aan 'n instandhoudingsplan nie: 3.5% van die vasgestelde waarde
- Voertuig onderhewig aan 'n instandhoudingsplan: 3.25% van die vasgestelde waarde

Vir voertuie wat onder 'n bedryfshuur gehou word, is die waarde die werklike koste vir die werkgewer plus die koste van brandstof.

Die werkgewer moet werknemersbelasting bereken op 80% van die belasbare waarde van die byvoordeel. Werknemersbelasting mag egter bereken word op 20% van die byvoordeel indien die werkgewer tevrede is dat ten minste 80% van die gebruik van die voertuig, gedurende die jaar van aanslag, vir besigheidsdoeleindes aangewend sal word.

Die waarde van die byvoordeel mag tydens aanslag verminder word indien die werknemer 'n ritstaat byhou van werklike afstande vir besigheid gereis, in dieselfde verhouding as wat die besigheidskilometers staan tot die totale getal kilometers gereis gedurende die jaar van aanslag. Indien die werknemer die volle koste van die lisensie, versekering of onderhoud dra, moet die waarde van die privaat gebruik verder verminder word met 'n bedrag, wat tot die bedrag van die koste, in dieselfde verhouding staan as die aantal kilometers gereis vir privaat gebruik tot die totale aantal kilometers gereis, gedurende die jaar van aanslag. Indien die werknemer die volle koste van brandstof vir privaat gebruik van die voertuig dra, moet die waarde van die privaat gebruik

verminder word, met die private kilometers gereis vermenigvuldig met die brandstofkoste volgens die reistoelaag tabel.

Geen vermindering in die belasbare waarde sal toegestaan word indien die voertuig gedurende 'n tydperk, vir watter rede ookal, nie gebruik was deur die werknemer vir privaat doeleindes nie.

Vasgestelde waarde

Die vasgestelde waarde is die kleinhandelmarkwaarde uitgesluit finansieringskoste, maar BTW ingesluit.

Waar die reg aan 'n werknemer verleen is om 'n motorvoertuig te gebruik, en die voertuig, meer as 12 maande voor die datum waarop die reg aan die werknemer verleen is, deur die werkgever verkry is, mag daar van die bedrag wat bepaal word, 'n waardeverminderingstoelae afgetrek word, bereken volgens die verminderde saldo-metode teen die koers van 15%, vir elke volle tydperk van 12 maande vanaf die datum waarop die werkgever vir die eerste maal die voertuig, verkry het, tot die datum waarop die reg van gebruik daarvan vir die eerste keer aan die werknemer verleen is.

Waar meer as een voertuig beskikbaar gestel word aan die werknemer, en beide voertuie word primêr vir besigheidsdoeleindes gebruik, is die waarde wat geplaas word op die privaat gebruik van al die motorvoertuie, bepaalbaar volgens die waarde van die motorvoertuig met die hoogste waarde vir privaat gebruik.

Definisie van 'n bedryfshuur:

Dit is die huur van roerende eiendom, wat deur 'n verhuurder, in die gewone loop van sy besigheid van die verhuring van voertuie gesluit word, uitgesluit 'n bank, finansiële dienste of versekeringsbesigheid indien:

- Dit vir lede van die publiek moontlik is om die voertuig vir 'n tydperk van minder as een maand direk van die verhuurder te huur;
- Die koste van die instandhouding en herstelwerk aan die voertuig, wat as gevolg van normale slytasie nodig is, deur die verhuurder gedra word;
- Die risiko van vernietiging of verlies, of ander benadeling van die voertuig, nie deur die huurder aanvaar word nie;
- Die verhuurder kan eis van die huurder vir sodanige verlies wat ontstaan as gevolg van die huurder se versuim om behoorlik na die voertuig om te sien.

Geen waarde sal geplaas word op die privaat gebruik van 'n maatskappy voertuig nie, indien:

- Die voertuig beskikbaar is vir, en gebruik word deur ander werknemers in die algemeen;
- Die privaat gebruik seldsaam en bloot bykomstig is tot die besigheidsgebruik; en
- Die voertuig word nie gewoonlik buite werksure, by of naby die werknemer se woning gehou nie; of
- Die aard van die werknemer se pligte vereis gereelde gebruik van die voertuig buite normale werksure, en die werknemer word nie toegelaat om die voertuig vir privaatdoeleindes te gebruik nie, behalwe om tussen sy/haar woon en werkplek te reis, of waar die privaat gebruik seldsaam en bloot bykomstig is tot die besigheidsgebruik.

Die gebruik van 'n maatskappyvoertuig is 'n geagte belasbare lewering vir BTW doeleindes. Die geagte waarde is soos volg:

- Motorvoertuig: 0.3% van die vasgestelde waarde (BTW uitgesluit) per

maand.

- Ander voertuie: 0.6% van die vasgestelde waarde (BTW uitgesluit) per maand.

Versekeringspolis

Premies betaal deur 'n werkgewer aan 'n versekeringspolis, tot die voordeel van 'n werknemer, is 'n belasbare byvoordeel in die hande van die werknemer. Die waarde van die belasbare byvoordeel, is die bedrag van die premies betaal deur die werkgewer gedurende 'n jaar van aanslag, direk of indirek, tot voordeel van 'n werknemer, of sy/haar gade, kind, afhanklike of benoemde.

Bogenoemde is nie van toepassing op enige premie betaal deur die werkgewer, aan 'n versekeringspolis, wat betrekking het op 'n gebeurtenis wat voortspruit tydens indiensneming van die werknemer nie.

Mediesefondsbydraes, uitgawes en krediete

Die volle bydrae deur die werkgewer aan die mediese skema word belas as 'n byvoordeel in die hande van die werknemer. Die bedrag word dan geag te wees 'n bydrae gemaak aan die mediese skema deur die werknemer.

Geen waarde word op die belasbare voordeel geplaas waar die bydraes gemaak word ten opsigte van:

- 'n Werknemer wat weens ouderdom, swak gesondheid of ander gebrek afgetree het; of
- Afhanklikes van daardie persoon na sy/haar afsterwe, indien die persoon 'n werknemer was ten tye van sy/haar afsterwe; of
- Afhanklikes van 'n voormalige werknemer na sy/haar afsterwe indien die persoon weens ouderdom, swak gesondheid of ander gebrek afgetree het.

Mediese onkoste bestaan uit twee kategorieë:

- Bydraes aan 'n mediese fonds skema; en
- Onkoste nie deur die mediese skema verhaal nie (kwalifiserende mediese onkoste).

Mediese skemafooi belastingkrediet

- R 310 (R 303) vir die belastingpligtige;
- R 620 (R 606) vir die belastingpligtige en een afhanklike; of
- R 620 (R 606) vir die belastingpligtige en een afhanklike, plus R 209 (R 204) vir elke bykomende afhanklike vir elke maand in die jaar van aanslag waarvoor die fooi betaal word.

Die mediese skemafooi belastingkrediet is van toepassing op fooi betaal deur die belastingpligtige aan 'n geregistreerde mediese skema, of 'n buitelandse skema wat geregistreer is onder eenderse voor- waardes omvat in die wet van 'n ander land.

Die kortings kan slegs geëis word vir daardie maande waar bydraes aan 'n mediese skema betaal was.

Addisionele mediese onkoste belastingkrediet

Vir belastingbetalers 65 jaar of ouer, en vir persone met 'n gestremdheid (in die onmiddellike familie), is die addisionele mediese onkoste belastingkrediet die volgende:

- 33.3% van die fooi betaal aan 'n mediese skema wat 3 keer die bedrag van die mediese skema belastingkrediet waarop daardie persoon geregtig is oorskry; en
- 33.3% van kwalifiserende mediese onkoste betaal deur die persoon.

Vir alle ander natuurlike persone, sal die addisionele mediese onkoste belastingkrediet 25% wees van die totale waarde van:

- Die bedrag van die fooie betaal aan 'n mediese skema, wat 4 maal die bedrag oorskry van die mediese skema belastingkrediet, waarop die persoon geregtig is; en
- Die bedrag van kwalifiserende mediese onkoste betaal deur die persoon;

wat 7,5% van die persoon se belasbare inkomste oorskry (ingesluit die belasbare gedeelte van 'n kapitale wins maar uitgesluit uittreefonds enkelbedragvoordele, onttrekkings en skeidingspakketvoordele).

Aleenlik waar 'n belastingpligtige of afhanklike 'n "gestremdheid" soos gedefinieer het sal hy/sy vir die addisionele mediese onkoste belastingkrediet teen 33.3% kwalifiseer. Waar 'n belastingpligtige of afhanklike 'n "fisiese gebrek" het, sal die onkoste aangegaan beskou word as kwalifiserende mediese onkoste.

Vir LBS doeleindes moet die werkgewer die volgende mediese krediete in berekening bring:

- Die mediese skema belasting krediet; en
- Waar die werknemer 65 jaar of ouer is, die addisionele mediese onkoste belastingkrediet van 33.3% van die fooie betaal aan 'n mediese skema wat 3 keer die bedrag van die mediese skema belastingkrediet waartoe daardie persoon geregtig is oorskry.

Definisie van 'n "afhanklike"

'n "Afhanklike" beteken 'n persoon se gade of kind, en die kind van sy of haar gade, enige ander onmiddellike familielid ten opsigte van wie die persoon vir familiesorg en ondersteuning verantwoordelik is (bv. ouers), of enige ander persoon wat, ingevolge die reëls van die mediese skema, as afhanklike van die lid erken word, ten tye toe die bydraes tot die mediese fonds of die kwalifiserende mediese onkoste betaal is.

Definisie van 'n "kind"

'n "Kind" beteken die kind van 'n persoon of kind van sy of haar gade (ingesluit 'n kind wat aangeneem is), wat gedurende enige gedeelte van die jaar van aanslag nog gelewe het, en wat op die laaste dag van die jaar van aanslag:

- Ongetroud was en:
 - Nie ouer was as 18 nie;
 - Nie ouer was as 21 nie, en geheel en al of gedeeltelik van die belastingpligtige vir onderhoud afhanklik was en ook nie vir die betaling van normale belasting aanspreeklik was nie; of
 - Nie ouer as 26 was nie, en geheel en al of gedeeltelik van die belastingpligtige vir onderhoud afhanklik was, en ook nie vir die betaling van normale belasting aanspreeklik was nie, en 'n voltydse student was aan 'n opvoedkundige inrigting van 'n openbare aard; of
- In die geval van enige ander kind, weens 'n fisiese of verstandelike gestremdheid nie in staat was om homself of haarself te onderhou nie en geheel en al of gedeeltelik van die belastingpligtige vir onderhoud afhanklik was, en ook nie vir die betaling van normale belasting aanspreeklik was nie.

Definisie van 'n "gestremdheid"

'n "Gestremdheid" beteken 'n matige tot ernstige beperking van 'n persoon se vermoë om te funksioneer en daaglikse aktiwiteite uit te voer, as gevolg van 'n fisiese, sensoriese, kommunikasie, intellektuele of geestelike beperking indien:

- Die beperking, of die prognose daarvan, aandui dat dit vir langer as 'n jaar gaan duur; en
- Dit gediagnoseer is deur 'n geregistreerde mediese praktisyn in ooreenstemming met sekere kriteria soos voorgeskryf deur die

Kommissaris. Die mediese praktisyn moet 'n spesialis wees in die gestremdheid wat hy of sy diagnoseer.

Betekenis van 'n "fisiese gebrek"

Die betekenis van 'n "fisiese gebrek" is nie gedefinieer in die Wet nie, maar word beskou as 'n gebrek wat minder beperkend is as 'n "gestremdheid" soos gedefinieer. Dit beteken dat die beperking op die persoon se vermoë om te funksioneer of om daaglikse aktiwiteite uit te voer, na maksimum regstelling, minder is as 'n "matige tot ernstige beperking". Maksimum regstelling beteken toepaslike terapie, medikasie en gebruik van toestelle. Dit kan byvoorbeeld insluit slegte sig, gehoorprobleme, verlamming van 'n gedeelte van die liggaam, brein disfunksies soos disleksie, hiperaktiwiteit of 'n gebrek aan konsentrasie. Diabetes en asma is mediese toestande en nie 'n fisiese gestremdheid nie.

Betekenis van "kwalifiserende mediese onkoste"

Enige bedrae (behalwe bedrae verhaalbaar deur die belastingpligte of sy/haar gade) wat betaal is gedurende die jaar van aanslag aan enige geregistreerde:

- Mediese praktisyn, tandheerkundige, oogkundige, homeopaat, naturopaat, osteopaat, kruiekundige, fisioterapeut, chiropraktisyn of ortopeed vir professionele dienste gelewer, of medisyne verskaf aan die persoon of aan enige afhanklike van die persoon;
- Verpleeginrigting of hospitaal, of 'n geregistreerde verpleegster, ingeskrewe verpleegster, vroedvrou of verpleegassistent (of aan enige verpleegagentskap) ten opsigte van 'n siekte of 'n bevalling van die persoon of enige afhanklike van die persoon;
- Apteker vir medisyne wat op voorskrif verkry is;
- Onkoste buite die Republiek aangegaan, wat wesenlik soortgelyk is aan die kwalifiserende mediese dienste en medisyne verskaf in Suid-Afrika; en
- Onkoste deur die Kommissaris voorgeskryf (anders as onkoste verhaalbaar deur die belastingpligtige of sy/haar gade) en noodsaaklikerwys aangegaan en betaal, deur die persoon gedurende die jaar van aanslag, as gevolg van enige gestremdheid of fisiese gebrek, waaraan die persoon of enige afhanklike van die persoon ly.

Koste aangegaan in terme van mediese dienste

Die kontantekwivalent van die waarde van die belasbare voordeel is die bedrag van enige bydrae of betaling deur die werkgewer gedurende enige maand, direk of indirek, ten opsigte van enige mediese dienste, tandheerkunde en soortgelyke dienste, hospitaaldienste, verpleeg dienste, of medisyne ten opsigte van daardie werknemer, sy/haar gade, kind, ander familielid of afhanklike.

Geen waarde moet geplaas word op enige belasbare voordeel ten opsigte van die volgende nie:

- 'n Mediese skema wat goedgekeur is deur die Registrateur van Mediese Skemas en deur 'n werkgewer bestuur word vir sy werknemers;
- 'n Persoon wat weens ouderdom, swak gesondheid of ander gebrek afgetree het uit die diens van die werkgewer, of tot voordeel van sy afhanklikes;
- Die afhanklikes van daardie persoon na sy/haar afsterwe, indien die persoon 'n werknemer was ten tye van sy/haar afsterwe;
- Die afhanklikes van daardie persoon na sy/haar afsterwe, indien die persoon weens ouderdom, swak gesondheid of ander gebrek afgetree het;
- 'n Persoon wat gedurende die jaar van aanslag 65 jaar of ouer is; of
- Waar die dienste gelewer word in die algemeen, deur die werkgewer, aan die werknemers by die werkplek vir beter uitvoering van hulle

pligte.

- Enige mediese voordeel waar die dienste gelewer word, of die medisyne wat verskaf word om aan enige wet in die Republiek te voldoen.

Huisvesting

Waar gratis of goedkoop huisvesting deur die werkgewer verskaf word, is die belasbare waarde die werklike koste vir die werkgewer of die bedrag bepaal deur middel van 'n formule. In beide gevalle sal die huur wat betaal word deur die werknemer van die berekende bedrag aftrekbaar wees.

Die formule:

$(A - B) \times C / 100 \times D / 12$ waar:

- A = die besoldigingsvolmag vir die jaar van aanslag.*
- B = R 78 150 (R 75 750) (onderhewig aan sekere uitsluitings).
- C = 17 of
- Indien die huisvesting 'n huis, woonstel of blyplek is wat uit ten minste 4 vertrekke bestaan, dan:
 - 18 indien ongemeubileerd en krag of brandstof word deur die werkgewer verskaf, of gemeubileerd en geen krag of brandstof word verskaf deur die werkgewer nie.
 - 19 indien gemeubileerd en krag of brandstof word deur die werkgewer verskaf.
- D = die aantal voltooide maande wat die werknemer gedurende die jaar van aanslag op die huisvesting geregtig was.

*Dit is vergoeding soos gedefinieer deur die werknemer verdien in die vorige jaar van aanslag, uitgesluit die residensiële akkommodasie voordeel.

B in die formule is Nul in die volgende twee situasies:

- Die werkgewer is 'n privaat maatskappy en die werknemer, of sy gade beheer die maatskappy;
- Die werknemer of sy gade of minderjarige kind het 'n opsie om die eienaar van die huisvesting te kan word op grond van 'n beherende belang.

Waar die werkgewer, of verwante inrigting, verblyf voorsien aan werknemers, wat verkry is ingevolge 'n transaksie wat op uiterste voorwaardes beding is, met 'n persoon wat nie 'n verbonde persoon is nie, en die volle eienaarskap nie in die werkgewer of verwante inrigting vestig nie, is die waarde wat op daardie verblyf geplaas word die laagste van:

- Die bedrag bepaal ooreenkomstig die formule; of
- Die bedrag van die uitgawes aangegaan vir die verblyf deur die werkgewer of verwante inrigting.

Geen huurwaarde word op die volgende geplaas nie:

- Voorsiening van akkommodasie, aan 'n werknemer, weg van sy/haar gewone plek van verblyf, binne die Republiek, vir die doeleindes van die uitvoering van sy/haar pligte.
- Indien die werknemer se gewone plek van verblyf buite Suid-Afrika is, sal die werknemer nie belas word op die huisvesting verskaf in Suid-Afrika nie, vir 'n tydperk van 2 jaar vanaf die datum van aankoms in Suid-Afrika. Die vrystelling is nie van toepassing indien:
 - Die werknemer onmiddellik voor sy/haar datum van aankoms teenwoordig was in die Republiek vir 'n tydperk wat 90 dae gedurende die jaar van aanslag oorskry; of
 - Tot die mate wat die kontantekwivalent van die belasbare voordeel, 'n bedrag gelyk aan R 25 000 vermenigvuldig met die aantal maande wat die huisvesting verskaf is oorskry.
- Indien die werknemer se gewone plek van verblyf buite Suid-Afrika is,

sal geen byvoordeel geplaas word op huisvesting verskaf deur die werkgever aan die werknemer in Suid-Afrika nie, indien die werknemer vir minder as 90 dae in 'n jaar fisies teenwoordig is in Suid-Afrika.

Vakansiehuusvesting

Die werknemer word belas op die heersende tarief per dag indien die werkgever die eienaar van die eiendom is, of gehuur word vanaf 'n werkgever se verwante inrigting, of die werklike huurwaarde betaal deur die werkgever waar die akkommodasie gehuur word, en enige bedrag betaal vir etes, verversings, of enige ander dienste voorsien deur die werkgever gedurende die tyd wat die werknemer die vakansiehuusvesting beset het.

Gratis of goedkoop dienste

Waar dienste verskaf word aan 'n werknemer, deur die werkgever, of enige ander persoon namens die werkgever, teen 'n vergoeding minder as die werklike koste, of teen geen vergoeding, is die kontantekwivalent vir die dienste verskaf, die verskil tussen die werklike koste vir die werkgever, en die bedrag betaal deur die werknemer vir daardie dienste. Waar dit die werkgever se besigheid is om passasiers oor see of per lug te vervoer, en waar 'n reisfasiliteit verleen word aan 'n werknemer, ten einde hom/haar in staat te stel om te reis na 'n bestemming buite Suid-Afrika, dan is die kontant ekwivalent die laagste reisgeld min enige vergoeding betaal deur die werknemer of sy afhanklike.

Die volgende dienste is uitgesluit:

- Reisfasiliteite verskaf, deur 'n werkgever, wat in die besigheid van die vervoer van passasiers is, aan sy werknemer, sy/haar gade of minderjarige kind, na enige bestemming binne of buite Suid-Afrika, maar slegs op 'n bystandbasis;
- Vervoerdienste om werknemers te vervoer tussen hulle woonplek en werkplek;
- Enige kommunikasiediens verskaf aan 'n werknemer indien die diens hoofsaaklik vir die doeleindes van die werkgever se besigheid aangewend word bv. toegang tot internet of e-pos;
- Dienste gelewer deur 'n werkgever aan werknemers by hul werkplek vir die beter uitvoering van hulle pligte;
- Reisfasiliteite voorsien aan 'n gade of minderjarige kind van 'n werknemer, indien die werknemer meer as 250 km weg is van sy/haar gewone woonplek in die Republiek vir besigheidsdoeleindes, vir meer as 183 dae gedurende die jaar van aanslag.

Lae-rente of rentevrye skuld

Die kontantekwivalent is die verskil tussen die amptelike rentekoers, min die bedrag aan rente (indien enige) werklik aangegaan deur die werknemer. Geen waarde word op die volgende voordele geplaas nie:

- 'n Toevallige lening aan 'n werknemer van nie meer as R 3 000 nie; of
- 'n Lening aan die werknemer om die werknemer in staat te stel om sy/haar studies voort te sit.

Ontheffing of kwytskelding van 'n verpligting

'n Belasbare voordeel ontstaan indien die werkgever, regstreeks of onregstreeks, 'n bedrag wat deur die werknemer aan 'n derde persoon verskuldig is betaal, sonder om te vereis dat die werknemer dit moet terugbetaal, of vereis dat die werknemer die werkgever vergoed. Dit sluit ook gevalle in waar die werkgever die werknemer van 'n bedrag onthef wat die werknemer aan die werkgever verskuldig was. Die werkgever word geag 'n werknemer vry te stel van 'n verpligting om 'n skuld te betaal

indien die skuld deur verjaring uitgewis is, tensy die verjaring van die skuld nie te wyte was aan 'n bedoeling van die werkgewer om 'n voordeel aan die werknemer te verleen nie. Die belasbare kontantekwivalent is die bedrag wat die werkgewer betaal/ vereffen het namens die werknemer, of die bedrag van skuld waarvan die werknemer onthef is.

Die volgende voordele het geen belasbare waarde nie:

- Betaling van 'n werknemer se subskripsies aan 'n professionele liggaam deur 'n werkgewer, mits die lidmaatskap 'n voorwaarde van die werknemer se diens is;
- Betaling van versekeringspremies deur die werkgewer wat die werknemer vrywaar teen eise weens nalatige dade of versuim deur die werknemer terwyl hy/sy dienste lewer aan die werkgewer.

Uniformtoelaag

'n Werkgewer mag aan 'n werknemer 'n uniform verskaf, of 'n uniformtoelaag betaal om 'n uniform aan te skaf. Geen waarde word geplaas op die byvoordeel indien daar van die werknemer tydens diensure verwag word om die uniform te dra nie, en die uniform is duidelik van gewone kleredrag onderskeibaar.

Gratis of gesubsidieerde maaltye en verversings

'n Belasbare voordeel ontstaan waar 'n werknemer voorsien word van 'n maaltyd, verversing of 'n bewysstuk wat hom/haar geregtig maak op 'n maaltyd of verversing, teen 'n vergoeding vir minder as die werklike waarde van die voordeel.

Geen waarde word geplaas op die volgende voordele nie:

- Voorsien word in 'n kantien, kafeteria of eetkamer, wat deur, of ten behoeve van die werkgewer bedryf word, en wat hoofsaaklik deur werknemers ondersteun word;
- Gedurende besigheidsure, verlengde werksure of tydens 'n spesiale geleentheid verskaf word;
- Geniet word deur die werknemer tydens die verskaffing van 'n maaltyd aan iemand wat hy/sy verplig is om namens die werkgewer te onthaal.

Bydraes tot aftreefondse deur werkgewer

Waar die werkgewer 'n bydrae maak tot die voordeel van 'n werknemer aan 'n pensioenfonds, voorsorgfonds of uittredingsannuïteitsfonds, sal sodanige bydraes beskou word as 'n belasbare byvoordeel in die hande van die werknemer.

Die byvoordeel sal soos volg belas word:

- Omskrewe bydraefonds: Kontantwaarde van die bydrae.
- Omskrewe voordeelfonds: Bereken deur 'n spesifieke formule.

Werkgewerbydraes wat ingesluit word as 'n byvoordeel in die hande van die werknemer word geag 'n bydra te wees gemaak deur die werknemer.

Ekwiteitsgebaseerde aansporingskemas

Enige werknemer of direkteur wat 'n wins maak uit ekwiteitsinstrumente (insluitende aandele, aandeleopsies, omskepbare skuld briewe of 'n kontraktuele reg), verkry in terme van 'n ekwiteitsgebaseerde aansporingskema, is onderhewig aan belasting op die wins. Die bedrag wat aan belasting onderhewig is, is die verskil tussen die bedrag wat deur die werknemer betaal is om die opsie en/of die aandeel te verkry, en die markwaarde van die aandeel op die vestigingsdatum. Onbeperkte instrumente vestig wanneer hulle verkry word, terwyl beperkte instrumente eers vestig wanneer die beperkings staak. As die instrument verkoop word aan 'n werkgewer of verwante inrigting vir minder as die markwaarde, is die wins is die bedrag ontvang of toegeval

minus die vergoeding deur die werknemer betaal. Die werkgever moet aansoek doen vir 'n belastingaanwysing ten opsigte van die wins gemaak by die vestiging van 'n ekwiteitsinstrument.

AFTREKKINGS VIR INDIVIDUE

Bydraes tot 'n aftreefonds

Aftrekbare bydraes sal beperk word tot die minste van:

- R 350 000; of
- 27.5% van die hoogste van die persoon se:
 - Besoldiging uitgesluit aftree-enkelbedragvoordele of skeidings pakkette; of
 - Belasbare inkomste ingesluit 'n belasbare kapitaal wins maar voor die toelating van hierdie aftrekking en die artikel 18A aftrekking vir donasies. Dit sluit ook aftree-enkelbedragvoordele of skeidings pakkette uit.
- Die belasbare inkomste voor:
 - Hierdie aftrekking; en
 - Die insluiting van enige belasbare kapitaalwins,

Indien die werkgever bygedra het tot die aftreefonds, word die werknemer geag 'n bedrag gelyk aan die waarde van die byvoordeel by te gedra het.

Bydraes wat die jaarlikse limiet oorskry mag oorgedra word na toekomstige jare, waar die bedrag aftrekbaar sal wees, tesame met die bydraes gemaak in daardie jaar, onderhewig aan die limiete van toepassing in daardie jaar. Indien enige bydraes nie ten tye van aftrede toegestaan is as 'n aftrekking nie, sal die nominale waarde beskikbaar wees om teen enige enkelbedrag inkomste verreken te word voor die belasting bereken word, of sal beskikbaar wees by aanslag om die belasting betaalbaar te verminder ten opsigte van verpligte annuïteite.

Werkgewers kan hierdie aftrekking in aanmerking neem vir LBS-doeleindes, beperk tot die minste van R 350 000 of 27.5% van die besoldiging of belasbare inkomste. Die beperkte bedrag van R 350 000 moet op 'n kumulatiewe basis oor 12 maande versprei word vir 'n gedeelte van die jaar van aanslag wat die werknemer vergoeding van die werkgever ontvang het. Vir maandelikse besoldigde werknemers kan die aftrekking nie R 29 167 per maand oorskry nie.

Skenkings

Skenkings aan sekere openbare weldaadsorganisasies is aftrekbaar, beperk tot 10% van die belasbare inkomste. Die belasbare inkomste sluit enige enkelbedrae uit aftreefondse en skeidingspakketvoordele uit, maar sluit die belasbare gedeelte van 'n kapitaalwins in. Die belastingbetaler moet in besit wees van 'n kwalifiserende artikel 18A kwitansie. Skenkings van meer as die 10% kan oorgedra word en in die volgende jaar afgetrek word. Indien die belastingbetaler geen belasbare inkomste het nie, of 'n aangeslane verlies het, kan geen aftrekking geëis word vir daardie jaar nie.

Reiskostes

Ten einde 'n belastingaftrekking te kan eis moet 'n ritstaat deur die individu bygehou word om die besigheidskilometers te kan bewys. 'n Ritstaat moet ten minste die datum van die rit, die bestemming, rede vir die reis, en die besigheidskilometers gereis bevat. Akkurate rekords van die opening en sluiting lesings van die odometer moet bygehou word.

Die volgende tabel moet gebruik word om die aftrekbare gedeelte van

die toelaag te bepaal, (alternatiewelik kan werklike onkoste geëis word):

Geagte onkoste – Belasting jaar eindigend 28 Februarie 2019

Waarde van voertuig (Ing BTW) (R)	Vaste koste (s)	Brandstof (s)	Onderhoud (s)
0 - 85 000	28 352	95.7	34.4
85 001 - 170 000	50 631	106.8	43.1
170 001 - 255 000	72 983	116.0	47.5
255 001 - 340 000	92 683	124.8	51.9
340 001 - 425 000	112 443	133.5	60.9
425 001 - 510 000	133 147	153.2	71.6
510 001 - 595 000	153 850	158.4	88.9
595 001 en meer	153 850	158.4	88.9

Geagte onkoste – Belasting jaar eindigend 28 Februarie 2018

Waarde van voertuig (Ing BTW) (R)	Vaste koste (s)	Brandstof (s)	Onderhoud (s)
0 - 85 000	28 492	91.2	32.9
85 001 - 170 000	50 924	101.8	41.2
170 001 - 255 000	73 427	110.6	45.4
255 001 - 340 000	93 267	118.9	49.6
340 001 - 425 000	113 179	127.2	58.2
425 001 - 510 000	134 035	146.0	68.4
510 001 - 595 000	154 879	150.9	84.9
595 001 en meer	154 879	150.9	84.9

Die vaste koste volgens die tabel moet gedeel word deur die totale kilometers afgelê gedurende die jaar van aanslag vir beide privaat en besigheidsdoeleindes. Die vaste koste moet proporsioneel verminder word indien die voertuig gebruik was vir besigheids doeleindes vir minder as 'n volle jaar.

Die waarde van die voertuig is die koste van die voertuig, insluitende BTW, maar uitgesluit finansieringskoste of rente.

Geen brandstof of onderhoudskoste mag geëis word indien die werknemer nie die volle koste van die brandstof of onderhoud gedra het nie, bv. die voertuig is onderhewing aan 'n diensplan.

Waar die werknemer ondersteunende dokumentasie bygehou het, kan die werklike onkoste geëis word tydens aanslag, beperk tot die waarde van die toelaag. Waar die aftrekking gebaseer word op werklike uitgawes, word die waarde van die voertuig beperk tot R 595 000. Die slytasie is beperk tot hierdie waarde en moet oor 'n tydperk van 7 jaar bepaal word. Finansieringskoste moet ook beperk word asof die voertuig 'n koste van R 595 000 gehad het.

Belastingbetalers wat in eie diens is moet motorvoertuigonkoste eis gebaseer op die werklike onkoste met betrekking tot daardie voertuig oor die werklike afstand afgelê. Gevolglik moet 'n ritstaat bygehou word ten einde besigheidskilometers te kan bewys.

Studeerkamer onkoste

'n Aftrekking vir studeerkamer onkoste sal toegelaat word indien:

- Die studeerkamer spesifiek toegerus is vir die doeleindes van die belastingpligtige se bedryf, en gereeld en uitsluitlik vir sodanige doeleindes gebruik word;
- In die geval van 'n werknemer wie se besoldiging normaalweg hoofsaaklik bestaan uit kommissie wat op werkprestasie gebaseer word, en sy/haar pligte hoofsaaklik verrig word andersins as in 'n

- kantoor wat aan hom/haar voorsien word deur die werkgever; of
- In die geval van ander werknemers, hulle pligte hoofsaaklik in die studeerkamer verrig word.

AFTREEVOORDELE

Annuïteite

Alle annuïteite, insluitende kapitaal annuïteite is ten volle belasbaar in die hande van die inwoner.

By aftrede is 'n lid van 'n pensioenfonds en uittredingannuïteitsfonds geregtig om een derde van die aftreefonds te neem as 'n enkelbedrag en twee derdes van die aftreefonds sal maandeliks betaal word as 'n annuïteit tot en met afsterwe. Indien die totale waarde van die fonds by aftrede nie R 247 500 oorskry nie kan die volle bedrag geneem word as 'n enkelbedrag. Dit geld nie vir lede van 'n voorsorgfonds nie. Voordele uit 'n voorsorgfonds bestaan gewoonlik slegs uit 'n enkelbedrag. Daar word verwag dat die bepalings met betrekking tot die annuïtisasievereistes vir voorsorgfondse vanaf 1 Maart 2019 van krag sal word.

Aftreefonds enkelbedragvoordele of skeidingspakketvoordele

Aftreefonds enkelbedragvoordele bestaan uit enkelbedrae ontvang vanaf 'n pensioenfonds, pensioenbewaringsfonds, voorsorgfonds, voorsorgbewarings fonds of uittredingsannuïteitsfonds by uittrede, dood of die beëindiging van diens as gevolg van die vermindering van personeel, of die beëindiging van die werkgever se bedryf.

Belasting op die uittreefonds enkelbedragvoordeel of skeidingspakket voordeel word bereken as volg:

- Belasting bereken deur die koers van die tabel toe te pas op die totaal van die huidige uittreefonds enkelbedragvoordeel of skeidingspakketvoordeel plus alle uittreefonds enkelbedragvoordele ontvangbaar vanaf 1 Oktober 2007, en uittreefonds enkelbedrag onttrekkingsvoordele ontvangbaar vanaf 1 Maart 2009, en alle skeidingspakketvoordele ontvangbaar vanaf 1 Maart 2011; min
- Belasting bereken deur die koers van die tabel toe te pas op die totaal van alle uittreefonds enkelbedragvoordele ontvangbaar vanaf 1 Oktober 2007, en alle uittreefonds enkelbedrag onttrekkings voordele ontvangbaar vanaf 1 Maart 2009, en alle skeidingspakket voordele ontvangbaar vanaf 1 Maart 2011.

Uittreefonds enkelbedragvoordeel of skeidingspakket belasting tabel Jaar van aanslag eindigend 28 Februarie 2018/2019

Belasbare inkomste (R)		Belastingkoers		
0 -	500 000	0%		
500 001 -	700 000	0 + 18%	bokant	500 000
700 001 -	1 050 000	36 000 + 27%	bokant	700 000
1 050 001	en meer	130 500 + 36%	bokant	1 050 000

Aftree enkelbedragvoordele by bedanking of onttrekking

Aftreefonds enkelbedrag onttrekkingsvoordele bestaan uit enkelbedrae ontvang vanaf 'n pensioen, pensioenbewaringsfonds, voorsorg, voorsorg bewaringsfonds of uittredingsannuïteitsfonds by onttrekking (ingesluit bedrae toegestaan aan 'n voormalige gade in terme van 'n egskedingsbevel).

Belasting op die uittreefonds enkelbedragonttrekkingsvoordeel

- Belasting bereken deur die koers van die tabel toe te pas op die totaal van die huidige uittreefonds enkelbedragonttrekkingsvoordeel plus alle uittreefonds enkelbedragvoordele ontvangbaar vanaf 1 Oktober 2007, en uittreefonds enkelbedragonttrekkingsvoordele ontvangbaar vanaf 1 Maart 2009, en alle skeidingspakketvoordele

- ontvangbaar vanaf 1 Maart 2011; min
- Belasting bereken deur die koers van die tabel toe te pas op die totaal van alle uitteefonds enkelbedragvoordele ontvangbaar vanaf 1 Oktober 2007, en uitteefonds enkelbedragonttrekkings voordele ontvangbaar vanaf 1 Maart 2009, en alle skeidingspakket voordele ontvangbaar vanaf 1 Maart 2011.

Uittreefonds enkelbedragonttrekkingsvoordeel belastingtabel **Jaar van aanslag eindigend 28 Februarie 2018/2019**

Belasbare inkomste (R)		Belastingkoers		
0 -	25 000	0%		
25 001 -	660 000	0 + 18%	bokant	25 000
660 001 -	990 000	114 300 + 27%	bokant	660 000
990 001	en meer	203 400 + 36%	bokant	990 000

Skeidingspakket voordele

Die definisie van 'n skeidingspakketvoordeel sluit die volgende in:

- Dit moet 'n enkelbedrag ontvang wees vanaf 'n werkgewer;
- Dit moet wees as gevolg van die afstanddoening, beëindiging, verlies, verwerping, kansellasië of verandering van 'n persoon se amp of diensbetrekking;
- Een van die volgende moet van toepassing wees:
 - Die persoon moet 55 jaar of ouer wees; of
 - Die persoon is permanent nie in staat om sy amp te behou nie as gevolg van siekte, ongeluk, besering of 'n fisiese of geestelike beperking; of
 - Die beëindiging of verlies van amp is die gevolg van die werkgewer wat opgehou het om die bedryf te beoefen, of as gevolg van 'n algemene vermindering in personeel.

Die skeidingspakket vrystelling is nie van toepassing indien die persoon ter enige tyd meer as 5% van die aandele of ledebelang besit het in die werkgewernie.

Daar word van 'n werkgewer vereis om aansoek te doen vir 'n belastingaanwysing. Die vrystelling en die toepaslike koerse sal bepaal word deur die SAID.

Lede van aftreefondse word toegelaat om hulle aftrede uit te stel deur hul voordele binne hul fondse te hou verby die normale aftree-ouderdom. Afgetredenes kan nou "kies om af te tree" op enige ouderdom van hul keuse, onderworpe aan die reëls en regulasies van elke individuele fonds. Vanaf 1 Maart 2018 sal werknemers toegelaat word om hul voordele oor te dra na 'n uittredings-annuïteitsfonds op of na die normale aftree-ouderdom, maar voor aftreedatum sonder enige belastinggevolg.

Onttrekking van uittredingsannuïteitsfondse

'n Onttrekking sal slegs uit 'n uittredingsannuïteitsfonds toegelaat word waar die lid:

- 'n Persoon is wat of 'n inwoner is wat emigreer, en die emigrasie erken word deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank vir valutabeheer doeleindes; of
 - Uit die Republiek vertrek het by die verstryking van 'n visum verkry vir die doeleindes van:
 - Werk soos beoog in terme van die Immigrasiewe Wet, 2002; of
 - 'n Besoek soos beoog in terme van die Immigrasiewe Wet, 2002 en 'n visum uitgereik was deur die Direkteur-Generaal
- en nie deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank vir die doeleindes van valutabeheer as 'n inwoner beskou word nie.

Aansluiting by 'n nuutgestigte fonds

Met ingang van 1 Maart 2018 sal werknemers toegelaat word om op enige tydstip by 'n nuutgestigte pensioen- of voorsorgfonds aan te sluit, onderworpe aan die reëls van die fonds.

KLEINSAKEKORPORASIES

'n Kleinsakekorporasie is enige beslote korporasie, koöperasie of privaat maatskappy (soos omskryf in afdeling 1 van die Maatskappy wet), of 'n maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid (soos om-skryf in artikel 8(2)(c) van die Maatskappywet). Die tipe maatskappy word belas teen 'n progressiewe belastingkoersstruktuur soos per die onderstaande tabel:

Jaar van aanslag tussen 1 April 2018 en 31 Maart 2019

Belasbare inkomste (R)			Belastingkoers (R)			
0	-	78 150	0%			
78 151	-	365 000	7% bokant 78 150			
365 001	-	550 000	20 080	+	21%	bokant 365 000
550 001	-	en meer	58 930	+	28%	bokant 550 000

Jaar van aanslag tussen 1 April 2017 en 31 Maart 2018

Belasbare inkomste (R)			Belastingkoers (R)			
0	-	75 750	0%			
75 751	-	365 000	7% bokant 75 750			
365 001	-	550 000	20 248	+	21%	bokant 365 000
550 001	-	en meer	59 098	+	28%	bokant 550 000

Die laer koersstruktuur sal van toepassing wees op maatskappye waar:

- Die totale aandeelhouding, vir die hele jaar van aanslag deur natuurlike persone gehou word;
- Die bruto inkomste vir die jaar van aanslag nie R 20 miljoen oorskry nie;
- Geeneen van die aandeelhouders, op enige stadium gedurende die jaar van aanslag, enige aandele of belang in enige ander maatskappy gehou het nie, behalwe 'n genoteerde maatskappy, kollektiewe beleggingskema, bestuursliggaam, aandeelblok maatskappy, onderlinge hulpvereniging, minder as 5% in 'n koöperasie of waagkapitaalmaatskappy, enige maatskappy, beslote korporasie of koöperasie wat nie handel gedryf het gedurende enige jaar van aanslag nie, en wat nog nooit bates met 'n waarde van meer as R 5 000 besit het nie, of 'n maatskappy of beslote korporasie wat in die proses is om te likwideer of deregistreer;
- Nie meer as 20% van die maatskappy se totale bruto inkomste en alle kapitale winste gesamentlik, bestaan uit beleggingsinkomste, en inkomste uit die lewering van persoonlike dienste nie;
- Die entiteit nie aan die definisie van 'n persoonlike diensverskaffer maatskappy voldoen nie.

Beleggingsinkomste beteken enige inkomste in die vorm van annuïteite, huurinkomste, tantiëme of inkomste van 'n soortgelyke aard, sowel as dividende, buitelandse dividende, en enige opbrengs uit beleggings of die handeldryf in finansiële instrumente (insluitende opsies, valuta termynkontrakte en ander afgeleide instrumente), handelseffekte of onroerende eiendom.

“Persoonlike diens” word gedefinieer as enige diens in die veld van afslaery, aktuariële wetenskap, argitektuur, bestuurswese, eiendoms-makelary, finansiëledienstemakelary, gesondheid, ingenieurswese,

inligtingstegnologie, joernalistiek, konsultasie, navorsing, onderrig, opmeting, ouditering, regte, rekeningkunde, tekenkuns, sport, uitsaaiwese, veeartsenykunde, vertaling of waardering, wat persoonlik deur 'n persoon wat enige belang in die maatskappy, beslote korporasie, of koöperasie hou uitgevoer word, of deur 'n persoon wat verbonde is aan 'n persoon wat 'n belang het, behalwe waar sodanige kleinsake korporasie 3 of meer werknemers, wat nie verbonde is aan die klein sakekorporasie, in diens het wat op 'n voltydse basis betrokke is in die besigheid van die maatskappy.

Die volle koste van enige bate wat direk gebruik word in die proses van vervaardiging, mag as 'n aftrekking geëis word in die jaar waarin die bate in gebruik geneem word. Alle ander bates kan afgeskryf word op 'n 50%:30%:20% basis, of volgens die normale slytasie toelaes.

Dividende betaal deur 'n kleinsakekorporasie is onderhewig aan 'n dividend terughoudingsbelasting van 20%.

PERSOONLIKE DIENSVERSKAFFERS

'n Persoonlike diensverskaffer word gedefinieer as enige maatskappy (insluitende 'n beslote korporasie) of 'n trust waar enige diens wat namens die maatskappy of trust aan 'n kliënt gelewer word, persoonlik deur 'n persoon wat aan die maatskappy of trust verbonde is, gelewer word; en

- Die persoon wat die diens lewer, as 'n werknemer van die kliënt geag sal word indien die persoon die diens direk aan die kliënt lewer; of
- Waar die diens hoofsaaklik op die perseel van die kliënt gelewer moet word, en onderworpe is aan die beheer of toesig van die kliënt; of
- Waar meer as 80% van die inkomste gedurende die jaar van aanslag vir dienste gelewer vanaf een kliënt, of 'n verwante inrigting met betrekking tot die kliënt ontvang is.

'n Maatskappy of 'n trust sal egter nie beskou word as 'n persoonlike diensverskaffer waar sodanige maatskappy of trust gedurende die hele jaar van aanslag drie of meer voltydse werknemers in diens het wat op 'n voltydse basis betrokke is by die besigheid van die maatskappy of trust, buiten 'n werknemer wat 'n houer van 'n aandeel in die maatskappy of 'n oprigter of begunstigde van die trust is of 'n verbonde persoon met betrekking tot sodanige persoon is.

Die persoonlike diensverskaffer sal as volg belas word:

- Die vergoeding, wat aan so 'n persoonlike diensverskaffer betaalbaar word deur die kliënt, sal aan werknemersbelasting onderhewig wees.
- Persoonlike diensverskaffers kan enige bedrag betaal of betaalbaar aan enige werknemer vir dienste gelewer aftrek, wat in berekening gebring is, of sal word, by die vasstelling van die belasbare inkomste van die werknemer, regs-kostes, slegte skuld, bydraes aan pensioen- en voorsorgfondse, terugbetaling van vergoeding, terugbetaling van handelsbeperkingbetalings asook onkoste ten opsigte van 'n perseel, finansieringskoste, versekering, herstelwerk, brandstof en onderhoud ten opsigte van bates, indien daardie perseel of bates geheel en uitsluitlik vir bedryfsdoeleindes gebruik word.
- Die inkomste van 'n diensverskaffer maatskappy sal belas word teen 'n koers van 28%, en enige verklaring van 'n dividend sal aan dividendbelasting onderhewig wees.
- Vergoeding betaal aan 'n trust sal belas word teen 45%.
- Die entiteit mag aansoek doen by die SAID vir 'n belastingaanwysing wat 'n verminderde belastingkoers aandui.

Geen werknemersbelasting hoef weerhou te word ten opsigte van bedrae betaal indien die persoonlike diensverskaffer, ten opsigte van 'n jaar van

aanslag, 'n beëdigde verklaring of 'n plegtige verklaring verskaf het dat nie meer as 80% van die inkomste van die persoonlike diensverskaffer vanaf een kliënt ontvang is nie, en daar ter goeder trou op die verklaring vertrou is.

Persoonlike diensverskaffers kan nie kwalifiseer as 'n mikrobesigheid nie.

MIKROBESIGHEDE

Die omsetbelastingstelsel is 'n vereenvoudigde belastingstelsel wat dien as 'n plaasvervanger vir normale inkomstebelasting, KWB en dividendbelasting. Die omsetbelastingstelsel is opsioneel, wat beteken dat die mikrobesigheid steeds die keuse het om die huidige belastingstelsel te gebruik. Natuurlike persone, maatskappye, vennootskappe en beslote korporasies kan kwalifiseer as 'n mikrobesigheid indien die "kwalifiserende omset" gedurende die jaar van aanslag nie R 1 miljoen oorskry nie. 'n Trust kan nie kwalifiseer as 'n mikrobesigheid nie.

Kwalifiserende omset

Kwalifiserende omset is die totale inkomste (nie toevallings) uit die beoefening van besigheidsaktiwiteite, uitgesluit enige betaling van 'n kapitale aard asook betalings ontvang vanaf 'n kleinsake befondsingsentiteit of 'n regerings toekenning wat vrygestel is.

Uitsluitings

- Indien enige van die aandeelhouders belange in ander maatskappye besit, behalwe vir aandele in genoteerde maatskappye, portefeuljes in kollektiewe beleggingskemas, bestuursliggaam, aandeleblok maatskappye, waagkapitaalmaatskappye, minder as 5% belang in koöperasies en spaargerigte koöperatiewe banke asook belange in onderlinge hulpverenigings. Hierdie diskwalifikasie geld nie vir die aandeelhouding in die ekwiteit van 'n ander maatskappy, indien die ander maatskappy nie gedurende die jaar van aanslag handel gedryf het nie, of bates besit het met 'n markwaarde van meer as R 5 000 nie, en 'n maatskappy of beslote korporasie wat reeds die nodige stappe geneem het om te likwideer of deregistreer;
- Indien meer as 20% van 'n natuurlike persoon se inkomste gedurende die jaar van aanslag bestaan uit die lewering van professionele dienste*;
- Indien meer as 20% van 'n maatskappy se ontvangstes gedurende die jaar van aanslag bestaan uit beleggingsinkomste en die lewering van professionele dienste*;
- Persoonlike diensverskaffers of arbeidsmakelaars sonder 'n vrystellersertifikaat;
- Waar die totale bedrag vir die verkoop van onroerende eiendom en ander kapitaalbate wat hoofsaaklik vir besigheidsdoeleindes gebruik word R 1.5 miljoen oor 'n tydperk van 3 jaar oorskry (huidige jaar en vorige 2 jare van aanslag);
- Indien enige van die aandeelhouders nie 'n natuurlike persoon is nie;
- Maatskappye of beslote korporasies wie se jaar van aanslag op 'n ander datum as die laaste dag van Februarie eindig;
- Openbare Weldaadsorganisasies of Ontspanningsklubs wat vrygestel is;
- 'n Vereniging goedgekeur deur die Kommissaris ingevolge artikel 30B;
- 'n Kleinsake befondsingsentiteit.

* "Professionele diens" beteken enige diens op die gebied van aktuariële wetenskappe, argitektuur, afslaery, bestuurswese, eiendomsmakelary, finansiële diensmakelary, gesondheid, inligtings tegnologie, joernalistiek, ingenieurswese, konsultasie, ouditering,

navorsing, onderwys, opmeting, rekeningkunde, regte, sport, tekenaar kuns, uitsaaiwese, vertaling, valuering of veeartsenykunde.

Die volgende belasting koerse is van toepassing op mikrobesighede Jaar van aanslag eindig 28 Februarie 2018/2019

Belasbare omset (R)			Belasting betaalbaar (R)			
0	-	335 000	0%			
335 001	-	500 000	1%	bokant		335 000
500 001	-	750 000	1 650	+	2%	bokant 500 000
750 001	-	en meer	6 650	+	3%	bokant 750 000

Belasbare omset

- Inkomste bedrae ontvang (kontantbasis) gedurende die jaar van aanslag ten opsigte van besigheidsaktiwiteite wat in die Republiek beoefen is;
- 50% van alle kapitaalontvangstes met die verkoop van onroerende eiendom en ander bates wat hoofsaaklik vir besigheidsdoeleindes gebruik word (uitgesluit voorraad en finansiële instrumente);
- Vir maatskappye en beslote korporasies: 100% van die beleggings inkomste (uitgesluit dividende en buitelandse dividende);
- Verminder met enige terugbetaling aan enige persoon ten opsigte van goedere en dienste verskaf, gedurende daardie jaar van aanslag, of enige vorige jaar van aanslag.

Uitgesluit van belasbare omset

- Vir natuurlike persone: Beleggingsinkomste soos dividende, tantième, huurinkomste, annuïteite, rente, verhandeling in finansiële instrumente ens.
- Enige vrygestelde staatstoekenning of 'n bedrag ontvang vanaf 'n kleinsake befondsingsentiteit.
- Enige bedrag ontvang waar dit toegeval het voor registrasie as 'n mikrobesigheid en die bedrag onderhewig was aan normale inkomste belasting.
- Enige bedrag ontvang vanaf enige persoon as 'n terugbetaling ten opsigte van goedere en dienste gelewer deur daardie persoon aan die geregistreerde mikrobesigheid.

Dividend belasting

Die eerste R 200 000 dividende betaal gedurende die jaar van aanslag is vrygestel van dividend belasting.

Betaling van belasting

- Binne die eerste 6 maande (teen 31 Augustus): Maak 'n skatting van die belasbare omset vir die jaar van aanslag, en betaal die helfte van die belasting op die belasbare omset. Die geskatte belasbare omset mag nie minder wees as die belasbare omset van die vorige jaar van aanslag nie, tensy die Kommissaris 'n laer skatting aanvaar.
- Aan die einde van die belastingjaar (teen 28 of 29 Februarie): Maak 'n skatting van die belasbare omset vir die jaar van aanslag en bereken die belasting betaalbaar op hierdie bedrag verminder met die eerste betaling gemaak.

Indien die jaareindskatting minder as 80% van die werklike belasbare omset vir die jaar is, is die boete 20% van die verskil tussen die belasting betaalbaar op 80% van die belasbare omset en die belasting wat betaal was. Rente sal gehef word vir laat betalings teen die voorgeskrewe koers.

Registrasie

'n Mikrobesigheid wat die omsetbelasting metode selekteer moet voor die begin van 'n jaar van aanslag, of binne 2 maande vanaf die aanvang

van die besigheid aansoek doen by die SAID.

Deregistrasie

'n Geregistreerde mikrobegheid mag kies of dit wil deregistreer voor die begin van die jaar van aanslag, of gedurende die jaar van aanslag. Indien dit vrywillig deregistreer gedurende daardie jaar van aanslag sal die deregistrasie effektief wees vanaf die begin van die jaar van aanslag. 'n Mikrobegheid mag nie vrywillig deregistreer nie, tensy dit ten minste vir 'n periode van 3 jaar geregistreer was. (Die vereiste val weg vir jare van aanslag wat begin op of na 1 Januarie 2016). Indien 'n mikrobegheid deregistreer, mag so 'n mikrobegheid nie weer herregistreer as 'n mikrobegheid nie. 'n Geregistreerde mikro begheid moet die Kommissaris in kennis stel binne 21 dae vanaf die datum waarop die kwalifiserende omset R 1 miljoen oorskry, of indien daar redelike gronde is om te glo dat die kwalifiserende omset daardie bedrag sal oorskry. Die mikrobegheid sal dan gederegistreer word, en die deregistrasie tree in werking vanaf die begin van die maand wat volg op die maand waarin die Kommissaris die kennisgewing ontvang het.

Indien die toename in die kwalifiserende omset tot 'n bedrag groter as R 1 miljoen van 'n nominale en tydelike aard is moet die persoon by die Kommissaris aansoek doen vir 'n beslissing of die persoon 'n geregistreerde mikrobegheid moet bly of nie.

Met ingang van die jaar van aanslag wat begin op 1 Maart 2018, sal 'n mikrobegheid wat ophou om 'n geregistreerde mikrobegheid te wees as gevolg van **die oorskryding van die kwalifiserende omset van R 1 miljoen** gedurende die jaar van aanslag en normale belasting moet betaal op belasbare inkomste vrygestel word van die onderbetalingsboetes wat uitsluitlik ontstaan as gevolg van die deregistrasie, indien die onderbetalingsboetes betaalbaar sou gewees het onder die Vierde Bylae bv. voorlopige belasting boetes.

BTW registrasie

'n Mikrobegheid kan registreer vir BTW as 'n kategorie D ondernemer (6 maande BTW periode wat eindig op die laaste dag van Februarie en Augustus).

Rekordhouding

Die volgende rekords moet gehou word deur 'n mikrobegheid gedurende die jaar van aanslag:

- Bedrae ontvang;
- Dividende verklaar;
- Alle bates met 'n kosprys van meer as R 10 000; en
- Alle laste wat R 10 000 oorskry.

TRUSTS

Trusts word belas teen 45%, met die uitsondering van 'n spesiale trust. Trusts kwalifiseer nie vir die rente vrystelling en persoonlike kortings nie. 'n Spesiale trust beteken 'n trust wat gestig is alleenlik vir die voordeel vir een of meer persone met 'n gestremdheid soos gedefinieer, waar so 'n gestremdheid die persoon of persone beperk om voldoende inkomste te verdien vir hulle onderhoud, of die bestuur van hulle eie finansiële sake. Hierdie spesiale trusts word belas teen dieselfde koerse as natuurlike persone, maar kwalifiseer nie vir kortings nie.

Die jaar van aanslag vir alle trusts eindig op die laaste dag van Februarie elke jaar.

Rentevrye of lae rente lenings

Vanaf 1 Maart 2017 is artikel 7C van toepassing op enige lening, voorskot of krediet wat direk of indirek aan 'n trust voorsien is deur 'n natuurlike persoon, op of na daardie datum wat 'n verbonde persoon met betrekking tot die trust is.

Dit is ook van toepassing waar 'n maatskappy 'n lening maak aan die trust op aandrang van 'n natuurlike persoon wat 'n verbonde persoon is tot die maatskappy by wyse van aandeelhouding of stemreg in die maatskappy, met ander woorde 'n maatskappy waarin die natuurlike persoon of individueel of saam met 'n verbonde persoon of persone 'n belang van meer as 20% besit.

Met ingang van 19 Julie 2017 is artikel 7C ook van toepassing op enige lening, voorskot of krediet gemaak deur:

- 'n Natuurlike persoon; of
- 'n Maatskappy (in die geval van 'n natuurlike persoon) direk of indirek aan:
 - 'n Maatskappy indien ten minste 20% van die ekwiteitsaandeel in daardie maatskappy direk of indirek gehou word, of die stemregte in daardie maatskappy uitgeoefen kan word deur die trust, of deur 'n begunstigde van daardie trust.

As 'n lening aan die trust of maatskappy rentevry of teen 'n koers laer as die amptelike rentekoers gemaak word, sal 'n bedrag gelyk aan die verskil tussen die rente wat gehef word deur die uitlener of houer van die lening en die amptelike rentekoers beskou word as 'n skenking aan die trust of maatskappy deur die natuurlike persoon.

Die rente wat verbeur word deur die uitlener of houer van die lening sal beskou word as 'n deurlopende en jaarlikse donasie gemaak aan die trust of maatskappy op die laaste dag van die trust se jaar van aanslag. Hierdie skenking sal onderhewig wees aan skenkingsbelasting van 20%.

Die skenkingsbelasting moet betaal word teen die 31ste Maart van elke jaar wat die lening uitstaande is. Die jaarlikse R 100 000 skenkings vrystelling is steeds beskikbaar aan 'n natuurlike persoon wat 'n skenking maak mits dit nie alreeds aangewend is vir 'n ander donasie nie.

Indien die lening aan 'n trust of maatskappy gemaak is deur 'n maatskappy, op aandrang van meer as een persoon verbonde aan die maatskappy, dan is die skenking geag gemaak te wees deur die persone in verhouding tot hulle ekwiteitsaandeel of stemme in die maatskappy.

'n Bedrag wat onherroeplik gevestig is deur 'n trustee in 'n trust begunstigde en wat gebruik of geadministreer word vir die voordeel van daardie begunstigde sonder om dit te uit te keer of te betaal aan daardie begunstigde sal nie kwalifiseer as 'n lening of krediet verskaf deur daardie begunstigde vir die trust as:

- Die gevestigde bedrag in terme van die trustakte wat daardie trust beheer nie uitgekeer mag word na daardie begunstigde nie, bv. voordat daardie begunstigde 'n seker ouderdom bereik; of
- Daardie trustee die uitsluitlike diskresie het in terme van daardie trustakte met betrekking tot die tydsberekening en omvang van enige uitkering na daardie begunstigde van so 'n gevestigde bedrag.

'n Bedrag gevestig deur 'n trust in 'n trust begunstigde wat nie uitgekeer is aan daardie begunstigde nie sal egter kwalifiseer as 'n

lening of krediet verskaf deur daardie begunstigde aan die trust indien die nie-uitkering is as gevolg van 'n bepaling uitgeoefen deur die begunstigde of 'n versoek deur daardie begunstigde dat die bedrag nie uitgekeer of betaal moet word nie, bv. indien die begunstigde die ouderdom bereik het waar die gevestigde bedrag betaal of uitgekeer moet word aan hom of haar en:

- Die trustee gehoor gee aan 'n versoek van die begunstigde dat dit nie gedoen word nie; of
- Die begunstigde 'n ooreenkoms aangaan met die trustee om die bedrag in die trust te behou.

Oordrag van 'n lening

Met ingang van 1 Julie 2017, waar 'n persoon 'n lening aan 'n trust of 'n maatskappy van 'n ander persoon verkry, en daardie persoon is 'n verbonde persoon met betrekking tot die trust of die vorige lener, sal die persoon behandel word asof daardie persoon die lening, voorskot of krediet aan daardie trust of maatskappy gemaak het op die datum waarop daardie persoon daardie eis verkry het teen 'n bedrag gelykstaande aan die bedrag van die lening verkry.

Indien daardie persoon nie 'n verbonde persoon was met betrekking tot die trust of die vorige lener op die datum waarop die persoon die lening verkry het nie, sal die persoon behandel word asof daardie persoon 'n lening, voorskot of krediet aan daardie trust of maatskappy gemaak het op die datum waarop daardie persoon 'n verbonde persoon met betrekking tot daardie trust of persoon geword het.

Ontkenning van belastingaftrekking of verliese

Geen aftrekking, verlies, toelae of kapitale verlies mag geëis word ten opsigte van 'n beskikking, insluitend deur middel van 'n vermindering of afstanddoening, of die versuim, in die geheel of gedeeltelik, van 'n eis vir die betaling, van enige bedrag verskuldig ten opsigte van 'n lening, voorskot of krediet.

Ander uitsluitings

- Waar die trust 'n openbare weldaadsorganisasie of 'n kleinsake befondingsentiteit is;
- Lenings aan 'n trust as gevolg van, of in ruil vir, 'n gevestigde reg wat die persoon het in die ontvangste en toevallings en bates van die trust (gevestigde trusts);
- Lenings aan spesiale trusts wat uitsluitlik geskep is tot voordeel van minderjariges met 'n gestremdheid soos omskryf in paragraaf (a) van die omskrywing van "spesiale trust" in artikel 1 van die Wet
- Waar die trust die lening, voorskot of krediet geheel of gedeeltelik gebruik het om die verkryging van 'n woonhuis te befonds wat gebruik was deur daardie persoon of hul gade as hul primêre woning gedurende die jaar van aanslag tot die mate wat die lening, voorskot of krediet aangewend was om die verkryging te befonds;
- Waar die lening, voorskot of krediet 'n geaffekteerde transaksie uitmaak in terme van die oordragprys bepalings;
- 'n Lening aan 'n trust verleen ingevolge 'n Sharia finansieringsreëling;
- Die lening, voorskot of krediet aan die bepalings van artikel 64E(4) (geagte dividend) onderworpe is.

Vrystelling vir aandele- aansporingskemas vir werknemers

Met ingang van 1 Maart 2017 word 'n spesifieke uitsluiting vir werknemers aansporingskemas voorsien onderhewig aan sekere vereistes:

- Die trust moet uitsluitlik gestig wees ten einde effek te gee aan 'n aandele- aansporingskemas vir werknemers waarvolgens daardie lening, voorskot of krediet deur 'n maatskappy aan daardie trust

verskaf is ten einde die verkryging deur daardie trust van aandele in daardie maatskappy of in enige ander maatskappy wat deel uitmaak van dieselfde groep maatskappye as daardie maatskappy.

- Aandele (of ander ekwiteitsinstrumente wat betrekking het op, of hulle waarde verkry van aandele in 'n skemamaatskappy) mag slegs deur daardie trust aan iemand gebied word op grond van die feit dat die persoon in die voltydse diens van 'n maatskappy is of 'n direkteur van die maatskappy is.
- 'n Persoon wat 'n verbonde persoon is ingevolge paragraaf (d) (iv) van die omskrywing van "verbonde persoon" met betrekking tot 'n maatskappy of enige ander maatskappy wat deel uitmaak van dieselfde groep van maatskappye as daardie maatskappy (dws 'n persoon wat ten minste 'n belang van 20%, óf individueel óf gesamentlik met verbonde persone hou) mag nie aan daardie skema deelneem nie.

REGSPERSONE

Heffings ontvang deur 'n regs persoon, 'n aandeelblokmaatskappy of ander vereniging van persone, gestig met die uitsluitlike doel om die kollektiewe belang algemeen tot al sy lede te bestuur, insluitende die invordering van heffings en administrasie van die uitgawes ten opsigte van die gemeenskaplike eiendom, is vrygestel van inkomstebelasting. Bykomend hiertoe is alle ander ontvangstes of toevallings vrygestel tot 'n maksimum van R 50 000 per jaar. Inkomstes wat die bedrag oorskry is onderhewig aan belasting teen 28%.

OPENBARE WELDAADSORGANISASIES

Die Ontvangste en toevallings van Openbare Weldaadsorganisasies indien goedgekeur deur die Kommissaris is vrygestel tot die mate dat dit nie verdien is uit:

- Besigheidsondernemings of handelsaktiwiteite, of
- Sekere integrale, toevallige of goedgekeurde besigheids- of handelsaktiwiteite.

Die belastingvrye gedeelte van die handelsinkomste is die grootste van 5% van die totale ontvangste en toevallings of R 200 000 per jaar. Die belasbare gedeelte word teen 28% belas.

ONSTSPANNINGSKLUBS

Die ontvangste en toevalling van ontspanningsklubs is vrygestel indien dit verkry word uit:

- Ledegeld of subskripsies betaal deur lede;
- Betalings deur lede vir ontspanningsdienste;
- Fondsinsamelingsaktiwiteite van 'n toevallige aard en grotendeels met hulp op 'n vrywillige basis onderneem;
- Enige ander bron tot die mate dat dit nie die grootste van 5% van die totale ledegeld en subskripsies vir die jaar van aanslag of R 200 000 oorskry nie.

Die belasbare gedeelte word teen 28% belas.

WERKNEMERSBELASTING

Werknemersbelasting is 'n terughoudinsbelasting wat weerhou word vanaf die werknemer se besoldiging deur die werkgever. Die werknemersbelasting moet oorbetal word aan die SAID binne 7 dae na die einde van die maand. Indien die 7de dag 'n naweek of 'n vakansiedag is dan moet die werknemersbelasting betaal word teen die laaste besigheidsdag voor die 7de. Enige ooreenkoms tussen 'n werkgever en 'n werknemer, waar die werkgever onderneem om nie werknemersbelasting te weerhou nie is nietig.

Indien die werkgewer nie die belasting weerhou van die werknemer se besoldiging nie, of dit wel weerhou maar nie oorbetal aan die SAID nie, sal die werkgewer persoonlik aanspreeklik gehou word vir die belasting aan die SAID.

Indien die SAID tevrede is dat die versuim om belasting te weerhou nie is as gevolg van 'n bedoeling om betaling uit te stel, of belasting te ontduik nie, en daar 'n redelike vooruitsig is vir die verhaling van die belasting vanaf die werknemer, kan die SAID die werkgewer onthef van hierdie aanspreeklikheid. 'n Werkgewer wat nie onthef is nie sal 'n reg van verhaling hê teen die werknemer. Tot die werknemer die belasting aan die werkgewer terugbetaal sal hy/sy nie geregtig wees om 'n belastingstifikaat te ontvang nie.

Die belasting wat die werkgewer aanspreeklik voor sal wees om te betaal, word geag 'n boete te wees, dus sal die werkgewer nie in staat wees om die bedrag te eis as 'n aftrekking nie.

Indien die werkgewer die belasting laat betaal moet die SAID 'n laat betalings boete hef van 10%. Indien die werkgewer versuim om die belasting te betaal, of die verkeerde bedrag betaal, kan die SAID 'n onderstateringsboete hef. Die boete kan wissel van 10% tot 200% afhangende van die omstandighede.

BESOLDIGING

Besoldiging sluit in alle betalings en bedrae, in kontant of andersins, ongeag of 'n diens gelewer is of nie. Die volgende is ingesluit:

- Annuiteite en lewende annuiteite;
- Salarisse en lone, verlofbetalings, bonusse, gratifikasies, kommissies foocie, oortydbetaling, vergoeding, ander bedrae betaal vir dienste gelewer;
- Toelaes en voorskotte (uitgesluit reistoelae en verblyftoelaes);
- 50% van toelaes betaal aan 'n houer van 'n openbare amp;
- 80% van enige reistoelae, verminder tot 20% indien die werkgewer tevrede is dat 80% van die afstand afgelê vir besigheidsdoeleindes was;
- 100% van enige reistoelaag wat gebaseer is op werklike afstand gereis, tot die mate wat die toelae R 3.61 (R3.55) per kilometer oorskry;
- 80% van die bedrag van die belasbare voordeel vir die gebruik van 'n voertuig wat deur werkgewer besit word, verminder tot 20% indien die werkgewer tevrede is dat 80% van die afstand afgelê vir besigheidsdoeleindes was;
- Pensioene, ouderdomstoelaes, annuiteite;
- Handelsbeperking ontvangstes;
- Bedrae betaal vir die verlies of verandering van 'n amp;
- Uittree enkelbedragvoordele ontvang vanaf 'n werkgewer;
- Enige bedrae ontvang of toegeval in omsetting van bedrae verskuldig ingevolge enige kontrak van indiensneming of dienste gelewer;
- Byvoordele;
- Enige wins gemaak uit die beskikking oor 'n kwalifiserende ekwiteitsinstrumente in terme van 'n uitgebreide werknemersaandeelplan;
- Enige wins gemaak by die vestiging van enige kwalifiserende ekwiteitsinstrument in die hande van 'n direkteur of werknemer;
- Dividende ontvang vanaf sekere beperkte ekwiteitsinstrumente.

WERKNEMERSBELASTING OP WERKNEMERS AANDELE SKEMAS

Vergoeding sluit in enige wins wat gemaak word as gevolg van die vestiging van 'n ekwiteitsinstrument in die hande van 'n werknemer of enige belasbare dividende ten opsigte van 'n werknemers aandeel skema.

Die persoon deur wie die reg toegestaan is, of van wie die ekwiteitsinstrument wat aanleiding gegee het tot die wins of bedrag verkry is, word beskou as die persoon wat die wins of dividend betaal, dus is die persoon aanspreeklik om werknemersbelasting af te trek of te weerhou.

Indien 'n geassosieerde instelling nie die volle bedrag van werknemersbelasting verskuldig op die wins wat gemaak word kan aftrek nie, aangesien dit die bedrag oorskry waarvandaan die aftrekking gemaak moet word, moet die betrokke instelling en die werkgewer 'n totale bedrag gelykstaande aan die werknemersbelasting betaalbaar op daardie wins aftrek. Die werkgewer en die geassosieerde instelling sal gesamentlik aanspreeklik wees vir die werknemersbelasting.

Voordat werknemersbelasting afgetrek word, moet die werkgewer die bedrag wat afgetrek moet word aanvra vanaf die SAID.

Indien die werkgewer nie die volle bedrag kan aftrek nie omdat dit die bedrag wat aan die werknemer betaalbaar is, oorskry, moet die werkgewer die SAID in kennis stel.

Indien die werkgewer of die persoon wat vir werknemersbelasting aanspreeklik is, nie partye is tot die wins wat aanleiding gee tot die werknemersbelasting nie, moet die werknemer hulle van die transaksie en die bedrag van die wins in kennis stel. Indien die werknemer nie die werkgewer inlig nie, is die werknemer skuldig aan 'n misdryf, en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R 2000.

DIVIDENDBELASTING

Definisie van 'n dividend

Vir die doeleindes van dividendbelasting word 'n dividend gedefinieer as enige dividend of buitelandse dividend betaal deur:

- 'n Maatskappy wat 'n inwoner is; of
- 'n Buitelandse maatskappy:
 - Indien die aandeel ten opsigte waarvan daardie buitelandse dividend betaal word 'n genoteerde aandeel is; en
 - Namate daardie buitelandse dividend nie 'n uitkering van 'n bate *in specie* uitmaak nie.

Heffing van belasting

Dividendbelasting word gehef teen 'n koers van 20% van die bedrag van 'n dividend wat betaal word deur 'n maatskappy, anders as 'n hoofkwartiermaatskappy.

Datum waarop dividende betaal word

Die geagte datum van betaling is die vroegste van die datum waarop die dividend betaal word, of betaalbaar word, deur die maatskappy wat die dividend verklaar. Vir genoteerde aandele is 'n dividend geag betaal te wees op die datum wat dit werklik betaal is.

Aanspreeklikheid vir dividend belasting

Alhoewel dit 'n belasting is wat deur die aandeelhouer betaal moet word, word dit teruggehou deur die maatskappy, en slegs die netto bedrag word aan die aandeelhouer betaal. Indien 'n maatskappy 'n dividend verklaar en betaal wat bestaan uit 'n uitkering van 'n bate *in specie* is die maatskappy verantwoordelik vir die betaling van die dividend- belasting.

Dit is die verantwoordelikheid van die aandeelhouer om aan die maatskappy 'n geskrewe verklaring te maak (DTD(EX)) indien die dividend van dividendbelasting vrygestel is, of wanneer 'n verminderde koers van toepassing is (DTD(RR)). Hierdie is nie van toepassing waar die

aandeelhouer deel vorm van dieselfde groep van maatskappye as die maatskappy wat die dividend betaal nie, of waar die dividend betaal word aan 'n geregleerde tussenganger.

Betaling van dividendbelasting

Terughoudingsbelasting op dividende is betaalbaar aan die SAID teen die laaste dag van die maand wat volg op die maand waarin die maatskappy die dividend betaal het.

Indien 'n persoon 'n dividend betaal of ontvang het, of 'n dividend *in specie*, wat vrygestel is of gedeeltelik vrygestel is van dividendbelasting, moet daardie persoon teen die laaste dag van die maand wat volg op die maand waartydens die dividend betaal of ontvang was, 'n opgawe ten opsigte van daardie dividend by die Kommissaris indien. Beleggers wat dividende ontvang vanaf belastingvrye beleggings hoef nie 'n vrygestelde dividend belastingopgawe in te dien by die SAID nie.

Indien 'n dividend onderworpe is aan 'n verlaagde belastingkoers, as gevolg van die toepassing van 'n dubbelbelastingooreenkoms, moet die maatskappy wat die belasting terughou die verklaring indien by die SAID waarop dit staatgemaak het.

Rente is betaalbaar op enige uitstaande dividendbelasting teen die voorgeskrewe koers vanaf die einde van die periode waarop dit betaal moes gewees het. Die onderbetaling van dividendbelasting kan ook onderhewig wees aan die administratiewe en onderstellings boetes.

Lenings deur maatskappye

Waar 'n bedrag betaal is deur 'n maatskappy, in die vorm van 'n lening of voorskot aan 'n natuurlike persoon, wat 'n inwoner is, en 'n verbonde persoon is tot die maatskappy, of aan iemand verbonde aan die persoon, word die maatskappy geag 'n dividend te betaal het, indien daardie lening of voorskot, deur die maatskappy toegestaan was, uit hoofde van enige aandeel in daardie maatskappy gehou.

Die bedrag van die dividend is die markverwante rente (amptelike rentekoers) ten opsigte van daardie lening of voorskot, min die bedrag van enige rente wat betaal was op daardie lening of voorskot, vir die periode wat die lening verskuldig was gedurende die jaar van aanslag.

Die dividend word geag betaal te gewees het op die laaste dag van daardie jaar van aanslag waarin die lening of voorskot toegestaan is deur die maatskappy.

Die bedrag van die dividend word geag 'n dividend *in specie* te wees. Dit beteken dat die maatskappy in sy eie naam verantwoordelik is vir die dividendbelasting. Dit sal egter nie as 'n dividend *in specie* beskou word indien die bedrag verskuldig aan 'n maatskappy, geag 'n dividend te wees wat aan die sekondêre belasting op maatskappye onderhewig was nie.

Uitkering van 'n bate *in specie*

Indien 'n maatskappy 'n uitkering maak van 'n bate *in specie*, is die bedrag van die dividend, die markwaarde van die bate, op die datum waarop die dividend geag word betaal te wees. Vir 'n finansiële instrument genoteer op 'n erkende beurs, is die bedrag van die dividend die heersende prys van daardie finansiële instrument, teen sluitingstyd, op die laaste besigheidsdag, voor die datum waarop die dividend geag word betaal te wees. Belasting op 'n dividend *in specie* is die verantwoordelikheid van die maatskappy wat die dividend verklaar.

Vrystellings

Enige dividende is vrygestel van dividendbelasting tot die mate wat dit nie 'n dividend *in specie* is nie, indien die uiteindelijke geregtigde een van die volgende is:

- 'n Suid-Afrikaanse inwoner maatskappy, of beslote korporasie;
- Die regering van die Republiek in die nasionale, provinsiale of plaaslike sfeer of 'n munisipaliteit;
- 'n Goedgekeurde Openbare Weldaadsorganisasie;
- 'n Omgewingsrehabilitasietrust;
- 'n Instelling, raad of liggaam wat vrygestel is van inkomstebelasting in terme van artikel 10(1)(cA);
- 'n Pensioenfonds, pensioenbewaringsfonds, voorsorgfonds, voorsorg bewaringsfonds, uittredingsannuïteitsfonds of onderlinge hulpvereniging;
- 'n Persoon beoog in terme van artikel 10(1)(t) van die Wet (sluit in onder andere WNNR, SANRAL, DBSA);
- 'n Kleinsake befondsingsentiteit;
- 'n Aandeelhouer in 'n geregistreerde mikrobegigtheid wat die dividend betaal, tot die mate wat die totale bedrag van die dividend betaal aan alle aandeelhouders gedurende die jaar van aanslag nie R 200 000 oorskry nie;
- 'n Nie-inwoner en die dividend word betaal deur 'n buitelandse maatskappy wat genoteer is op die Johannesburgse Effektebeurs;
- 'n Portefeulje van 'n kollektiewe beleggingskema in effekte;
- 'n Persoon, namate die dividend, inkomste van daardie persoon uitmaak, of aan die sekondêre belasting op maatskappye onderhewig was;
- Dividende betaal deur 'n EIT (eiendomsbeleggingstrust) of 'n beheerde eiendomsmaatskappy, ontvang of toegeval voor 1 Januarie 2014 (namate die dividend nie bestaan uit 'n dividend *in specie* nie);
- Enige getrouheids- of vrywaringsfonds; of
- 'n Natuurlike persoon of 'n bestorwe of insolvente boedel van daardie persoon ten opsigte van 'n dividend betaal ten opsigte van 'n belastingvrye belegging.

Terugbetalings

Waar 'n geskrewe verklaring nie ontvang is op die relevante datum nie, en daarna ontvang word binne 3 jaar na die datum van betaling van die dividend, moet die maatskappy die dividendbelasting terugbetaal aan die ontvanger van die dividend. Die verklarende maatskappy moet die terugbetaling maak uit enige dividendbelasting teruggehou deur die maatskappy binne 1 jaar vanaf die datum van indiening van die verklaring. Indien die belasting wat teruggehou word onvoldoende is om die terugbetaling te maak mag die maatskappy die bedrag verhaal vanaf die SAID binne 4 jaar vanaf die datum waarop die dividend oorspronklik betaal was.

Indien dividendbelasting deur 'n maatskappy betaal word, ten opsigte van 'n dividend wat bestaan uit 'n uitkering van 'n bate *in specie*, omdat die maatskappy nie die verklaring en skriftelike onderneming, teen die datum van die betaling van die dividend verkry het nie, en beide die verklaring en die skriftelike onderneming binne 3 jaar na die betaling van die belasting aan die maatskappy voorgelê word, moet die SAID die bedrag aan die maatskappy terugbetaal indien dit binne 3 jaar van die datum van die betaling van die belasting geëis word vanaf SARS.

BELASING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW)

Die BTW sisteem is 'n self-assessering sisteem.

Uitsetbelasting

Vanaf 1 April 2018 word uitsetbelasting gehef teen 'n koers van 15% (14%) op die lewering van goedere en dienste, in die Republiek, deur 'n persoon wat as 'n ondernemer geregistreer is, ter bevordering van 'n onderneming.

Insetbelasting

Insetbelasting is die BTW wat deur die ondernemer betaal word op die lewering van goedere en dienste wat deur ander ondernemers aan die ondernemer gemaak is, en ten opsigte waarvan die ondernemer geregtig is om dit terug te eis vanaf die SAID. Dit sluit ook BTW in vir die invoer van goedere. Dit is ook die denkbeeldige insette (15/115) van die koste van tweedehandse goedere wat van 'n nie-ondernemer verkry is. Om insetbelasting te eis, moet die goedere of dienste in geheel of gedeeltelik gebruik word vir die doeleindes van verbruik of verskaf in die vorm van belasbare lewerings.

Elektroniese BTW opgawes moet ingedien word teen die laaste besigheidsdag van die maand wat volg op die belastingperiode. Handgeskrewe opgawes moet ingedien word teen die 25ste dag van die maand wat volg op die belastingperiode. Indien die dag van indiening op 'n naweek of publieke vakansiedag val, moet die opgawe ingedien word op die laaste besigheidsdag voor die naweek of publieke vakansiedag.

Verpligte registrasie

'n Persoon wat 'n besigheid in die Republiek bedryf (of gedeeltelik in die Republiek bedryf) is verplig om as 'n onderneming te registreer as die belasbare lewerings aan die einde van enige 12 maande periode R 1 miljoen oorskry het, of aan die begin van enige maand waar die totale waarde van belasbare lewerings ingevolge 'n skriftelike kontraktuele verpligting R 1 miljoen sal oorskry binne die volgende 12 maande periode.

Vrywillige registrasie

'n Persoon kan kies om vrywilliglik vir BTW te registreer indien die belasbare lewerings gedurende 'n vorige 12 maande tydperk R 50 000 oorskry het, of indien dit nog nie R 50 000 oorskry het nie, maar daar met redelike sekerheid verwag kan word dat dit R 50 000 binne 12 maande vanaf die datum van registrasie sal oorskry. So 'n persoon sal geregistreer word vir BTW op die betalingsbasis. Sodra die waarde van belasbare lewerings R 50 000 oorskry moet verantwoording gedoen word vir BTW op die faktuurbasis, tensy die persoon kwalifiseer om voort te gaan om die betalingsbasis te gebruik.

Registrasie van 'n onderneming wat kommersiële huisvesting lewer

Kommersiële huisvesting beteken inwoning of kos en inwoning, tesame met die verskaffing van huishoudelike goed en dienste, in enige huis, woonstel, vertrek, hotel, motel, herberg, gastehuis, losieshuis, huishoudelike inrigting, vakansieverblyfteenheid, chalet, tent, karavaan, kampeerplek, huisboot, of soortgelyke inrigting, wat gereeld of stelselmatig verskaf word, maar met uitsluiting van 'n woning wat ingevolge 'n ooreenkoms vir die huur en verhuring daarvan verskaf word. Die definisie sluit ook in, inwoning of kos en inwoning in 'n tehuis vir bejaardes, kinders, fisies of verstandelike gestremde persone of inwoning in 'n hospies.

Waar 'n persoon kommersiële huisvesting lewer, en die totale waarde van belasbare lewerings in die voorafgaande tydperk van 12 maande, of dat daar redelikerwys verwag kan word dat daardie persoon in 'n periode van 12 maande nie R 120 000 sal oorskry nie, sal daardie persoon gegag word om nie daardie onderneming te bedryf nie.

Huishoudelike goed en dienste sluit in skoonmaak en instandhouding, elektrisiteit, gas, lugreëling of verhitting, 'n telefoon, televisiestel, radio of soortgelyke artikel, meubels en ander toebehore, maaltye, wassery, verplegingsdienste, of water.

Waar huishoudelike goed en dienste teen 'n allesinsluitende prys vir 'n ononderbroke tydperk van meer as 28 dae gelever word, is die waarde van die vergoeding 60% van die allesinsluitende koste.

Registrasie van e-handel verskaffers

Buitelandse verskaffers van elektroniese dienste is verplig om te registreer as 'n ondernemer indien die totale waarde van die dienste verskaf in Suid-Afrika R 50 000 oorskry. Hierdie ondernemers sal toegelaat word om vir BTW te registreer op die betalingsbasis.

Die registrasievereistes is van toepassing op enige verskaffing van elektroniese dienste deur 'n persoon vanaf 'n plek in die uitvoerland waar ten minste twee van die volgende omstandighede teenwoordig is:

- Die ontvanger van die elektroniese dienste is 'n inwoner van die Republiek; of
- Enige betaling aan daardie persoon ten opsigte van die elektroniese dienste ontstaan vanuit 'n bank geregistreer of gemagtig ingevolge die Bankwet 1990 (Wet no. 94 van 1990); of
- Die ontvanger van die elektroniese dienste het 'n besigheidsadres, woonadres of posadres in die Republiek.

Fakturebasis vs. betalingsbasis

Normaalweg moet BTW verantwoord word deur 'n ondernemer op die fakturebasis. 'n Ondernemer kan egter waar die omset in 'n 12 maande periode nie R 2.5 miljoen sal oorskry nie aansoek doen om geregistreer te word op die betalingsbasis, met dien verstande dat die ondernemer 'n natuurlike persoon of 'n oningelyfde liggaam van persone is wie se lede almal natuurlike persone is.

Enige ondernemer wat vir BTW verantwoord op die betalingsbasis moet, ten opsigte van enige lewering van goedere (behalwe vaste eiendom) of dienste van R 100 000 of meer, BTW verantwoord op die fakturebasis. Hierdie reël geld nie vir 'n openbare onderneming of 'n munisipaliteit.

BTW periodes

Kategorie A	Omset minder as R 30 miljoen: 2 maandeliks: Januarie, Maart, Mei, Julie, September, November
Kategorie B	Omset minder as R 30 miljoen: 2 maandeliks: Februarie, April, Junie, Augustus, Oktober, Desember
Kategorie C	Omset meer as R 30 miljoen: maandeliks
Kategorie D	Boerdery bedrywighede met 'n omset minder as R 1.5 miljoen en 'n mikrobegheid: 6 maandeliks (Februarie en Augustus)
Kategorie E	Ondernemers wat slegs huur, administrasie of bestuursfooie ontvang vanaf verwante partye en wat almal vir BTW geregistreer is: 12 maand periode eindigend op die laaste dag van die jaar van aanslag. Belastingfakture moet slegs een keer 'n jaar uitgereik word.

Lewerings is opgedeel in drie kategorieë

Standaardkoers lewerings is die lewering van goedere en dienste, invoer van goedere, en invoer van sekere dienste, wat teen 'n koers van 15% (14%) belas word. 'n Ondernemer wat so 'n lewering maak, mag alle verwante insetbelasting verhaal.

Vrygestelde lewerings is nie onderhewig aan BTW nie. Voorbeelde van vrygestelde lewerings is: nie-fooigebaseerde finansiële dienste, opvoedkundige dienste gelewer deur 'n goedgekeurde opvoedkundige instelling, residensiële verhuring van huisvesting, en publieke pad en spoor vervoer. Ondernemers wat hierdie dienste lewer mag nie enige verwante insetbelasting verhaal nie.

Nulkoers lewerings is onderhewig aan BTW, maar teen 'n nulkoers. Die volgende is voorbeelde van nulkoers lewerings: bruin of volkoringbrood (rog of lae GI-brood is nie nul koers nie), mieliemeel, stampmielies, mieliemeel rys, gedroogde mielies, droë bone, lensies, sardyne in blikkies, melkpoeier, melkpoeier mengsel, rys, groente, vrugte, plantaardige olie, melk, bruin koringmeel, eiers, eetbare peule en polse van peulplante, uitvoer verkope en dienste, ligkeroseen paraffien, goedere onderhewig aan die brandstofheffing (petrol en diesel), internasionale vervoerdienste, versekering en reëling van versekering van passasiers op 'n internasionale reis onder 'n enkele inkomende en enkele uitgaande versekeringspolis vir 'n enkele premie, sekere boerdery insette, verkoop van, 'n lopende saak, en sekere regering toekennings. Aangesien hierdie lewerings belasbaar is, mag die ondernemers wat dit lewer alle verwante insetbelasting verhaal.

Tyd en waarde van lewering

Die algemene reël vir die tyd van lewering is die vroegste van die datum van die faktuur of die datum waarop betaling van die vergoeding deur die leweraar ontvang is.

Vir vaste eiendom is die tyd van lewering die vroegste van registrasie in die naam van die koper, of die betaling van enige deel van die koopprys. Die betaling van 'n deposito word nie beskou as betaling van enige deel van die koopprys nie.

Waar dienste gelewer word in terme van 'n ooreenkoms, vir vergoeding, wat nie bepaal is op die tydstip wat die dienste gelewer word nie, sal die dienste gelewer geag word om plaas te vind wanneer, en tot die mate wat enige betaling in terme van die ooreenkoms betaalbaar is, of ontvang is, of wanneer 'n faktuur met betrekking tot die lewering uitgereik word deur die verskaffer.

Waar die partye verbonde persone is tot mekaar, is die tyd van lewering die datum waarop die goedere verwyder of beskikbaar gemaak word, of die datum wanneer die dienste gelewer word.

Die lewering tussen verbonde persone sal geag word teen markwaarde te wees indien die teenprestasie minder is as die ope markwaarde van die lewering en die ontvanger nie in staat was om 'n volle of gedeeltelike inset van die BTW op die lewering te eis nie.

Tweedehandse goedere

Tweedehandse goedere is goedere (roerend en onroerend) wat voorheen in besit en in gebruik was. Ontasbare bates soos patente, handelsmerke en kopieregte is nie goedere nie en kan dus nie tweedehandse goedere wees nie.

Die verkoper van tweedehandse goedere moet 'n inwoner van die Republiek wees, en die goedere moet in die Republiek geleë wees. Die

verkoop transaksie moet ook plaasvind in die Republiek. Die denkbeeldige insetbelasting kan slegs geëis word tot die mate wat betaling vir die tweedehandse goed gemaak is. Indien die goedere op leningsrekening gekoop word, word die denkbeeldige BTW-inset slegs geëis wanneer die lening terugbetaal word.

Vir vaste eiendom bekom vanaf 'n persoon wat nie vir BTW geregistreer is nie, word die denkbeeldige insetbelasting wat geëis kan word uitgestel tot die mate wat die betaling gemaak is, en die oordrag van daardie vaste eiendom bewerkstellig word deur registrasie in die aktekantoor, en die vaste eiendom geregistreer is in die naam van die ondernemer wat die aftrekking gaan eis gedurende daardie belastingperiode.

Uitsluitings van tweedehandse goedere

- Diere;
- Goudmuntstukke uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank;
- Goed wat slegs uit goud bestaan tensy uitsluitlik verkry vir die uitsluitlike doel om bedoelde goed te lewer sonder verdere verwerking;
- Enige ander goed wat goud bevat tensy daardie goed verkry is uitsluitlik om daardie goed te lewer in dieselfde of wesenlik dieselfde toestand aan 'n ander persoon.

Uitvoer van goedere

Goedere versend of afgelewer deur die verkoper aan 'n adres in 'n uitvoerland is 'n nulkopers lewering. Die volgende dokumentêre bewyse is nodig voordat die uitvoer 'n nulkoperslewering kan wees:

- Die bestelling vanaf die buitelandse kliënt;
- 'n Afskrif van die ondernemer se faktuur teen die nulkopers;
- 'n Afskrif van die vervoer dokument en bewys dat die ondernemer betaal het vir die vervoer van die goedere vanaf Suid-Afrika;
- 'n Afskrif van die doanedokumentasie met 'n doanestempel datum daarop;
- Bewys van betaling deur die kliënt;
- Bewys dat die goedere ontvang was deur die kliënt in die uitvoerland bv. 'n getekende afleweringnota.

Vir die nulkopers lewering van roerende goedere aan 'n doeane-beheerde gebied onderneming, of 'n nywerheidsontwikkeling gebied-operateur, moet die verskaffer die goedere aflewer, of gebruik maak van 'n vervoer kontrakteur (wat nie 'n BTW-ondernemer hoef te wees nie), met dien verstande dat die vervoer van goedere een van die aktiwiteite van die vervoerkontrakteur is. Die verskaffer moet betaal vir die lewering van die goedere deur die vervoerkontrakteur.

Ontoelaatbare insette

Onthaal uitgawes: BTW kan nie geëis word ten opsigte van goedere of dienste verkry deur 'n ondernemer tot die mate wat die goedere en dienste vir onthaaldoeleindes aangewend is nie. Onthaal word omskryf as die voorsiening van kos, drank, huisvesting, vermaak, ontspanning of gasvryheid van enige aard. Die insette verkry sal nie geweier word vir ondernemers in die onthaalbedryf, wat onthaal verskaf aan kliënte en 'n bedrag verhaal wat alle regstreekse en onregstreekse koste van die onthaal dek nie. Insetkoste vir 'n ondernemer wat kostes aangaan om enige vermaak te verskaf, sal toegelaat word, indien die vermaak aanvullend is tot lug of see vervoer, indien dit teen geen addisionele vergoeding voorsien word nie. Indien 'n werknemer of direkteur van die ondernemer weg is vir besigheid van sy woonhuis en gewone werkplek in die Republiek vir ten minste een nag, kan die BTW op sy verblyfkoste b.v. kos en hotelakkomodasie as inset geëis word.

Motorvoertuie: Inset BTW kan nie geëis word ten opsigte van enige motorvoertuig geleverd aan, of ingevoer deur die ondernemer nie, ongeag of die

voertuig by wyse van 'n aankoop of 'n huurtransaksie verkry is. 'n Motorvoertuig word gedefinieer as 'n motor, stasiewa, minibus, dubbelkajuit ligte-afleringsvoertuig en enige ander motorvoertuig wat gewoonlik op openbare paaie gebruik word, 3 of meer wiele het en uitsluitlik of hoofsaaklik vir die vervoer van passasiers gebou of omskep is. Dit sluit nie voertuie in wat slegs een persoon kan akkommodeer of wat geskik is vir die vervoer van meer as 16 persone, of karavane, ambulanse, voertuie met 'n onbelaste massa van 3500 kilogram of meer, wildkrykvoertuie of 'n lykswa. Geen BTW mag op die aankoop of huur van 'n voertuig geëis word nie, tensy die ondernemer 'n motorhandelaar is.

Klub- en Ledegeld: Geen inset BTW mag geëis word ten opsigte van enige ledegeld betaal deur die ondernemer met betrekking tot enige sport, sosiale, ontspanningsklub of vereniging nie.

Tydlike verhuring van residensiële vaste eiendom

Vanaf 10 Januarie 2012 kry ontwikkelaars van residensiële eiendom tydelike belastingverligting wanneer hulle tydelik die gebruik van eiendom gehou as voorraad verander deur dit te verhuur as wonings aan huurders.

Ontwikkelaars sal toegelaat word om die eindomme tydens 'n 36-maande-verligting tydperk tydelik te verhuur sonder om uitsetbelasting te verklaar op die aanpassing wat verband hou met die verandering in gebruik van belasbare lewerings na vrygestelde lewerings.

Uitsetbelasting is betaalbaar op die ope markwaarde van die eiendom op die vroegste van die volgende datums:

- 'n Tydperk van 36 maande na die sluiting van die verhuring ooreenkoms; of
- Die datum waarop die verkoper die vaste eiendom permanent vir 'n ander doel as dié van 'n belasbare lewering begin gebruik.

Die afsnydatum vir die belastingverligting was 1 Januarie 2018.

Huurverbeteringe

Geagte lewering van goedere deur die huurder

Waar 'n huurder verbeteringe aan die huureiendom van 'n verhuurder aangebring het gedurende die tydperk van 'n huurooreenkoms sonder vergoeding, word die huurder geag 'n belasbare lewering te maak het aan die verhuurder.

Daar is geen geagte lewering van goedere indien die huurder die huurverbeterings uitsluitlik gebruik om vrygestelde lewerings te maak nie.

Die tyd van die lewering van goedere word geag plaas te vind ten tyde van die voltooiing van die huurverbeterings.

Die waarde van lewering van goedere word geag NIL te wees.

Aanpassings vir die verhuurder

Die verhuurder word geag 'n belasbare lewering van goedere te maak in die verloop en bevordering van die verhuurder se onderneming, in soverre die verhuurder ten tye van die voltooiing van die verbeteringe die vaste eiendom gebruik anders as vir die maak van belasbare lewerings.

Die waarde van die lewering van goedere ten opsigte van die aanpassing sal die hoogste wees van die ope markwaarde van die verbeteringe of die werklike koste vir die huurder om sulke verbeterings aan te bring of die totale bedrag soos ooreengekom tussen die

verhuurder en die huurder. Hierdie waarde sal geag word BTW in te sluit. Die verhuurder se uitsetbelasting sal bereken word deur die belastingbreukdeel op die waarde van die lewering toe te pas en dan verder die persentasie toe te pas waarmee die verhuurder die eiendom gebruik vir doeleindes anders as om belasbare lewerings te maak.

Die tyd van lewering vir die verhuurder om 'n uitsetbelasting te verklaar, word geag plaas te vind ten tyde van die voltooiing van die huurverbeterings.

Met betrekking tot verbonde persone sal die normale tyd en waarde van lewering reëls van die BTW-wet van toepassing wees.

Dokumentasie vereistes

'n Belastingfaktuur moet uitgereik word vir elke belasbare lewering gemaak deur 'n ondernemer binne 21 dae vanaf die datum van lewering. Slegs een belastingfaktuur mag uitgereik word per lewering. Indien 'n afskrif van die belastingfaktuur gemaak word, moet dit duidelik gemerk wees as "afskrif".

'n Belastingfaktuur moet die volgende inligting bevat:

- Die woord "belastingfaktuur", BTW faktuur, of faktuur; en
- Die naam, adres en BTW-registrasienuommer van die leweraar;
- Die naam, adres en BTW-registrasienuommer van die ontvanger indien die faktuur R 5 000 oorskry, andersins kan 'n verkorte faktuur uitgereik word;
- 'n Individuele opeenvolgende nommer;
- Die datum waarop die belastingfaktuur uitgereik is;
- 'n Beskrywing van die goedere of dienste gelewer;
- Indien die goedere wat gelewer word, tweedehandse goedere is, moet hierdie feit vermeld word;
- Die hoeveelheid of volume van die goedere of dienste gelewer;
- Die waarde van die lewering, die bedrag BTW gehef, en die vergoeding vir die lewering betaal, of die vergoeding vir die lewering, en 'n verklaring dat die vergoeding BTW insluit, en die koers waarteen die BTW gehef is;
- Aangetoon in die geldeenheid van Suid-Afrika tensy dit 'n nulkoers lewering is.

Waar die lewering in kontant is en nie vir meer as R 50 is nie, moet die verskaffer 'n dokument verskaf wat aanvaarbaar is vir die SAID.

Waar 'n belastingfaktuur uitgereik is en die lewering word gekanselleer of die aard daarvan verander wesenlik, of die bedrag het verander, of daar is 'n foutiewe bedrag op die oorspronklike faktuur, moet die ondernemer 'n kredietnota of debietnota uitreik wat die verandering reflekteer.

Alternatiewe dokumentasie bewys

Waar 'n ondernemer nie in staat was om die voorgeskrewe dokumente te bekom nie sal geen inset belasting toegelaat word nie tensy:

- 'n Beslissing nie later as twee maande voor die verstryking van die vyf-jaar tydperk uitgereik word, wat bevestig dat die dokument in die ondernemer se besit aanvaarbaar is vir die doeleindes van die maak van 'n aftrekking is; en
- Die beslissing en dokument deur die ondernemer gehou word op die tydstip wat 'n opgawe ten opsigte van die aftrekking ingedien word.

Die Kommissaris sal slegs 'n beslissing uitreik indien hy tevrede is dat:

- Die ondernemer redelike stappe geneem het om die voorgeskrewe dokument te verkry en nie in staat was om die dokument te verkry nie

- te wyte aan omstandighede buite die ondernemer se beheer; en
- Geen ander bepaling van hierdie Wet toegepas kan word om die Kommissaris tevrede te stel dat die dokument in die ondernemer se besit vir doeleindes van die maak van 'n aftrekking aanvaarbaar is nie.

Ondernemers kan slegs van hierdie verligting gebruik maak as 'n laaste uitweg. Slegs wanneer die beslissing uitgereik is mag die bedrag as inset belasting afgetrek word. Ondernemers sal dus nie toegelaat word om die inset belasting te eis in 'n vorige belastingtydperk wat alreeds gesluit het nie.

Persone wat ophou om 'n ondernemer te wees

Waar 'n persoon ophou om 'n ondernemer te wees, sal alle goedere wat deel uitmaak van die besigheid, uitsluitende goedere waarop inset belasting geweier was, geagte lewerings uitmaak op die dag wat die persoon ophou om 'n ondernemer te wees. Die uitsetbelasting word betaal teen 'n koers van 15/115 op die laagste van die kosprys van die goedere (insluitende BTW) of die markwaarde. Die ondernemer word ook verplig om uitset BTW te betaal op enige onbetaalde skuld ten opsigte waarvan inset BTW voorheen geëis was.

Laat betaling van BTW

Indien BTW laat betaal word, is 'n boete van 10% betaalbaar, plus rente teen die voorgeskrewe koers vir die periode wat die BTW onbetaald bly.

SKENKINGSBELASTING

Skenkings beteken enige gratis beskikking van eiendom insluitende enige gratis afstanddoening van 'n reg. 'n Skenking word geag in werking te tree op die datum waarop al die wetlike formaliteite vir 'n geldige skenking afgehandel is. Skenkingsbelasting is nie van toepassing op nie- inwoners selfs al word Suid-Afrikaanse bates geskenk.

Die skenkingsbelastingkoers is 20% indien die waarde van die bate of geld wat geskenk word minder is as R 30 miljoen. Skenkings van meer as R 30 miljoen word teen 25% belas. Skenkingsbelasting is betaalbaar deur die skenker. Die belasting is betaalbaar teen die einde van die maand wat volg op die maand waarin die skenking gemaak is. Indien die skenker versuim om die belasting binne die voorgeskrewe tydperk te betaal, is die skenker en die begunstigde gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir die belasting. Die jaarlikse vrystelling vir natuurlike persone is R 100 000. Vir ander persone is dit R 10 000.

Waar 'n skenker meer as een donasie gedurende 'n jaar maak, word die vrystelling bereken in die volgorde waarin die donasies gemaak is.

Vrystellings

- Bona fide onderhoudsbetalings.
- Skenkings aan Openbare Weldaadsorganisasies en 'n kwalifiserende tradisionele raad of gemeenskap.
- Skenkings tussen eggenote wat nie geskei is nie.
- Skenkings waar die begunstigde nie sal baat tot na die dood van die skenker nie.
- Skenkings gemaak deur maatskappye wat erken word as publieke maatskappye vir belastingdoeleindes.
- Skenkings tussen maatskappye wat deel vorm van dieselfde groep van maatskappye.
- Skenkings wat binne 6 maande vanaf die dag waarop dit van krag geword het, gekanselleer word.
- 'n Besikking van eiendom ingevolge en ooreenkomstig 'n trust.

- 'n Skenking van eiendom, of reg op eiendom, wat buite Suid-Afrika geleë is en die skenker die eiendom verkry het voordat hy/sy vir die eerste keer 'n inwoner van Suid-Afrika geword het, of dit geërf het, of ontvang het vanaf 'n nie-inwoner.

Waar twee persone binne gemeenskap van goedere getroud is, en eiendom word in terme van 'n skenking deur een van die eggenote vervreem, word so 'n skenking geag in gelyke dele gemaak te wees, tensy sodanige eiendom uitgesluit was van die gesamentlike boedel van die gades, dan sal sodanige skenking geag gemaak te wees deur slegs die gade wat die skenking maak.

Waar enige eiendom vervreem word vir 'n vergoeding wat na die mening van die Kommissaris nie 'n voldoende vergoeding is nie, sal daardie eiendom geag word geskenk te wees.

Rente sal gehef word op die laat betaling van skenkingsbelasting. Skenkingsbelasting is onderworpe aan die boetes soos vervat in die Belastingadministrasiewet, maar daar is geen boete vir die laat betaling van skenkingsbelasting nie.

BOEDELBELASTING

Boedelbelasting word gehef teen 20% op die eerste R 30 miljoen en teen 'n koers van 25% bo R 30 miljoen op die belasbare waarde van die boedel meer as R 3,5 miljoen.

Die boedel van die oorledene, wat normaalweg in Suid-Afrika woonagtig was, bestaan uit al die eiendom en geagte eiendom van die oorledene, waar ookal geleë.

Indien die oorledene 'n nie-inwoner was, sal sy/haar Suid-Afrikaanse boedel normaalweg bestaan uit alle afdwingbare regte op eiendom in Suid-Afrika.

Die belasting word bereken op die belasbare waarde van die boedel, bepaal deur die totale waarde van al die eiendom minus sekere toelaatbare aftrekkings bv.:

- Begrafnis- en sterfbed onkoste;
- Skuld aan persone gewoonlik woonagtig in Suid-Afrika verskuldig;
- Koste wat toegelaat was deur die Meester vir die administrasie en likwidasië van die boedel;
- Alle onkoste aangaan vir die uitvoering van die vereistes van die Meester of Kommissaris;
- Bates besit deur die oorledene voor immigrasie na die Republiek;
- Enige eise deur die oorledene gade gemaak;
- Waarde van enige eiendom wat bemaak is aan enige liefdadigheids-organisasie of instelling wat vrygestel is van belasting;
- Verbeterings aangebring aan die eiendom deur die begunstigde;
- Bates toegeval aan 'n oorledene gade.

Alle enkelbedrag voordele, wat ontvang is, as gevolg van die dood van 'n persoon, vanaf 'n uittreefonds, is vrygestel van boedelbelasting.

Indien 'n persoon te sterwe kom op of na 1 Januarie 2016 sal enige bydraes deur die oorledene as gevolg van lidmaatskap of vorige lidmaatskap van enige pensioen-, voorsorg-, of uittredingsannuiteit fonds, wat nie as 'n aftrekking teen belasbare inkomste of teen enige enkelbedrag ontvang toegelaat is nie, geag word die eiendom van die boedel te wees.

Inkomste na afsterwe vanaf 1 Maart 2016

Inkomste ontvang deur of toegeval aan die eksekuteur van 'n bestorwe boedel moet belas word in die hande van die oorledene se boedel. Inkomste sluit bedrae in wat inkomste sou gewees het in die hande van die oorledene indien dit ontvang was gedurende sy of haar leeftyd.

Die oorledene se boedel moet belas word as 'n natuurlike persoon, maar dit kan nie die persoonlike kortings, of die mediese bydraes of mediese uitgawes kortings aftrek nie.

Bates verkry deur die oorledene se boedel na 1 Maart 2016

Behalwe vir bates wat deur 'n oorlewende gade verkry sal word, word die oorledene se boedel beskou om daardie bate te verkry het vir 'n bedrag van uitgawes aangegaan gelykstaande aan die markwaarde van daardie bate soos op die datum van die dood van daardie oorlede persoon.

Waar die oorledene se boedel oor 'n bate aan 'n erfgenaam of legataris beskik, word daardie bestorwe boedel geag om oor daardie bate te beskik vir 'n bedrag ontvang of toegeval gelykstaande aan die bedrag van uitgawes aangegaan deur die bestorwe boedel ten opsigte van daardie bate.

'n Oorlewende gade word geag om die bate te verkry het op dieselfde datum as waarop die oorledene die bate verkry het, en word ook geag om dieselfde aftrekkings en toelaes te geëis het wat die oorledene en die bestorwe boedel geëis het:

- Vir handelsvoorraad 'n bedrag van uitgawes aangegaan deur die oorledene en toegelaat is as 'n aftrekking met ander woorde die koste van die aankoop of koste van beginvoorraad in die jaar afsterwe;
- Kapitale bate wat deel was van die oorledene se boedel: Basiskoste van die bate soos op die datum van die oorledene se afsterwe;
- Vir bates (handelsvoorraad en kapitale bates) wat deur die oorledene se boedel verkry is of verbeterings aan bates wat deur die boedel aangebring is word die oorlewende gade geag sodanige bates te verkry het vir 'n uitgawe gelyk aan die koste wat aangegaan is deur die oorledene se boedel. Dit sluit die basiskoste op die datum van afsterwe in plus enige verdere kostes wat aangegaan is.

Die oorlewende gade geag om daardie bate te gebruik het op dieselfde wyse as die wyse waarop daardie bate gebruik was deur die oorlede persoon en die bestorwe boedel.

Waar die belasting bereken wat betrekking het op die belasbare kapitaalwins ontvang deur 'n oorlede persoon van bates beskik deur daardie persoon, 50% van die netto waarde van die boedel van daardie persoon oorskry, voor die bedrag van belasting so bereken in aanmerking geneem word en van die eksekuteur vereis word om te beskik oor enige van die boedel vir die doeleindes van betaling van die bedrag belasting mag enige erfgenaam of legataris van die boedel wat aanspraak sou hê op daardie bate indien daar geen aanspreeklikheid vir belasting was nie, kies dat die bate uitgekeer word aan daardie erfgenaam of legataris indien die bedrag van belasting wat 50% van daardie netto waarde oorskry betaal word deur daardie erfgenaam of legataris binne 'n tydperk van drie jaar na die datum wat die boedel verdeelbaar geword het. Enige bedrag van belasting betaalbaar deur 'n erfgenaam of legataris word 'n skuld verskuldig aan die staat en word behandel as 'n bedrag van belasting vorderbaar wat verskuldig is deur daardie persoon.

Die oorledene se boedel is vrygestel van die betaling van voorlopige belasting.

Oordrag van korting op boedelbelasting

Die onbenutte gedeelte van die R 3.5 miljoen korting van die oorledene kan oorgedra word na die oorlewende eggenoot se boedel indien dit nie gebruik is nie. Dit beteken dat die langsliewende eggenoot geregtig sal wees op 'n maksimum korting van R 7 miljoen. Die eksekuteur van die oorledene moet 'n afskrif van die opgawe van die vooroorlede gade, of ander tersaaklike materiaal wat die Kommissaris as redelik ag indien.

Die eksekuteur is geregtig op 'n administrasiefooi van tot en met 3.5% van die waarde van die boedel en 6% van alle inkomste ontvang tydens die finalisering van die oorledene se boedel.

Opeenvolgende sterftes korting

Verligting is beskikbaar waar dieselfde eiendom ingesluit is in die boedel van belastingpligtiges wat binne 'n tydperk van 10 jaar opeen-volgend sterf. Die verligting word as volg bereken:

- 100% - indien die belastingpligtiges binne 2 jaar van mekaar sterf.
- 20% - vir elke 2 jaar oor die volgende 8 - 10 jaar.

In die geval waar 'n persoon en sy gade gelyktydig te sterwe kom, sal dit geag word dat die persoon met die kleiner boedel eerste tot sterwe gekom het.

HEREREGTE

Hereregte is 'n belasting wat betaal word op die verkryging van vaste eiendom binne Suid-Afrika. Die hereregte is betaalbaar deur die aankoper, en moet betaal word binne 6 maande na die datum van die aankoop.

Ten opsigte van die verkrygings van eiendom op of na 1 Maart 2017/2018

Waarde van eiendom (R)	Koers		
0 - 900 000		0%	
900 001 - 1 250 000		3%	bokant 900 000
1 250 001 - 1 750 000	10 500 +	6%	bokant 1 250 000
1 750 001 - 2 250 000	40 500 +	8%	bokant 1 750 000
2 250 001 - 10 000 000	80 500 +	11%	bokant 2 250 000
10 000 001 en meer	933 000 +	13%	bokant 10 000 000

Indien die transaksie onderhewig is aan BTW (standaard of nulkoers) is geen hereregte betaalbaar nie.

Waar die eienaarskap van 'n trust, of die aandele, of eienaarsbelang van 'n maatskappy of beslote korporasie, wat residensiële eiendom besit, wat bestaan uit meer as 50% van al die bates (uitgesluit enige laste), oorgedra word, sal hereregte gehef word op die markwaarde van die eiendom.

Oordragte tussen gades met egskeiding/dood, of aan erfgename vanaf 'n oorledene se boedel is vrygestel van hereregte.

SEKURITEITEOORDRAGBELASTING

Sekuriteiteoordragbelasting is betaalbaar deur die koper teen 'n koers van 0,25% op die oordrag van alle aandele in maatskappye wat in Suid-Afrika geïnkorporeer is, sowel as buitelandse maatskappye wat op die Suid-Afrikaanse aandelebeurs genoteer is. Dit is ook betaalbaar op die oordrag van 'n ledebelang in 'n beslote korporasie. Geen sekuriteiteoordragbelasting is betaalbaar op die oorspronklike uitreiking van aandele nie.

Sekuriteiteoordragbelasting is betaalbaar op die hoogste van die

vergoeding aangebied of die markwaarde van die aandele wat oorgedra word. Die sekuriteiteoordragbelasting is betaalbaar deur die koper indien die sekuriteite oorgedra word. Indien die aandele of sekuriteite gekanselleer of afgelos word, is die entiteit wat die aandele kanselleer of aflos, aanspreeklik vir die betaling van die sekuriteiteoordragbelasting.

Geen sekuriteiteoordragbelasting is betaalbaar as die aandele gekanselleer of afgelos word as gevolg van 'n maatskappy wat gelikwedeer of gederegistreer word nie.

Vir genoteerde aandele moet die sekuriteiteoordragbelasting oorbetaal word teen die 14de van die maand wat volg op die maand waarin die oordrag van aandele plaasgevind het. Vir ongenoteerde aandele moet die sekuriteiteoordragbelasting oorbetaal word teen die einde van die tweede maand wat volg op die maand waarin die oordrag plaasgevind het.

Die laat betaling van sekuriteiteoordragbelasting is onderhewig aan 'n boete van 10%. Rente sal ook teen die voorgeskrewe koers gehef word.

VAARDIGHEIDSONTWIKKELINGSHEFFINGS (VOH)

VOH is betaalbaar deur elke werkgewer in Suid-Afrika wat 'n jaarlikse betaalstaat van meer as R 500 000 het. Die bedrag betaalbaar word bereken teen 1% van die totale bedrag van besoldiging betaal aan werknemers.

Die bedrag waarop die persentasieheffing bereken word is die totale bedrag van besoldiging betaal deur 'n werkgewer aan sy werknemers gedurende enige maand, soos vasgestel vir die doeleindes van die bepaling van werknemersbelasting, ongeag of werknemersbelasting afgetrek word, al dan nie. Dit sal enige bedrag insluit wat betaal, of betaalbaar is aan 'n persoon, in kontant of andersins, ten opsigte van dienste gelewer of wat nog gelewer moet word.

Uitsluitings:

- Bedrae betaal aan onafhanklike kontrakteurs;
- Vergoeding van uitgawes deur werknemers aangegaan;
- Pensioene betaal; en
- Vergoeding van leerders onder leerkontrakte.

Direkteursvergoeding sal soos vir LBS doeleindes onderhewig wees aan die vaardigheidsontwikkelingsheffings.

WERKLOOSHEIDSVERSEKERINGSFONDS (WVF)

Die Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) bied korttermynverligting aan werkers wanneer hulle werkloos word, of nie kan werk nie weens swangerskap, aannemingsverlof of siekte. Dit bied ook verligting aan die afhanklikes van 'n afgestorwe werknemer.

Die werkgewer moet 'n totale bydrae van 2% (1% bygedra deur die werknemer en 1% bygedra deur die werkgewer) binne die voorgeskrewe tydperk betaal. Die maksimum verdienste plafon is R 14 872 per maand of R 178 464 per jaar.

Die bedrae wat afgetrek of teruggehou word, moet maandeliks deur die werkgewer aan die SAID betaal word deur die Maandelikse Werkgewerverklaring (EMP201) te voltooi. Dit moet betaal word binne sewe dae na die einde van die maand waartydens die bedrag afgetrek is. As die laaste dag vir betaling op 'n openbare vakansiedag of naweek val, moet die betaling op die laaste sakedag voor die openbare

vakansiedag of naweek gedoen word.

'n Werkloosheidsvoordeel ontvang is vrygestel van belasting in die hande van die ontvanger.

BEROEPSVERGOEDING

Die doel van die Wet is om voorsiening te maak vir vergoeding vir arbeidsongeskiktheid, veroorsaak deur beroepsbeserings of siektes opgedoen deur werknemers in die loop van hulle diens, of afsterwe as gevolg van sodanige beserings of siektes, en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

Registrasie

Alle werkgewers wat een of meer deeltydse of voltydse werknemers in diens neem moet registreer by die Vergoedingsfonds en die jaarlikse aangeslane fooie betaal. Die jaarlikse aangeslane fooi word gebaseer op die werknemers se vergoeding en die risiko geassosieer met die tipe werk of beroep.

Let wel: 'n Aparte registrasie is noodsaaklik vir elke aparte tak van 'n onderneming, tensy 'n reëling gemaak is vir 'n gekombineerde registrasie.

Die fonds dek die volgende werknemers:

- Permanente werknemers;
- Huiswerkers in 'n koshuis;
- Vakleerling of leerling plaaswerker, en
- Werkers wat betaal word deur 'n arbeidsagentskap.

Let wel: Huiswerkers wat in diens is by huishoudings is uitgesluit asook enige persoon wat militêre opleiding ontvang.

Aan diens

Die ongeluk moes plaasgevind het terwyl die werknemer aan diens was. Die ongeluk moes plaasgevind het as gevolg van die werknemer wat die werk gedoen het waarvoor hy/sy indiens geneem was om te doen. Dit moet die indiensneming wees wat veroorsaak het dat die ongeluk gebeur het, of die werker blootgestel het aan die risiko van die ongeluk.

Datum van indiening van opgawes

Werkgewers moet hul opgawes van verdienste indien nie later as die 31ste Maart van elke jaar nie.

VOORLOPIGE BELASTING

Enige persoon wat binne die omskrywing van 'n voorlopige belastingpligtige val, moet binne 21 besigheidsdae as 'n voorlopige belastingpligtige registreer nadat die verpligting ontstaan het om te registreer.

'n Voorlopige belastingpligtige word gedefinieer as:

- Enige persoon wat inkomste verdien wat nie besoldiging of 'n toelae of 'n voorskot uitmaak nie;
- Enige persoon wat besoldiging verdien vanaf 'n werkgewer wat nie geregistreer is vir werknemersbelasting nie;
- Enige maatskappy;
- Enige persoon wat deur die Kommissaris in kennis gestel word dat hy/sy 'n voorlopige belastingpligtige is.

Uitsluitings

- Enige Openbare Weldaadsorganisasie wat vrygestel is van belasting;
- Enige ontspanningsklub wat vrygestel is van belasting;
- Enige regspersoon, aandeelblokmaatskappy of vereniging van

persone uitsluitlik gestig vir die doel van die bestuur van die gesamentlike belange van al die lede;

- 'n Kleinsakebefondsingsentiteit;
- 'n Nie-inwonende eienaar of bevrachter van skepe of vliegtuie aangeslaan ingevolge artikel 33 van hierdie Wet;
- Enige natuurlike persoon wat nie enige inkomste verkry uit die bedryf van enige besigheid nie, indien:
 - Die belasbare inkomste van daardie persoon vir die betrokke jaar van aanslag nie die belastingdrempel sal oorskry nie; of
 - Die belasbare inkomste van daardie persoon vir die betrokke jaar van aanslag wat uit rente, dividende, buitelandse dividende, huurgeld uit die verhuring van onroerende eiendom, en vergoeding vanaf 'n werkgewer wat nie geregistreer is vir werknemersbelasting nie, nie R 30 000 sal oorskry nie; en
- 'n Bestorwe boedel.

Skatting van belasbare inkomste

Elke voorlopige belastingpligtige moet gedurende elke tydperk waarin voorlopige belasting betaalbaar is aan die Kommissaris (tensy die Kommissaris anders gelas) 'n opgawe van 'n skatting verstrek van die totale belasbare inkomste wat ten opsigte van die jaar van aanslag deur die belastingpligtige verkry sal word. Vir natuurlike persone moet die skatting nie enige uittreefondsenkelbedrag, uittreefonds onttrekkingsvoordeel of 'n skeidingsvoordeel ontvang deur of toegeval aan die belastingpligtige gedurende die tersaaklike jaar van aanslag insluit nie. Die belasbare gedeelte van die totale kapitaalwins moet ingesluit word in die berekening van die eerste en die tweede voorlopige betaling.

Die bedrag van enige skatting mag nie minder wees as die basiese bedrag nie, tensy die omstandighede van die saak 'n laer bedrag regverdig.

Die Kommissaris kan 'n voorlopige belastingpligtige aansê om 'n skatting te staaf, of om besonderhede van die inkomste en uitgawes of enige ander verlangde besonderhede te verstrek. Indien die Kommissaris nie met die skatting tevrede is nie, kan hy die bedrag verhoog tot 'n bedrag wat hy redelik ag. Die verhoging van die skatting is nie aan beswaar en appèl onderhewig is nie.

Basiese bedrag

Die basiese bedrag is die belasbare inkomste, soos gereflekteer in die laaste aanslag uitgereik deur die SAID, nie minder as 14 dae voor die datum wat die belastingpligtige die voorlopige belastingopgawe indien, uitsluitend:

- Die bedrag van enige belasbare kapitaalwins, die belasbare gedeelte van enige uittreefonds enkelbedragvoordeel, uittreefonds enkelbedrag onttrekkingsvoordeel of enige skeidingsvoordeel.
- Enige enkelbedragvoordeel wat ontstaan as gevolg van die variasie van 'n amp, insluitende enige bedrag ontvang deur 'n werknemer ten opsigte van 'n polis of versekeringspolis gehou deur die werkgewer, of gesedeer deur die werkgewer aan die werknemer en wat ingesluit was in sy belasbare inkomste vir daardie jaar van aanslag.

Vir 'n maatskappy is die basiese bedrag die belasbare inkomste, soos aangeslaan deur die SAID, vir die laaste voorafgaande jaar van aanslag, min die bedrag van enige belasbare kapitaalwins.

Indien 'n skatting gemaak moet word, meer as 18 maande na die datum van die laaste jaar van aanslag, moet die basiese bedrag met 'n bedrag gelykstaande aan 8% per jaar, vanaf die einde van sodanige jaar tot die einde van die jaar van aanslag ten opsigte waarvan

daardie skatting gemaak word verhoog word.

Eerste jaar van aanslag

In die geval waar 'n belastingpligtige nie aangeslaan is gedurende 'n vorige jaar van aanslag nie, moet 'n redelike skatting van belasbare inkomste gemaak word. Die basiese bedrag mag nie geskat word as nul tensy dit ten volle gemotiveer kan word nie.

Eerste voorlopige betaling

Binne 6 maande na die begin van die belastingjaar (vir individue 31 Augustus) moet 'n bedrag gelyk aan die helfte van die belasting, op die geskatte belasbare inkomste, min enige werknemersbelasting betaal tot op datum, en buitelandse belasting onderhewig aan die artikel 6quat korting, aan die SAID oorbetal word. Die geskatte belasbare inkomste mag nie laer wees as die basiese bedrag (soos hierbo bespreek) nie, tensy toestemming verkry is vanaf die SAID om 'n laer skatting te gebruik.

Tweede voorlopige betaling

Betaalbaar voor of op die laaste dag van die finansiële jaar (vir individue die laaste dag van Februarie).

Belasbare inkomste van R 1 miljoen of minder: Die geskatte belasbare inkomste moet nie minder wees as die laagste van:

- Die basiese bedrag (soos hierbo bespreek); of
- 90% van die werklike belasbare inkomste vir die jaar.

Belasbare inkomste van meer as R 1 miljoen: Die beraamde belasbare inkomste moet gelyk wees aan minstens 80% van die werklike belasbare inkomste vir die jaar.

Boete vir onderbetaling as gevolg van 'n onderskatting

Belasbare inkomste van R 1 miljoen of minder: Die boete is 20%, gebaseer op die laagste van of normale belasting op 90% van belasbare inkomste, of normale belasting op die basiese bedrag, min enige werknemersbelasting en voorlopige belasting wat alreeds betaal is teen die einde van die jaar van aanslag.

Belasbare inkomste van meer as R 1 miljoen: Die boete is 20% gebaseer op normale belasting op 80% van belasbare inkomste, min enige werknemersbelasting en voorlopige belasting wat alreeds betaal is teen die einde van die jaar van aanslag.

Let wel dat enige uitreefonds enkelbedragvoordeel, uitreefonds enkelbedrag onttrekkingsvoordeel, of skeidingsvoordeel ontvang deur of toegeval aan, die belastingpligtige gedurende die tersaaklike jaar van aanslag, nie vir doeleindes van hierdie berekening in ag geneem sal word nie. Enige enkelbedrag ontvang vanaf 'n werkgewer as gevolg van die vergoeding vir 'n verlies van amp of diensbetrekking word egter by die berekening van die boete ingesluit.

Indien die Kommissaris tevrede is dat die skatting met erns bereken is, en nie opsetlik of weens nalatigheid onderskat is nie, kan die Kommissaris sy diskresie gebruik om die boete, of 'n gedeelte daarvan, kwyt te skeld.

Indien 'n voorlopige belastingpligtige nie binne 4 maande na die laaste dag van die jaar van aanslag 'n voorlopige belastingopgawe ingedien het nie, word die belastingpligtige geag 'n nulopgawe in te gedien het.

Boete op laat betaling van voorlopige belasting

Indien 'n voorlopige belastingpligtige enige bedrag van voorlopige belasting nie binne die toegelate tydperk betaal nie, sal 'n boete van 10% van die bedrag wat laat betaal is gehef word.

Die 20% boete vir die onderskatting van voorlopige belasting met betrekking tot die tweede voorlopige belastingbetaling moet verminder word met die 10% boete vir laat betaling.

Indien die SAID oortuig is dat die voorlopige belastingpligtige se versuim om die skatting betyds in te dien nie te wyte was aan 'n bedoeling om die betaling van voorlopige belasting of normale belasting te ontduik of uit te stel nie, kan die 20% boete in geheel of gedeeltelik kwytgeskeld word.

Derde voorlopige betaling

Maatskappye en beslote korporasies wie se belasbare inkomste R 20 000 oorskry en individue en trusts wie se belasbare inkomste R 50 000 oorskry, mag 'n opsionele derde betaling maak ten einde rente te vermy op enige onderbetaling. Hierdie betaling behoort 6 maande na die einde van die belastingjaar gemaak te word en verteenwoordig die uitstaande balans van belasting betaalbaar op die werklike belasbare inkomste vir die jaar. Indien die jaareinde Februarie is, is die derde betaling betaalbaar voor of op 30 September (7 maande na die einde van die finansiële jaar). Die derde voorlopige betaling is nie verpligtend nie en daarom is daar geen boetes vir laat of onderbetalings nie.

KAPITAALWINSBELASTING (KWB)

Kapitaalwinsbelasting is betaalbaar wanneer 'n kapitale bate verkoop word, of wanneer daar 'n verandering in die eienaarskap van die bate is.

Indien 'n kapitale bate teen 'n wins verkoop word, is die wins onderhewig aan kapitaalwinsbelasting, maar indien dit teen 'n verlies verkoop word kan die kapitale verlies afgespeel word teen ander kapitale winste. Indien daar geen ander kapitale winste vir die jaar is nie, word die kapitale verlies oorgedra na die volgende jaar.

Berekening

Opbrengs met vervreemding van 'n bate	XXXXX
<u>Minus:</u> Basiskoste van 'n bate	XXXXX
Kapitaalwins/verlies op spesifieke bate	XXXXX
<u>Tel by:</u> Kapitaalwinste/verliese van alle ander bates	
vervrem gedurende jaar van aanslag	XXXXX
<u>Minus:</u> Slegs vir natuurlike persone R 40 000;	
of boedels R 300 000	XXXXX
<u>Minus:</u> Aangeslane kapitaalverlies oorgebring vanaf	
vorige jaar van aanslag	XXXXX
= Netto kapitaalwins vir die jaar *	XXXXX

Insluitingskoers

Individue en spesiale trusts: 40%

Ander regspersone: 80%

*(Indien dit 'n netto kapitaalverlies is, word dit oorgedra na die volgende jaar van aanslag en magnie afgesit word teen belasbare inkomste nie).

Effektiewe koerse vir kapitaalwins

Belastingbetaler	Insluitings koers (%)	Statutêre koers (%)	Effektiewe koers (%)
Individue	40	0 - 45	0 - 18
Maatskappye	80	28	22.4
Kleinsakekorporasies	80	0 - 28	0 - 22.4
Persoonlike diensverskaffer	80	28	22.4
maatskappy			
Nie-inwoner maatskappy met 'n tak in die Republiek	80	28	22.4
Trusts (normaal)	80	45	36
Trusts (spesiaal)	40	0 - 45	0 - 18
Openbare weldaadsorganisasie	80	28	22.4

Aanspreeklikheid vir kapitaalwins belasting

Alle persone wat inwoners van Suid-Afrika is vir doeleindes van inkomstebelasting sal onderhewig wees aan KWB met die vervreemding van enige van hul bates wêreldwyd.

Nie-inwoners sal slegs onderhewig wees aan KWB met vervreemding van:

- Onroerende eiendom of enige belang in die eiendom in Suid-Afrika;
- Bates van 'n permanente instelling in Suid-Afrika; en
- Ten minste 'n 20% belang in die aandele van 'n maatskappy, waar ten minste 80% van die netto batewaarde uit onroerende eiendom bestaan in Suid-Afrika, uitgesluit handelsvoorraad.

Opbrengs

Opbrengste is die bedrae ontvang of toegeval aan die belastingpligtige ten opsigte van die vervreemding van 'n bate. Spesifiek ingesluit is die bedrag waarmee enige skuld deur 'n persoon verskuldig, verminder of afgelos word deur die krediteur. Dit sluit bedrae uit wat ingesluit is in bruto inkomste vir belastingdoeleindes, en bedrae terugbetaal of terugbetaalbaar of vir 'n vermindering van die verkoopprys.

Bate

Enige eiendom, roerend of nie-roerend, tasbaar of nie-tasbaar asook 'n reg of belang in sodanige eiendom. Spesifiek uitgesluit is enige geldeenheid behalwe vir munte wat hoofsaaklik van platinum of goud gemaak is.

Vervreemding van bates

'n Kapitaalwins of verlies kan slegs ontstaan as 'n bate soos hierbo omskryf, vervreem word. Vervreemding van 'n bate sluit in omstandighede waar 'n bate oorgedra word, byvoorbeeld met verkoop, sowel as ander gebeurtenisse soos skepping, verandering, uitwissing, skenking, onteiening, oormak, ruil, kansellasië, verstryking, afstand doen, skraping, verlies en vernietiging van 'n bate. Die oordrag van 'n trustbate na 'n begunstigde word ook as 'n vervreemding beskou behalwe as die begunstigde 'n gevestigde reg op die bate gehad het. Enige uitkering van 'n bate deur 'n maatskappy aan sy aandeelhouders, die toestaan, hernuwing, verlenging en uitoefening van opsies is ook 'n vervreemding maar nie die oorspronklike uitgif van aandele, effekte, opsies en skuldbriewe deur die maatskappy nie. 'n Afname van 'n belang in 'n trust, maatskappy of vennootskap deur middel van 'n waarde-verskuiwingsooreenkoms word as 'n vervreemding beskou, maar nie die verleen van krediet, of die gee van bates as sekuriteit vir skuld, regstelling van foute op aktes, ens. en aanstelling van nuwe trustees nie.

Geagte beskikking

- 'n Belastingbetaler emigreer ten opsigte van sekere bates;
- Nie-inwoners staak om 'n permanente instelling in die Republiek te wees, of wanneer bates, die bates van 'n permanente instelling word;
- Bates handelsvoorraad word; en
- Bates ophou om persoonlike gebruiksbates of handelsvoorraad te wees anders as deur vervreemding.

Bogenoemde bates word geag vervreem te word teen markwaarde en weer verkry te word teen dieselfde markwaarde.

Waar 'n persoon 'n Suid-Afrikaanse inwoner word, word hy/sy geag sy/haar bates teen markwaarde te vervreem het en onmiddellik weer teen dieselfde waarde aangeskaf het op die dag onmiddellik voor hy/sy 'n inwoner word.

Tydstop van vervreemding is die dag waarop die eienaarskap verander maar waar daar 'n ooreenkoms met 'n opskortende voorwaarde is, moet die voorwaarde eers nagekom word. Vir skenkings moet al die regsvereistes vir 'n geldige oordrag eers nagekom word. Vir 'n uitkering van 'n bate deur 'n trust is die tydstop van vervreemding, die datum waarop die belang in die bate in 'n begunstigde gevestig het.

Basiskoste

Die basiskoste van bates bestaan uit die volgende uitgawes:

- Uitgawes aangegaan om die bate te verkry of te verbeter;
- Koste wat verband hou met die verkryging of vervreemding van die bate;
- Waardasiekoste vir KWB doeleindes;
- Koste aangegaan vir die behoud of verdediging van regstitel oor die bates;
- Verbeteringskoste van die bate;
- Oordragkoste;
- Advertensie, hervestiging en installasiekoste in verband met die bate;
- Opsiekoste om die bate te verkry;
- Sekere koste aangegaan ten opsigte van die besit van bates (geheel en al of uitsluitlik gebruik vir besigheidsdoeleindes) bv. onderhoud, herstel, sekere rentes en munisipale belastinge. Geen koste kan egter bygevoeg word by die basiskoste indien daardie koste toegelaat was as 'n normale aftrekking vir belastingdoeleindes nie;
- Waar die bate bestaan uit genoteerde aandele of 'n deelnemende belang in 'n portefeulje van 'n kollektiewe beleggingskema, kan slegs een derde van die koste om die bate te besit, soos hierbo aangedui, by die basiskoste ingesluit word;
- Die waarde van die basiskoste moet verminder word met enige bedrae wat reeds vir inkomstebelastingdoeleindes afgetrek is, bedrae verhaal en bedrae nie betaal nie.

Waar 'n belastingvrye staatstoekenning ontvang is vir die verkryging, oprigting of verbetering van 'n bate, of 'n terugbetaling is vir uitgawes aangegaan om die bate te verkry, op te rig of te verbeter moet die basiskoste van die bate verminder word tot die mate dat die bedrag van die staatstoekenning aangewend is vir die verkryging, oprigting of verbetering van die bate.

Bates verkry voor waardasiedatum

Die basiskoste van bates verkry voor waardasiedatum, word vasgestel as die waardasiedatumwaarde van die bate plus enige toelaatbare uitgawes aangegaan na waardasiedatum. Die waardasiedatumwaarde

kan een van die volgende 3 waardes wees:

- Markwaarde van die bate op waardasiedatum;
- Tyd-toedelingsbasiskoste (toedeling van kostes d.m.v. 'n formule plus na waardasie-datum kostes); of
- 20% van die opbrengs ontvang minus uitgawes aangegaan na 1 Oktober 2001.

Markwaarde van die bate op waardasiedatum

- Suid-Afrikaanse genoteerde aandele: Gepubliseerde waardes
- Buitelandse genoteerde aandele: Sluitingsprys op waardasiedatum
- Ander bates: Waardasie op waardasiedatum.

Uitsluitings

Sekere kapitaalwinste en verliese is uitgesluit van KWB. Dit is hoofsaaklik op die volgende bates:

Primêre woning

- Die eerste R 2 miljoen van enige kapitaalwins of verlies met die vervreemding van 'n natuurlike persoon (of 'n spesiale trust onder sekere omstandighede) se primêre woning. Indien die primêre woning verkoop is vir R 2 miljoen of minder, moet die volle kapitale wins op die verkoop verontagsaam word.
- Slegs een woning kan 'n primêre woning op 'n bepaalde tydperk wees behalwe as 'n ander woning byvoorbeeld nog gebou word.
- Dit moet die woning wees waarin die persoon/begunstigde normaalweg woon en kan enige struktuur insluitende 'n boot, woonwa, ens. wees.
- Die vrystelling geld net vir 'n woning en die grond waarop dit gebou is indien die grond nie meer as 2 hektaar beslaan nie, dit slegs vir huishoudelike doeleindes gebruik word, en die grond en huis saam aan dieselfde persoon verkoop word.
- Die uitsluiting is nie van toepassing op 'n woning wat net tydelik bewoon word nie.
- Indien die eiendom nie bewoon word nie as gevolg van die bou van 'n nuwe woning of die afsterwe van die eienaar, kan dit vir slegs 'n maksimum van 2 jaar onbewoond wees.
- Waar die woning vir besigheidsdoeleindes gebruik word, moet die kapitaalwins of verlies pro-rata toegedeel vir die gedeelte en tydperk wat dit vir huishoudelike doeleindes gebruik is.
- 'n Primêre woning sal steeds kwalifiseer vir die uitsluiting al word dit verhuur, solank die huur nie langer as 5 jaar geduur het nie, die eienaar vir ten minste een jaar voor en een jaar na die huurtydperk daar gewoon het, hy geen ander woning as primêre woning gehad het nie, en tydelik afwesig was van die area waar die woning is, maar ten minste 250 km weg was, of in die buiteland was.

Bates vir persoonlike gebruik

Die vervreemding van bates van 'n natuurlike persoon wat hoofsaaklik gebruik word vir doeleindes anders as 'n bedryf word ook uitgesluit van KWB. Die uitsluiting geld nie ten opsigte van die volgende bates nie:

- Munte van goud of platinum;
- Onroerende eiendom;
- Lugvaartuie met 'n leë massa van meer as 450 kg;
- 'n Boot langer as 10 meter;
- 'n Finansiële instrument;
- 'n Fidusiêre, vruggebruik- of dergelike belang waarvan die waarde met verloop van tyd verminder;
- 'n Reg op of belang in enige van bogenoemde bates.

Aftreevoordele

'n Enkelbedragvoordeel uit 'n pensioen, pensioenbewaringsfonds, voorsorgfonds, voorsorgbewaringsfonds of uittreedingannuïteits fonds is nie onderhewig aan KWB nie.

Kleinbesigheidsbates vervreem onder die volgende omstandighede

- Die markwaarde van al die besigheid se bates (of al die besighede se bates) op die datum van vervreemding van die bate of belang in die besigheid moet nie R 10 miljoen oorskry nie;
- Die persoon wat die bates verkoop moet 'n natuurlike persoon wees wat 55 jaar of ouer is, of die onderneming vervreem as gevolg van swak gesondheid, siekte, aftrede of afsterwe van die belasting pligtige;
- Die persoon moes wesenlik betrokke gewees het in die besigheid;
- Die persoon moes die besigheid vir 'n aaneenlopende tydperk van ten minste 5 jaar gehad het, voor die vervreemding;
- Alle kapitaalwinste moet binne 'n tydperk van 2 jaar vandat die eerste bate vervreem word, gerealiseer word;
- Die vrystelling geld net tot 'n maksimum van R 1.8 miljoen in 'n persoon se leeftyd;
- Aktiewe besigheidsbates sluit nie finansiële instrumente in nie, asook bates verkry hoofsaaklik vir die verkryging van annuïteite, huurinkomste, tantième inkomste, buitelandse wisselkoerswinste of soortgelyke inkomste;
- Die bate kan ook 'n belang in 'n vennootskap of 'n aandeel van ten minste 10% in 'n maatskappy wees.

Vervreemding van mikrobesigheid bates

'n Geregistreerde mikrobesigheid sal nie onderhewig wees aan kapitaalwinsbelasting nie, en mag ook geen kapitale verlies aftrek wat ontstaan deur die vervreemding van enige bate indien die bate deel is van die mikrobesigheid.

Verdere uitsluitings

- Skadevergoeding vir persoonlike besering, siekte of laster;
- Kapitaalwins of verlies ten opsigte van 'n risikopolis met geen kontantwaarde of afloswaarde nie;
- Versekeringsvoordele ontvang deur 'n werknemer, waar die premies betaal deur die werkgever 'n geagte belasbare byvoordeel was;
- Opbrengste uit dobbel, speletjies en kompetisies (slegs vir natuurlike persone);
- Skenking en nalatenskappe aan goedgekeurde openbare weldaads-organisasies;
- Bates vervreem deur persone of instellings wat vrygestel is van inkomstebelasting;
- Bates gebruik om vrygestelde inkomste te genereer, behalwe vir bates waarop rente verdien word, aandele waarop dividende verdien word en kopiereg van die persoon wat die eerste eienaar is.

Uitgangsheffing op belange in onroerende eiendom

'n Persoon (anders as 'n maatskappy) wat opgehou het om 'n inwoner van Suid-Afrika te wees in enige jaar van aanslag, sal geag word om oor alle bates te beskik vir kapitaalwinsbelasting doeleindes, ingesluit enige belange in 'n eiendomsmaatskappy, vir 'n opbrengs gelykstaande aan die markwaarde van daardie bates, op die dag voordat die belastingpligtige opgehou het om 'n inwoner te wees, en om onmiddellik dieselfde bates teen dieselfde markwaarde te herverkry. Die jaar van aanslag word geag om te eindig op die dag voor die persoon opgehou het om 'n inwoner te wees.

Die volgende bates is nie onderhewig aan die uitgangsheffing nie:

- Onroerende eiendom geleë in die Republiek;
- Enige reg in onroerende eiendom geleë in die Republiek, uitsluitende ekwiteitsaandele in 'n maatskappy wat onroerende eiendom in Suid-Afrika het;
- 'n Kwalifiserende aandeel ingevolge artikel 8B waar die aandele binne 5 jaar voordat die persoon opgehou het om 'n inwoner te wees aan hom/haar toegeken is, 'n aandeel of ekwiteitsinstrument ingevolge

artikel 8C wat nog nie in die persoon gevestig het nie, en die reg om 'n opsie in 'n aandeel ingevolge artikel 8A te bekom.

Die markwaarde van die bate moet vasgestel word in die geldeenheid waarin die uitgawe aangegaan is om daardie bate te verkry.

Kapitaalwins toegedeel aan 'n begunstigde

Indien 'n trust 'n bate aan 'n begunstigde (wat 'n Suid-Afrikaanse inwoner is) oordra word die wins wat die trust op die beskikking van die bate maak, in die begunstigde se hande belas en nie in die trust se hande nie.

As die trust 'n bate verkoop en 'n kapitaalwins maak, word die trust nie op die wins belas as die wins in 'n Suid-Afrikaanse begunstigde vestig nie. Die begunstigde word dan op die wins belas. Die wins moet in dieselfde belastingjaar vestig waarin dit ontstaan. Indien 'n bate of wins in 'n nie-inwoner begunstigde vestig, word die trust belas.

Aandele-aansporingskema-trusts

Waar 'n kapitaalwins ontstaan met die verkoop van 'n ekwiteitsinstrument deur die trust, moet dit nie as 'n kapitaalwins van die trust in ag geneem word nie, indien die bedrag in die inkomste van die begunstigde ingesluit moet word as 'n bedrag ontvang of toegeval ten opsigte van 'n artikel 8C beperkte ekwiteitsinstrument, of as die wins in ag geneem moet word by die bepaling van die wins of verlies in die hande van die werknemer ten opsigte van die vestiging van die beperkte ekwiteitsinstrument.

LEERLINGOOREENKOMSTE

Die aftrekking ten opsigte van leerlingooreenkomste is van toepassing op geregistreerde leerlingooreenkomste tussen 'n leerling en 'n werkgewer aangegaan voor 1 April 2022.

'n Geregistreerde leerlingooreenkoms is 'n leerlingooreenkoms wat ingevolge die Vaardigheidsontwikkelings Wet geregistreer is.

Indien 'n geregistreerde leerlingooreenkoms geregistreer word binne 'n tydperk van 12 maande na die laaste dag van die jaar van aanslag waarin dit aangegaan is, word dit geag aldus geregistreer te wees op die datum waarop die geregistreerde leerlingooreenkoms aangegaan is.

Die leerlingooreenkoms moet aangegaan wees uit hoofde van 'n bedryf wat deur die werkgewer beoefen word.

Jaarlikse en voltooiing toelae

Tipe persoon	Kwalifikasie (NKR)	Vanaf 1 Oktober 2016	Tot 30 September 2016
Persoon sonder 'n gebrek	1 - 6 7 - 10	40 000 20 000	30 000 30 000
Persoon met 'n gebrek	1 - 6 7 - 10	60 000 50 000	50 000 50 000

Die jaarlikse toelaag word gebaseer op periodes van 'n volle maand wat voltooi is gedurende die werkgewer se jaar van aanslag. Die toelaag moet proporsioneel toegedeel word indien die leerling-ooreenkoms oor meer as een jaar van aanslag strek. Die jaarlikse toelaag word toegestaan vir elke daaropvolgende jaar van die leerling-ooreenkoms.

Die voltooiings toelaag mag slegs geëis word by die suksesvolle voltooiing van die leerlingooreenkoms. Die voltooiings toelaag kan geëis

word vir die aantal opeenvolgende 12 maande tydperke binne die duur van die ooreenkoms.

Indien die leerling die werkgewer se diens verlaat gedurende die jaar is daar geen verhaling nie. Indien 'n leerling nie die leerlingooreenkoms voltooi nie, mag geen toelaag deur die werkgewer geëis word, indien daardie leerling registreer vir 'n nuwe leerlingooreenkoms, hetsy met dieselfde werkgewer, of met 'n geassosieerde instansie, en die nuwe leerlingooreenkoms bevat dieselfde opleidingskomponent, as die leerlingooreenkoms wat die leerling nie voltooi het nie.

SLEUTELMANVERSEKERINGSPOLISSE

Risiko- en beleggingspolis premies betaal deur die werkgewer is slegs aftrekbaar indien:

- Die werkgewer die polishouer is; en
- Die polis betrekking het op die dood, ongeskiktheid of ernstige siekte van 'n werknemer of direkteur; en
- Die premies betaal deur die werkgewer belas is as 'n belasbare byvoordeel in die hande van die werknemer of direkteur.

Hierdie tipe polisse sal gewoonlik direk uitbetaal aan die werknemer by die plaasvind van 'n versekerde gebeurtenis. Dit kan ook uitbetaal aan die werkgewer, wat die fondse gebruik om 'n voordeel te betaal aan die werknemer of sy/haar familie. Waar die werknemer belas was op die premies as 'n byvoordeel, is die opbrengs op die polis belastingvry in die hande van die werknemer.

Waar die polis slegs 'n risikopolis is (geen kontantwaarde of afloswaarde nie), en waar die premies nie belas word as 'n belasbare byvoordeel in die hande van die werknemer of direkteur nie, sal die premies slegs aftrekbaar wees indien:

- Die werkgewer die eienaar van die polis is ten tye van die betaling van elke premie; en
- Die polis betrekking het op die dood, ongeskiktheid of ernstige siekte van 'n werknemer of direkteur; en
- Die werkgewer kies dat die premies aftrekbaar is; en
- Vir 'n polis aangegaan op of na 1 Maart 2012, moet 'n verklaring dat die premies aftrekbaar is, gemaak word in die polisdokument self. Vir polisse aangegaan voor 1 Maart 2012 moet 'n aanhangsel bygevoeg word tot die oorspronklike polis voor 31 Augustus 2012, wat sodanige verklaring bevat.

Indien 'n versekerde gebeurtenis plaasvind, sal die bedrag wat deur die werkgewer ontvang word, belasbaar wees indien die premies as 'n aftrekking toegelaat was.

Waar 'n polis aangegaan is op of na 1 Maart 2012, en die polisoor-eenkoms bevat nie 'n verklaring dat die premies aftrekbaar is nie, of geen aanhangsel is bygevoeg nie, en geen premies is as aftrekking geëis nie, sal die versekeringsopbrengs wat deur die werkgewer ontvang word, vrygestel wees van belasting. Die feit dat die werkgewer voor 1 Maart 2012 die premies kon aftrek beïnvloed nie die vrystelling nie.

Waar 'n polis betrekking het op dood, ongeskiktheid of ernstige siekte wat slegs voortspruit uit, en in die loop van indiensneming, is die premies aftrekbaar onder die normale aftrekkingsformule. 'n Voorbeeld van so 'n polis is een wat slegs algemene werksverwante ongeluksplanne dek en reisversekering vir besigheidstreise.

Indien die polis 'n indiensneming gebeurtenis dek, word die premies nie belas in die hande van die werknemer as 'n byvoordeel nie.

NAVORSING EN ONTWIKKELING

Definisie

- Sistematiese ondersoeke of eksperimentele bedrywighede, waarvan die uitkoms onseker is met as oogmerk:
 - Die ontdekking van nie-voor-die-hand-liggende wetenskaplike of tegniese kennis;
 - Die skepping en ontwikkeling van enige uitvinding soos omskryf in die Wet op Patente;
 - 'n Nuwe of funksionele model soos omskryf in die Wet op Modelle, wat geskik is om te kwalifiseer vir registrasie, en wat innoverend is ten opsigte van die funksionele eienskappe of beoogde gebruik;
 - 'n Rekenaarprogram soos omskryf in die Wet op Outeursreg wat van 'n innoverende aard is, of kennis wat noodsaaklik is vir die gebruik daarvan, anders as die skepping of ontwikkeling van bedryfshandleidings of instruksiehandleidings of dokumente van 'n soortgelyke aard met die bedoeling om gebruik te word na die navorsing en ontwikkeling afgehandel is; of
 - Beduidende en innoverende verbeteringe aan, of ontwikkeling van enige uitvinding, funksionele model, rekenaarprogram of kennis indien daardie ontwikkeling of verbetering betrekking het op enige nuwe of verbeterde funksie, verbetering van prestasie, betroubaarheid of kwaliteit;
- Die skepping of ontwikkeling van multi-bron farmaseutiese produkte;
- Die uitvoering van kliniese proewe.

Aftrekking van 150%

- Werklik aangegaan direk en hoofsaaklik ten opsigte van navorsing en ontwikkeling in die Republiek beoefen;
- In die produksie van inkomste;
- In die beoefening van enige bedryf;
- Die navorsing en ontwikkeling is goedgekeur deur die Minister van Wetenskap en Tegnologie; en
- Die uitgawes is aangegaan op of na die datum van ontvangs van die aansoek by die Departement van Wetenskap en Tegnologie vir hulle goedkeuring.

Nie-kwalifiserende uitgawes

Geen navorsing en ontwikkeling aftrekking word toegelaat vir die volgende uitgawes aangegaan nie:

- Marknavorsing, marktoetsing of verkope promosies;
- Roetinetoetse, ontleding, versameling van inligting of kwaliteitsbeheer in die normale verloop van besigheid;
- Ontwikkeling van interne sakeprosesse tensy dit hoofsaaklik bedoel is vir verkoop, of vir die verlening van gebruik, of reg van gebruik, aan persone wat nie verbonde persone is nie (bv. rekenaarsagteware);
- Navorsing in die menslike wetenskappe, met inbegrip van die kunste en geesteswetenskappe;
- Olie en gas of mineraal eksplorاسie of prospektering, behalwe om navorsing en ontwikkeling te doen, om tegnologie te ontwikkel, om te gebruik tydens eksplorاسie of prospektering;
- Die skepping of ontwikkeling van finansiële instrumente of finansiële produkte;
- Die skepping of verbetering van handelsmerke of klandisiewaarde; en
- Die registrasie of verkryging van bestaande uitvindings, modelle of rekenaarprogramme.

Bogenoemde mag egter as 'n aftrekking geëis word in terme van artikel 11(a) indien die uitgawes nie van 'n kapitale aard is nie, aangegaan is in die voortbrenging van inkomste en in die beoefening van die belastingpligtige sebedryf.

Heropening en verminderde aanslae as gevolg van laat goedkeuring

'n Belastingbetaler kan by die Kommissaris aansoek doen om al die aftrekkings toe te laat ten opsigte van navorsing en ontwikkeling indien:

- Die uitgawes aangegaan is op of na die datum van ontvangs van 'n aansoek deur die Departement van Wetenskap en Tegnologie vir die goedkeuring van daardie navorsing en ontwikkeling;
- Die uitgawes nie toelaatbaar was nie ten opsigte van 'n jaar van aanslag alleenlik uit hoofde van die gebrek aan goedkeuring; en
- Die navorsing en ontwikkeling na daardie jaar van aanslag goedgekeur word.

Die Kommissaris kan 'n verminderde aanslag uitreik vir sodanige jaar van aanslag.

Navorsing en ontwikkeling masjinerie, toerusting en geboue

Die versnelde toelaag van 50%:30%:20% is beskikbaar vanaf 1 April 2012 op nuwe en ongebruikte masjinerie of toerusting, of verbetering aan masjinerie of toerusting, deur die belastingpligtige verkry, ingevolge 'n ooreenkoms formeel en finaal geteken deur elke party tot die ooreenkoms op of na 1 Januarie 2012, en in gebruik geneem op of na daardie datum. Waar 'n gebou geheel en al en uitsluitlik gebruik word vir navorsing en ontwikkeling kan 'n 5% toelaag geëis word.

SPEZIALE EKONOMIESE SONES AANSPORING

Die Wet op Spesiale Ekonomiese Sones het op 9 Februarie 2016 in werking getree.

Kwalifiserende maatskappy

- Ingelyf in die Republiek of in enige deel daarvan; of
- Wat sy plek van effektiewe bestuur in Suid-Afrika het;
- Wat 'n bedryf beoefen in 'n spesiale ekonomiese sone aangewys deur die Minister van Handel en Nywerheid;
- 'n Bedryf beoefen vanaf 'n vaste plek van besigheid geleë binne 'n spesiale ekonomiese sone; en
- Nie minder as 90% van die inkomste van daardie maatskappy verkry word uit die beoefening van 'n bedryf binne een of meer spesiale ekonomiese sones.

Let wel: Waar meer as 20% van die onkoste wat aftrekbaar is of bruto inkomste ontvang of toegeval ten opsigte van transaksies met enige verbonde persoon wat 'n inwoner is of nie 'n inwoner is nie en daardie transaksies toeskryfbaar is aan 'n permanente saak van daardie verbonde persoon in die Republiek sal daardie maatskappy nie kwalifiseer vir die spesiale ekonomiese sone aansporings nie.

Vervaardigings maatskappye in die volgende industrieë is uitgesluit:

- Distillering, rektifisering en vermenging van spiritus;
- Vervaardiging van wyn;
- Vervaardiging van malt drankie en malt;
- Vervaardiging van tabakprodukte;
- Vervaardiging van wapens en ammunisie;
- Vervaardiging van bio-brandstowwe, indien daardie vervaardiging 'n negatiewe impak op voedselsekureit in die Republiek het;
- Enige aktiwiteite, soos uiteengesit in die SNK kodes, wat die Minister van Finansies by kennisgewing in die Staatskoerant aanwys.

Belastingverligting

- Versnelde depresiasie toelaag van 10% per jaar op nuwe en ongebruikte geboue en verbeteringe, wat besit word deur die kwalifiserende maatskappy, en hoofsaaklik gebruik word deur die

maatskappy om inkomste te genereer, in daardie ekonomiese sones, uitgesluit die voorsiening van residensiële akkommodasie;

- Geen ouderdomsbepanking is van toepassing op die indiensneming belastingaansporing vir werknemers;
- Verminderde korporatiewe koers van 15%, (slegs indien maatskappy nie die aktiwiteite beoefen soos gelys in 'n regulasie uitgereik deur die Minister van Finansies);
- BTW en doeane verligting.

Let wel: Kleinsakekorporasies het die keuse om belasting te betaal teen die laagste van 'n vaste koers van 15%, of die effektiewe belastingkoers wat bepaal word in terme van die progressiewe belasting koersstruktuur vir kleinsakekorporasies.

Hierdie aansporing sal nie meer van toepassing wees ten opsigte van enige jaar van aanslag:

- Wat op of na 1 Januarie 2024 begin; of
- 10 jaar na die aanvang van die beoefening van 'n bedryf in 'n spesiale ekonomiese sone.

BELASTINGAANSPOURING VIR INDIENSNEMING

Die Wet op die Belastingaansporing vir indiensneming het op 1 Januarie 2014 in werking getree. Die doel is om werkskepping te bevorder.

Werkgewers wat geregistreer is vir werknemersbelastingdoeleindes, sal geregtig wees daarop om hulle werknemersbelasting wat betaalbaar is te verminder vir elke maand, ten opsigte van die indiensneming van 'n kwalifiserende individu. Die voordeel wat die werkgever ontvang is vrygestel van belasting.

Die aansporing is nie van toepassing op die regering as 'n werkgever nie, en ook nie vir sekere openbare entiteite of munisipaliteite nie.

Kwalifiserende werknemer

- 'n Natuurlike persoon wat nie 'n onafhanklike kontrakteur is met betrekking tot die werkgever nie;
- Tussen die ouderdom van 18 en 29 jaar, op die einde van die maand ten opsigte waarvan die belastingaansporing geëis word;
- 'n Geldige Suid-Afrikaanse identiteitsdokument het, of in besit is van 'n asielsoekerspermit of 'n identiteitskaart uitgereik ingevolge die wet op vlugteling; en
- Is nie 'n verbonde aan die werkgever nie;
- Is nie 'n huishulp is nie;
- Was nie voor of op 1 Oktober 2013 deur die werkgever of 'n geassosieerde persoon in diens geneem nie;
- Ten minste die minimum loon verdien in terme van die loon regulering; of
- Waar die werknemer vir ten minste 160 ure aangestel en betaal is in 'n maand, die bedrag van R 2 000 per maand;
- Waar die werknemer vir minder as 160 ure betaal word, moet die aansporing pro rata toegedeel word; en
- Ontvang besoldiging van hoogstens R6 000 per maand;
- Vir werkgewers wat 'n bedryf beoefen in 'n Spesiale Ekonomiese Sone is daar geen ouderdomsbepanking vir die werknemers nie.

Let wel: Met ingang van 1 Maart 2018 beteken "ure" gewone ure "soos omskryf in die Wet op Basiese Diensvoorwaardes.

Die aansporing sal beskikbaar wees vir die eerste 2 jaar van indiensneming.

Die waarde van die aansporing word bepaal volgende 'n formule

Maandelikse besoldiging	Per maand gedurende die eerste 12 maande van indiensneming	Per maand gedurende die volgende 12 maande van indiensneming
R 0 - R 1 999	50% van maandelikse besoldiging	25% van maandelikse besoldiging
R 2 000 - R 3 999	R 1 000	R 500
R 4 000 - R 5 999	R 1 000 – (0.5 x (maandelikse besoldiging – R 4 000))	R 500 – (0.25 x (maandelikse besoldiging – R 4 000))
R 6 000 en meer	Nul	Nul

Waar 'n werknemer voorheen in die diens van 'n geassosieerde persoon was, op of na 1 Januarie 2014, moet die hoeveelheid maande wat die werknemer in die diens van die geassosieerde persoon was, deur daardie werkgever in ag geneem word by die berekening van die aansporing.

Die werkgever kan nie meer as die totale werknemersbelasting wat betaalbaar is aan die SAID aftrek in 'n spesifieke maand nie. Waar die aansporings bedrag die werknemersbelasting oorskry, kan die aansporing oorgedra word na die volgende maand, onderhewig aan sekere limiete.

Die werkgever mag nie die aansporing eis indien daar enige belastingopgawes uitstaande is, of indien daar uitstaande skuld is, tensy reëlins getref is met die SAID. In sulke gevalle sal die werkgever toegelaat word om die aansporingsbedrag oor te dra na die volgende maand, of mag dit geëis word sodra die werkgever voldoen aan die wet. As 'n werkgever nie die aansporing eis binne die 6 maande rekonsiliasie siklus nie, dan sal die aansporing nul wees na die 6 maande siklus, dus sal die werkgever nie die aansporing kan ontvang as 'n terugbetaling nie en dit sal ook nie terugwerkend van kra wees nie.

Terugbetalings

In terme van die terugbetalingsproses, kan 'n werkgever 'n terugbetaling vanaf die SAID eis van die oorskot bedrag van die aansporingsbedrag wat nie aangewend was om werknemersbelasting te verminder nie, aan die einde van elke 6 maande rekonsiliasie-tydperk. (1 Maart tot 31 Augustus en 1 September tot 28 Februarie). Die terugbetaling sal slegs gemaak word indien die werkgever in alle opsigte aan die inkomstebelastingwet voldoen het wanneer die werkgever se rekonsiliasie dokumentasie ontvang en geprosesseer was deur die SAID. Werkgewers wat nie voldoen het nie, het 6 maande vanaf die begin van die volgende rekonsiliasie siklus om enige nienakoming reg te stel en die terugbetaling te eis. Indien die werkgever nie voldoen aan die einde van die volgende 6 maande rekonsiliasie tydperk nie, sal die werkgever die terugbetaling verbeur.

Boetes

Boetes sal gehêf word wanneer:

- 'n Werkgever eis vir 'n aansporing van 'n werknemer wat minder as die minimum loon verdien (of minder as R 2 000, waar 'n minimum loon nie van toepassing is nie). Die werkgever sal aanspreeklik wees vir 'n boete gelykstaande aan 100% van die aansporing ontvang, en sal ook onderhewig wees aan onderstellings boetes en rentes.
- 'n Werkgever vermoedelik 'n werknemer vervang het om 'n kwalifiserende individu in diens te neem. 'n Boete van R 30 000 sal gehêf word vir elke werknemer wat vervang is.

Die aansporing sal eindig op 28 Februarie 2019.

REGERING TOEKENNINGS

Alle toekenning ontvang vanaf die regering in die nasionale, provinsiale of plaaslike vlak moet ingesluit word in die bruto inkomste van die ontvanger. Enige vrystelling van belasting moet gemaak word op grond van 'n spesiale vrystelling ingevolge artikel 12 P saamgelees met die Elfde Bylae tot die Wet.

WAAGKAPITAALMAATSKAPPYE (WKM)

'n Belegger mag 'n belasting aftrekking eis ten opsigte van enige uitgewas aangegaan om aandele in 'n WKM te bekom, onderhewig aan verskeie beperkings.

Geen aftrekking sal toegestaan word vir 'n belastingpligtige wat aandele in 'n WKM verkry en onmiddellik na die verkryging is daardie belasting pligtige 'n verbonde persoon tot daardie WKM.

Die verbonde-persone-toets moet 36 maande na die uitreiking van die eerste aandele deur die WKM uitgevoer word, daarna moet dit aan die einde van elke jaar uitgevoer word.

Indien die belastingpligtige na 3 jaar steeds 'n verbonde persoon tot die WKM is:

- Sal geen aftrekking toegelaat word vir die onkoste aangegaan om die WKM-aandele te verky nie;
- Moet die Kommissaris, na kennisgewing aan die WKM, die WKM goedkeuring terugtrek; en
- Moet die WKM 125% van die onkoste aangegaan (wat gekwalifiseer het vir die aftrekking) vir die uitreik van die aandele, by inkomste insluit.

Geen bedrag mag verhaal word ten opsigte van die beskikking van 'n waagkapitaalaandeel of ten opsigte van 'n terugbetaling van kapitaal indien daardie aandeel deur die belastingpligtige gehou is vir 'n tydperk van langer as vyf jaar.

IN DUPLUM REËL

Waar enige rente volgens die Inkomstebelastingwet bereken moet word deur die "amptelike rentekoers" te gebruik, moet die rente bereken word ongeag enige statutêre of gemenereg *in duplum* reëls wat mag geld. Hierdie reël geld vanaf 1 Januarie 2018.

BEDINGINGSRAAD HEFFING

Bedingingsrade wat nie voldoen het aan die belastingwet nie sal vereis word om 'n bedingingsraadheffing te betaal van:

- 10% van die totale werknemersbelasting wat tussen 1 Maart 2012 en 28 Februarie 2017 afgetrek moes gewees het.
- 10% van die inkomstebelasting wat op alle onverklaarde inkomste (groei/opbrengs) tussen 1 Maart 2012 en 28 Februarie 2017 betaal moes gewees het.

Die verligting sal van toepassing wees ten opsigte van die 5 jaar periode, vanaf 1 Maart 2012 tot 28 Februarie 2017.

Bedingingsrade moet 'n opgawe indien en die bedingingsraadheffing aan die SAID betaal voor of op 1 September 2018.

Bedingingsrade wat aan die belastingwet voldoen het, sal nie op hierdie verligting geregtig wees nie en sal ook nie op belastingterugbetalings geregtig wees nie.

BELASTINGADMINISTRASIE AANGELEENTHEDE

Belastingombud

Die mandaat van die Belastingombud is om enige klagte deur 'n belastingpligtige aangaande 'n diensaangeleentheid of 'n prosedure- of administratiewe aangeleentheid wat voortspruit uit die toepassing van die bepalings van 'n Belastingwet deur SAID, te oorweeg en te beredder.

'n Klagte kan slegs ingedien word by die Belastingombud nadat 'n belastingbetaler probeer het om die klagte direk met die SAID op te los by die tak waar die saak hanteer is, of deur die SAID kontak Sentrum en genoeg tyd toegelaat het vir 'n oplossing;

Die Belastingombud se aanbevelings is nie op 'n belastingpligtige of SAID bindend nie, maar indien dit nie deur 'n belastingpligtige of deur die SAID aanvaar word nie, moet redes vir sodanige besluit binne 30 dae na die kennisgewing van die aanbevelings aan die Belastingombud verskaf word.

Indien 'n belastingpligtige nie tevrede is met die uitkoms van die proses onderneem deur die Belastingombud nie, mag die belastingpligtige 'n klagte indien by die Openbare Beskermer.

Belastingnakomingstatus

'n Belastingpligtige kan in die voorgeskrewe vorm en op die voorgeskrewe wyse, by die SAID aansoek doen om bevestiging van die belastingpligtige se belastingnakomingstatus. Die SAID moet 'n bevestiging van die belastingpligtige se belastingnakomingstatus binne 21 besigheidsdae vanaf die datum waarop die aansoek ingedien is, of uitreik of weier om dit uit te reik. 'n Senior SAID amptenaar kan 'n belastingpligtige van 'n bevestiging van die belastingpligtige se belastingnakomingstatus voorsien slegs indien die SAID oortuig is dat die belastingpligtige vir belasting geregistreer is en nie enige:

- Uitstaande belastingskuld het nie, uitgesluit 'n belastingskuld onder hewig aan 'n afbetalingsooreenkoms, of 'n belastingskuld wat opgeskort is, of nie die bedrag van R 100 oorskry nie; of
- Uitstaande opgawes het nie, tensy 'n reëling wat vir die SAID beampte aanvaarbaar is vir die indien van die opgawes getref is.

SAID kan die belastingpligtige se belastingnakomingstatus na nie-nakomend verander indien die bevestiging foutiewelik uitgereik is, of op die grondslag van bedrog, wanvoorstelling of nie-openbaarmaking van wesenlike feite verkry is, en die SAID die belastingpligtige ten minste 14 dae vooraf kennis gegee het, en 'n geleentheid om op die aantygings te reageer.

Onwettige gebruik van die woord SAID

Geen persoon mag:

- Die naam of verkorte naam van SAID op 'n onwettige wyse gebruik nie;
- Enige embleem of ontwerp van SAID sonder sy magtiging gebruik nie;
- Valslik enige materiaal of stof voorstel asof dit uit SAID voortsprong nie;
- Enige naam of beskrywing gebruik wat 'n skakeling of verband tussen die persoon of enige maatskappy, liggaam, firma, besigheid of onderneming en SAID impliseer nie; of
- 'n Domeinnaam registreer of gebruik wat die naam of beskrywing

“Suid-Afrikaanse Inkomstediens” of “SAID” of die naam of beskrywing van enige van sy filiale behels nie.

Aanvra van tersaaklike materiaal

SAID kan van die belastingpligtige of ‘n ander persoon vereis om binne ‘n redelike tyd tersaaklike materiaal (hetsy mondelings of skriftelik) deur SAID vereis te verskaf.

‘n Senior SAID-amptenaar kan tersaaklike materiaal vereis:

- Met betrekking tot belastingpligtiges in ‘n objektief identifiseerbare klas van belastingpligtiges; of
- Wat gehou of bewaar word deur ‘n verbonde persoon met betrekking tot die belastingpligtige, wat buite die Republiek geleë is.

‘n Versoek deur die SAID vir die tersaaklike materiaal van ‘n persoon anders as die belastingpligtige word beperk tot materiaal wat verband hou met materiaal ten opsigte van die belastingpligtige bygehou of bewaar, of wat redelikerwys deur sodanige persoon bygehou of bewaar behoort te word.

‘n Persoon of belastingpligtige wat ‘n versoek om tersaaklike materiaal van die SAID ontvang, moet die tersaaklike materiaal aan die SAID verskaf by die plek, in die formaat (wat redelikerwys toeganklik vir die persoon of belastingpligtige moet wees) en:

- Binne die tyd in die versoek vermeld; of
- Indien die materiaal deur ‘n verbonde persoon wat buite die Republiek geleë is gehou word, binne 90 dae vanaf die datum van die versoek, welke versoek die gevolge van die versuim om dit te doen moet vermeld.

Indien redelike gronde vir ‘n verlenging deur die persoon of belastingpligtige ingedien word, kan SAID die tydperk verleng waarbinne die tersaaklike materiaal verskaf moet word.

Indien ‘n belastingpligtige versuim om materiaal wat gehou word deur ‘n verbonde persoon wat buite die Republiek geleë is te voorsien, mag die materiaal nie deur die belastingpligtige in enige daaropvolgende verrigtinge voorgelê word nie, tensy ‘n bevoegde hof andersins beveel op grond van omstandighede buite die beheer van die belastingpligtige en enige verbonde persoon wat buite die Republiek geleë is.

Persone wat ondervra mag word deur die SAID

‘n Senior SAID-amptenaar kan, by kennisgewing, vereis dat ‘n persoon, ongeag of daardie persoon onderhewig is aan belasting al dan nie, ‘n werknemer van die persoon of ‘n persoon wat ‘n amp in die persoon beklee persoonlik verskyn op die tyd en plek in die kennisgewing bepaal, met die doel om deur ‘n SAID-amptenaar ondervra te word aangaande die belastingsake van die persoon, indien die onderhoud ten doel het om aangeleenthede waaroor SAID besorg is op te klaar:

- Ten einde verdere verifikasie of oudit onnodig te maak; of
- Ten einde ‘n lopende verifikasie of oudit te bespoedig; en
- Nie vir die doeleindes van ‘n strafregtelike ondersoek is nie.

Bystand tydens ‘n oudit of strafregtelike ondersoek

Die persoon op wie se perseel ‘n oudit of strafregtelike ondersoek plaasvind moet die redelike bystand verskaf soos wat deur SAID vereis word ten einde die oudit of ondersoek uit te voer, insluitend om:

- Gepaste fasiliteite beskikbaar te stel, in die mate waarin sodanige fasiliteite beskikbaar is;
- Vrae wat met die oudit of ondersoek verband hou, te beantwoord; en
- Tersaaklike materiaal soos vereis, te verskaf.

Geen persoon mag sonder 'n grondige rede 'n SAID-amptenaar weerhou daarvan om die oudit of ondersoek uit te voer nie, of weier om toegang of bystand te verleen.

Die SAID word nou toegelaat om 'n persoon wat ondervra word tydens 'n oudit te versoek om die inligting onder eed of plegtige verklaring te verskaf. In terme van 'n strafregtelike ondersoek geniet die persoon beskerming aangesien die SAID verplig is om die ondersoek uit te voer met die erkenning van die grondwetlike regte van die belastingbetaler as 'n verdagte in 'n kriminele ondersoek.

Die persoon kan na afhandeling van die oudit (of op die persoon se versoek op 'n maandelikse grondslag) die kostes vir die gebruik van fotokopiëringfasiliteite van SAID verhaal in ooreenstemming met die fooie wat in die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting voorgeskryf word.

Ondervragingsbevel

'n Regter kan die ondervragingsbevel, toestaan indien hy/sy tevrede is dat daar redelike gronde bestaan om te glo dat 'n persoon:

- Versuim het om 'n verpligting opgelê kragtens 'n Belastingwet na te kom;
- 'n Belastingmisdryf gepleeg het; of
- Bates wat ten volle of gedeeltelik 'n uitstaande belastingskuld kan delg, van die hand gesit, verwyder of verberg het; en
- Dat tersaaklike materiaal waarskynlik openbaar sal word tydens die ondervraging wat bewys kan lewer van die nie-nakoming, die pleeg van die misdryf of die beskikking, verwydering of verberging van die bates.

Verminderde aanslae

SAID kan 'n verminderde aanslag maak indien:

- Die belastingpligtige die aanslag suksesvol betwis het;
- Dit noodsaaklik is om uitvoering te gee aan 'n skikking;
- Dit noodsaaklik is om uitvoering te gee aan 'n hofuitspraak ooreenkomstig 'n appèl en daar geen reg tot verdere appèl bestaan nie;
- SAID oortuig is dat daar 'n geredelik sigbare onbetwiste fout in die aanslag is deur:
 - SAID; of
 - Die belastingpligtige in 'n opgawe; of
- 'n Senior SAID-amptenaar tevrede is dat 'n aanslag gebaseer was op:
 - Die versuim om 'n opgawe in te dien of indiening van 'n foutiewe opgawe deur 'n derde party of deur 'n werkgewer;
 - 'n Prosesseerfout deur SAID; of
 - 'n Opgawe bedrieglik ingedien deur 'n persoon nie deur die belastingpligtige gemagtig nie.

SAID kan 'n aanslag verminder ongeag die feit dat geen beswaar ingedien of appèl aangeteken is nie.

Beswaar teen aanslag of beslissing

Waar 'n belastingpligtige veronreg word deur 'n aanslag of 'n beslissing gemaak deur die SAID, kan beswaar aangeteken word. Voorat beswaar aangeteken word kan die belastingpligtige 'n skrywe rig aan die SAID binne 30 besigheidsdae na die datum van die aanslag en die SAID versoek vir skriftelike redes vir die aanslag. Die SAID het 30 besigheidsdae om die belastingpligtige in kennis te stel dat 'n rede alreeds verskaf is of indien nie, dan het die SAID 60 besigheidsdae om dit te doen. Die belastingpligtige het 30 besigheidsdae vanaf die laaste van die dag van aanslag of die dag waarop 'n rede verskaf is om beswaar aan te teken. 'n Senior SAID amptenaar kan nou die tydperk waarbinne beswaar aangeteken moet word verleng na 'n

tydperk van 30 besigheidsdae (voorheen 21), indien daar geen buitengewone omstandighede bestaan het nie. Indien daar wel buitengewone omstandighede bestaan het, kan hierdie tydperk verder verleng word deur die SAID. Die maksimum periode waarbinne laat beswaar aangeteken kan word bly 3 jaar.

Besigheidsdae sluit die dae van 16 Desember tot 15 Januarie uit.

Tydperk van beperking op uitreik van aanslae

'n Aanslag mag nie gemaak word:

- Na drie jaar na die datum van die aanslag van 'n oorspronklike aanslag deur die SAID.
- In die geval van selfaanslag waarvoor 'n opgawe vereis word, na 5 jaar na die datum van die aanslag van 'n oorspronklike aanslag.
- Die bogenoemde is nie van toepassing in die mate waarin:
 - In die geval van 'n aanslag deur die SAID, die feit dat die volle bedrag belasting hefbaar nie aangeslaan was nie, die gevolg was van bedrog, wanvoorstelling, of die nie-openbaring van wesenlike feite.
 - In die geval van selfaanslag, die feit dat die volle bedrag belasting hefbaar nie aangeslaan is nie, die gevolg was van bedrog, opsetlike of nalatige wanvoorstelling, opsetlike of nalatige nie-openbaring van wesenlike feite, of die versuim om 'n opgawe in te dien of, indien geen opgawe vereis word nie, die versuim om die vereiste betaling van belasting te maak.
 - Die SAID en die belastingpligtige aldus ooreenkom voor die verstryking van die beperkingstydperk.
- Dit nodig is om uitvoering te gee aan:
 - Die beslegting van 'n geskil;
 - 'n Hofuitspraak ooreenkomstig 'n appèl en daar geen verdere reg tot verdere appèl is nie; of
 - 'n Versoek vir 'n verminderde aanslag indien SARS bewus geword het van die fout voor die verstryking van die tydperk vir die aanslag.

Die Kommissaris mag by vooraf kennisgewing van minstens 30 dae aan die belastingpligtige, 'n verjaringstydperk of 'n verlengde tydperk verleng, voor die verstryking daarvan, deur 'n tydperk soortgelyk aan 'n vertraging wat voortspruit uit:

- Versuim deur 'n belastingpligtige om alle tersaaklike materiaal te verskaf binne die voorgeskrewe tydperk;
- Die beslegting van 'n geskil oor geregtigheid op inligting, insluitend alle regsverrigtinge.

Die Kommissaris mag, by vooraf kennisgewing van minstens 60 dae aan die belastingpligtige, 'n verjaringstydperk verleng, voor die verstryking daarvan, met 3 jaar in die geval van 'n aanslag deur die SAID of 2 jaar in die geval van self-aanslag, waar 'n oudit of ondersoek betrekking het op:

- Die toepassing van die leerstelling van wese bo vorm;
- Die toepassing van 'n algemene teenvermydingsbepaling;
- Die belasting van hibriede entiteite of hibriede instrumente;
- Oordragprysreëls.

Die SAID sal slegs toegelaat word om in uitsonderlike gevalle, waar daar bedrog, wanvoorstelling en nie- openbaarmaking is, die belastingtydperk te heropen, te oudit en 'n gewysigde aanslag uit te reik.

Aanspreeklikheid van derde partye

'n Senior SAID-amptenaar kan die uitreiking magtig van 'n kennisgewing aan 'n persoon wat enige gelde, ingesluit 'n pensioen, salaris, loon of

ander besoldiging vir of aan 'n belastingpligtige hou, skuld of sal hou of sal skuld, wat van die persoon vereis om die geld aan SAID te betaal ter betaling van die belastingpligtige se uitstaande belastingskuld.

'n Persoon wat nie in staat is om aan 'n vereiste van die kennisgewing te voldoen nie, moet die senior SAID-amptenaar inlig oor die redes vir die onvermoë om daarom te voldoen binne die tydperk in die kennisgewing vermeld en die amptenaar kan die kennisgewing terugtrek of wysig soos toepaslik onder die omstandighede.

'n Persoon wat die kennisgewing ontvang, moet die geld in ooreenstemming met die kennisgewing betaal en, indien die persoon die geld opgee strydig met die kennisgewing, is die persoon persoonlik vir die geld aanspreeklik.

Die SAID kan, op versoek van 'n persoon wat deur die kennisgewing geraak word, die kennisgewing wysig deur die verlenging van die tydperk waarbinne die bedrag aan die SAID betaal moet word ten einde die belastingpligtige toe te laat om die basiese lewensuitgawes van die belastingpligtige en sy of haar afhanklikes te betaal.

Die SAID mag slegs die kennisgewing uitreik na lewering aan die belastingskuldenaar van 'n finale aanmaning vir betaling wat gelewer moet word minstens 10 besigheidsdae voor die uitreiking van die kennisgewing, welke aanmaning moet uiteensit al die verhalingsstappe wat die SAID mag neem indien die belastingskuld nie betaal word nie en die beskikbare skuldverligtingsmeganismes.

Indien die belastingskuldenaar 'n natuurlike persoon is, kan die belastingskuldenaar binne 5 besigheidsdae na ontvangs van die aanmaning by die SAID aansoek doen vir 'n vermindering van die bedrag wat aan die SAID betaal moet word, gebaseer op die basiese lewensuitgawes van die belastingskuldenaar en sy of haar afhanklikes.

Indien die belastingskuldenaar nie 'n natuurlike persoon is nie, kan die belastingskuldige binne 5 besigheidsdae na ontvangs van die aanmaning by die SAID aansoek doen om 'n vermindering van die bedrag wat aan die SAID betaal moet word, gebaseer op ernstige finansiële ontbering.

Die SAID hoef nie 'n finale aanmaning uit te reik nie indien 'n senior SAID amptenaar tevrede is dat om dit te doen, die insameling van die belastingskuld sal benadeel.

Terugbetalings en rente

Die SAID moet 'n terugbetaling betaal indien 'n persoon geregtig is op 'n terugbetaling, insluitend rente daarop van:

- 'n Bedrag behoorlik terugbetaalbaar kragtens 'n Belastingwet en indien dit aldus in 'n aanslag aangetoon word; of
- Die bedrag verkeerdelik ten opsigte van 'n aanslag betaal wat meer is as die bedrag betaalbaar ingevolge die aanslag.

Die SAID hoef nie 'n terugbetaling te magtig totdat 'n verifikasie, inspeksie of oudit van die terugbetaling afgehandel is nie.

Die SAID moet die betaling van 'n terugbetaling magtig voor die afhandeling van die verifikasie, inspeksie of oudit indien sekuriteit, in 'n vorm wat vir 'n senior SAID amptenaar aanvaarbaar is, deur die belastingpligtige verskaf is.

'n Bedrag verkeerdelik ten opsigte van 'n aanslag betaal wat meer is as die bedrag betaalbaar ingevolge die aanslag word as 'n betaling

aan die Nasionale Inkomstefonds beskou tensy 'n terugbetaling gemaak word, in die geval van:

- 'n Aanslag deur die SAID, binne 3 jaar vanaf die laaste van die datum van die aanslag of die foutiewe betaling; of
- Selfaanslag, binne 5 jaar vanaf die laaste van die datum waarop die opgawe ingedien moes word of, indien geen opgawe vereis word nie, betaling ingevolge die toepaslike Belastingwet gemaak moes word of die foutiewe betaling gemaak is.

Indien die SAID 'n bedrag as 'n terugbetaling aan 'n persoon betaal wat nie behoorlik kragtens 'n Belastingwet aan die persoon betaalbaar is nie, word die bedrag, insluitend rente daarop beskou 'n uitstaande belastingskuld te wees wat deur die persoon aan die SAID betaalbaar is vanaf die datum waarop dit aan die persoon betaal is.

'n Besluit om nie 'n terugbetaling te magtig van 'n bedrag wat foutiewelik betaal is ten opsigte van 'n aanslag van meer as die bedrag van die aanslag is onderhewig aan beswaar en appèl.

Ontduiking van belasting, bedrog of diefstal

'n Persoon wie met die opset om belasting te ontduik, of om 'n ander persoon by te staan met die ontduiking van belasting of om 'n onregmatige terugbetaling te verkry deur:

- 'n Valse verklaring of inskrywing in 'n opgawe of ander dokument doen of laat doen of toelaat dat dit gedoen word of 'n verklaring, opgawe of ander dokument aldus ingedien te teken, sonder om op redelike gronde te glo dat dit waar is;
- 'n Valse antwoord, hetsy mondelings of skriftelik, op 'n versoek om inligting te gee;
- Valse rekeningkundige rekeninge of ander rekords voorberei, byhou of die voorbereiding of byhou daarvan goedkeur of rekeningkundige rekeninge of ander rekords vervals of die vervalsing daarvan goedkeur;
- Bedrog of versinsel aanwend of magtiging verleen vir die aanwending van sodanige bedrog of versinsel; of
- 'n Valse verklaring maak vir die doeleindes van verkryging van 'n terugbetaling van of vrystelling van belasting.

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 5 jaar.

Enige persoon wat 'n verklaring maak waarna hierbo verwys word, tensy die persoon bewys dat daar 'n redelike moontlikheid bestaan dat hy of sy nie geweet het van die valsheid van die verklaring nie, en dat die onwetendheid nie aan nalatigheid toegeskryf kan word nie, word beskou bewus te wees van die valsheid van die verklaring.

Lewering van dokumente

Indien 'n Belastingwet van die SAID vereis, of die SAID magtig om 'n kennisgewing, dokument of ander kommunikasie aan 'n persoon (anders as 'n maatskappy) uit te reik, te gee, te stuur of te bestel, word die SAID beskou as die kommunikasie aan die persoon uit te gereik, gegee, gestuur of bestel het indien:

- Aan die persoon oorhandig;
- Gelaat by 'n ander persoon ouer as 16 jaar wat oënskynlik by die persoon se laaste bekende woonplek, kantoor of besigheidsplek woon of in diens is;
- Per pos aan die persoon gestuur na die persoon se laaste bekende adres, wat insluit:
 - o 'n Woonplek, kantoor of besigheidsplek; of
 - o Die persoon se laaste bekende posbusnommer of dié van die persoon se werkgever; of
- Na die persoon se laaste bekende elektroniese adres versend, wat

insluit:

- o Die persoon se laaste bekende e-posadres;
- o Die persoon se laaste bekende telefaksnommer; of
- o Die persoon se elektroniese adres bv. "e-filing".

Vries van bankrekening

Indien 'n bank 'n rekening ten behoeve van 'n kliënt hou waarin 'n bedrag gedeponeer word, redelikerwys vermoed dat die betaling van die bedrag met 'n belastingoortreding verband hou, moet die persoon die vermoede onmiddellik aan die SAID rapporteer en nie voortgaan met die uitvoering van enige transaksie ten opsigte van die bedrag vir 'n tydperk van hoogstens twee besigheidsdae nie, tensy die SAID of 'n Hoë Hof anders gelas.

BOETES EN RENTES

Administratiewe nie-nakomingsboetes

Die SAID is by magte om administratiewe boetes te hef vir die nie-nakoming van enige proseduriële of administratiewe aksie of heffing opgelê of versoek in terme van die Inkomstebelastingwet.

Vastebedrag boete tabel:

Item	Aangeslane verlies of belasbare Inkomste vir voorafgaande jaar van aanslag	Boete
(i)	Aangeslane verlies	R 250
(ii)	R 0 - R 250 000	R 250
(iii)	R 250 001 - R 500 000	R 500
(iv)	R 500 001 - R 1 000 000	R 1 000
(v)	R 1 000 001 - R 5 000 000	R 2 000
(vi)	R 5 000 001 - R 10 000 000	R 4 000
(vii)	R 10 000 001 - R 50 000 000	R 8 000
(viii)	R 50 000 001 en meer	R 16 000

Die vastebedrag boete verhoog maandeliks, bereken vanaf een maand nadat die boete aanslagkennisgewing uitgereik is, onderhewig aan 'n maksimum van of 35 maande of 47 maande, afhangende of die SAID in besit is of nie van die belastingbetaler se huidige adres. Die bedrag word bepaal volgens die belastingbetaler se belasbare inkomste, of aangeslane verlies, vir die voorafgaande jaar van aanslag. Spesiale reëls geld vir groot maatskappye of groot vrygestelde ondernemings.

Die nie-nakomingsboete is nie van toepassing waar die persentasie, gebaseerde boete, rapporterings of onderstellingsboete van toe-passing is nie.

Slegs een nie-nakoming is tans onderhewig aan die vaste bedrag boete en dit is 'n versuim deur 'n natuurlike persoon om 'n inkomstebelastingopgawe soos en wanneer benodig vir die jaar van aanslag wat op of na 1 Maart 2016 begin in te dien, en waar daardie persoon twee of meer uitstaande belastingopgawes vir sodanige jaar van aanslag het.

Persentasie gebaseerde boete

Die persentasie gebaseerde boete word opgehef indien die SAID oortuig is dat die belastingpligtige nie die belasting betaal het, soos en wanneer dit vereis word kragtens 'n Belastingwet nie. Die boete is gelykstaande aan 'n persentasie van die bedrag onbetaalde belasting.

Die bedrag van die boete wissel tussen 10% en 20%.

Boetes word opgelê by wyse van 'n boete aanslag. Die aanslag sal die datum aantoon waarop die boete betaalbaar is.

Kwytskelding van boetes

‘n Persoon kan versoek dat ‘n boete kwytgeskeld word. Die versoek moet die gronde asook stawende dokumentasie insluit. ‘

‘n Boete sal slegs kwytgeskeld word in die volgende buitengewone omstandighede:

- ‘n Natuurlike of mensgemaakte ramp;
- ‘n Openbare oproer of onderbreking van dienste;
- ‘n Ernstige siekte of ongeluk;
- Ernstige emosionele- of geestesversteuring;
- Sekere foute gemaak deur die SAID bv. ‘n datavasleggingsfout of ‘n verwerkingsvertraging;
- Ernstige finansiële ontbering;
- Enige ander omstandigheid van soortgelyke erns.

‘n Vastebedrag boete kan kwytgeskeld word tot en met ‘n bedrag van R 2 000 indien dit ‘n eerste geval van nie-nakoming is (geen boete aanslag vir die voorafgaande 36 maande), of indien die tydsduur van die nie-nakoming korter as 5 besigheidsdae is.

Vir persentasiegebaseerde boetes kan die boete kwytgeskeld word indien dit ‘n eerste geval van nie-nakoming is (geen boete aanslag vir die voorafgaande 36 maande), of indien die bedrag minder as R 2 000 is, en daar redelike gronde vir die nie-nakoming bestaan, en die betrokke nie-nakoming reggestel is.

Die SAID mag ‘n boete, of ‘n gedeelte daarvan, kwytskeld indien ‘n Belastingwet anders as die Belastingadministrasie Wet grondige voorsiening maak vir die kwytskelding van boetes.

‘n Besluit deur SAID om nie ‘n boete, in geheel of gedeetelik kwyt te skeld nie is onderhewig aan beswaar en appèl.

Onderstellingsboete

Die onderstellingsboete is ‘n persentasie in ooreenstemming met die onderstaande tabel en word gehef op die bedrag waarmee belasting onderstateer is.

‘n “Onderstelling” is die versuim om ‘n opgawe in te dien, ‘n weglating uit ‘n opgawe, ‘n foutiewe verklaring in ‘n opgawe, of indien geen opgawe vereis word nie, die versuim om die korrekte bedrag belasting te betaal of ‘n ontoelaatbare vermydingsreëling.

‘n “Wesenlike onderstelling” is ‘n geval waar die benadeling van die fiskus 5% van die bedrag van belasting behoorlik hefbaar, of terugbetaalbaar, vir die tersaaklike belastingtydperk, of R 1 miljoen welke ookal die grootste is, oorskry.

‘n Ontoelaatbare vermydingsreëling is ‘n reëling ten opsigte waarvan Deel IIA van Hoofstuk III van die Inkomstebelastingwet toegepas word en sluit in, enige transaksie, handeling, skema of ooreenkoms ten opsigte waarvan artikel 73 van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde of enige ander algemene teenvermydingsbepaling kragtens ‘n Belastingwet toegepas word.

‘n Herhalende geval is een wat plaasvind binne 5 jaar vanaf die vorige geval.

Onderstellingsboete persentasietabel

1. Standaard geval
2. Indien belemmerend of 'n herhalende geval is
3. Vrywillige blootlegging na kennisgewing van oudit
4. Vrywillige blootlegging voor kennisgewing van oudit

Gedrag	1	2	3	4
Wesenlike onderstelling	10%	20%	5%	0%
Redelike sorg nie aan die dag gelê met voltooiing nie	25%	50%	15%	0%
Geen redelike gronde vir belastingposisie geneem	50%	75%	25%	0%
Ontoelaatbare vermydingsreëling	75%	100%	35%	0%
Growwe nalatigheid	100%	125%	50%	5%
Opsetlike belastingontduiking	150%	200%	75%	10%

Die onderstellingsboete word bereken deur die hoogste onderstellings boetepersentasie in ooreenstemming met die tabel, aan elke onderstelling in die opgawe toe te pas.

Die tekort word as volg bereken:

- Die verskil tussen die bedrag belasting wat behoorlik gehef moet word vir die belastingtydperk en die bedrag belasting wat gehef sou word indien die onderstelling aanvaar is;
- Die verskil tussen die bedrag behoorlik terugbetaalbaar vir die belastingtydperk en die bedrag wat terugbetaalbaar sou wees indien die onderstelling aanvaar is; en
- Die verskil tussen die bedrag van 'n vasgestelde verlies of enige ander voordeel vir die belastingpligtige, oorgedra vanaf die belastingtydperk na 'n daaropvolgende belastingtydperk en die bedrag wat oorgedra sou word, indien die onderstelling aanvaar is.

Die belasbare koers wat van toepassing is op die tekort, is die maksimum belastingkoers wat op die belastingpligtige van toepassing, sonder om die vasgestelde verlies of enige ander voordeel vorentoe gebring vanaf 'n voorafgaande belastingtydperk in ag te neem.

Die onderstellingsboete sal betaalbaar wees tensy die onderstelling die gevolg was van 'n bona fide onopsetlike fout. Die onus is op die belastingpligtige om te bewys dat dit 'n bona fide onopsetlike fout was.

'n Besluit deur SAID om nie 'n onderstellingsboete kwyd te skeld nie is onderhewig aan beswaar en appèl.

Kwytskelding van rente

Indien 'n senior SAID-amptenaar tevrede is dat rente betaalbaar deur 'n belastingpligtige betaalbaar is as gevolg van omstandighede buite die belastingpligtige se beheer, kan die amptenaar, tensy verbied deur 'n Belastingwet, gelas dat soveel van die rente wat te wyte is aan die omstandighede nie deur die belastingpligtige betaalbaar is nie.

Die omstandighede waarna hierbo verwys word, is beperk tot:

- 'n Natuurlike of mensgemaakte ramp;
- 'n Openbare oproer of ontwrigting van dienste; of
- 'n Ernstige siekte of ongeluk.

Die SAID mag nie 'n beslissing maak dat rente nie betaalbaar is nie na die verstryking van 3 jaar, in die geval van 'n aanslag deur die SAID, of 5 jaar, in die geval van selfaanslag, vanaf die datum van aanslag van die belasting ten opsigte waarvan die rente opgehoop het.

VRYWILLIGE BLOOTLEGGINGSPROGRAM

Nie-nakoming beteken die verskaffing van foutiewe of onvolledige inligting aan die SAID, of die versuim om inligting te verskaf of die aanvaarding van 'n belastingposisie wat 'n onderstelling tot gevolg gehad het.

'n Persoon kan in 'n persoonlike, verteenwoordigende, terughoudings of ander hoedanigheid om vrywillige blootleggingsverligting aansoek doen. Indien die persoon wat verligting verlang in kennis gestel is van die aanvang van 'n oudit of kriminele ondersoek, wat nog nie afgehandel is nie, en wat met die blootgelegde nie-nakoming verband hou, word die blootlegging van die nie-nakoming beskou as nie vrywillig te wees nie, tensy 'n senior SAID amptenaar van mening is dat die nie-nakoming nie andersins gedurende die oudit of ondersoek ontdek sou word nie, en die aansoek in die belang van die goeie bestuur van die belastingstelsel en die beste aanwending van SAID se hulpbronne sal wees.

Die blootlegging moet vrywillig wees, 'n nie-nakoming behels wat nie voorgekom het binne 5 jaar van die blootlegging van 'n soortgelyke nie-nakoming, ten volle en volledig in alle wesenlike opsigte wees, 'n gedrag behels in terme van die onderstellingsboete persentasietabel, nie 'n terugbetaling deur die SAID tot gevolg hê nie, en moet gemaak word in die voorgeskrewe vorm en wyse.

'n Senior SAID amptenaar kan 'n nie-bindende privaatmening ten opsigte van 'n persoon se geskiktheid vir verligting uitreik. Die identiteit van enige party tot die nie-nakoming hoef nie aan die SAID geopenbaar te word nie.

Verligting toegestaan

- Strafregtelike vervolging;
- Onderstellingsboete (per onderstellingsboete tabel);
- 100% verligting vir die administratiewe nie-nakomingsboetes;
- Die boete vir laat betaling.

Indien die vrywillige blootlegging aansoek aanvaar word, moet die SAID 'n geskrewe ooreenkoms aangaan met die belastingpligtige. Die aanslag uitgereik ten einde aan die ooreenkoms uitvoering te gee, is nie aan beswaar en appel onderhewig nie.

VALUTABEHEER TOELAES

Diskresionêre vergunning vir inwoners (natuurlike persone)

'n Enkele diskresionêre toelaag van R1 miljoen per kalenderjaar is beskikbaar vir alle Suid-Afrikaanse inwoners wat 18 jaar en ouer is, en in besit is van 'n geldige groen strepieskode Suid-Afrikaanse identiteitsdokument of slim identiteitsdokumentkaart. Hierdie bedrag mag gebruik word vir enige wettige doel insluitend vir beleggingsdoeleindes in die buiteland sowel as die stuur van geskenkpakkies in plaas van kontant (uitgesluit goud en juweliersware) na goeddunke van die individu, sonder dat enige dokumentêre bewyse aan 'n gemagtigde handelaar voorgelê moet word, behalwe vir reisdoeleindes buite die CMA, waar sekere voorgeskrewe dokumentasie voorgelê moet word.

Reis toelae

Individue mag ook die enkel diskresionêre toelaag gebruik om 'n reistoelaag deur 'n Gemagtigde Handelaar te gebruik onderhewig aan die volgende voorwaardes:

- Individue, wat onder die ouderdom van 18 jaar is, mag nie van 'n enkele diskresionêre toelae gebruik maak nie, maar kan van 'n reistoelaag gebruik maak wat nie 'n bedrag van R 200 000 per kalenderjaar oorskry nie;

- Individue mag nie meer as 60 dae voor hul vertrek van reistoelaes gebruik maak nie, en moet 'n geldige passasierskaartjie voorlê indien hulle per vliegtuig, bus, spoor of skip reis;
- Die reistoelaag kan na die buiteland oorgedra word na die reisiger se eie bankrekening en/of gade se rekening, maar nie na die rekening van 'n derde party nie. Minderjariges wat saam met hulle ouers reis, kan hul reistoelaes oordra na hul ouers se bankrekening in die buiteland;
- Enige onbenutte buitelandse geldeenheid moet binne 30 dae na terugkeer aan 'n gemagtigde handelaar terug verkoop word. Besigheidsreisigers wat herhalend na die buiteland reis, en waar die volgende sakereis binne 90 dae na die terugkeer van 'n vorige sakereis begin, mag enige onbenutte buitelandse valuta vir gebruik tydens daaropvolgende sakereise behou;
- Reisigers word toegelaat om bykomend tot die reistoelaag R 25 000 in Suid-Afrikaanse Reserwebank note te neem.

Beleggings buite Suid-Afrika

Inwoners bo die ouderdom van 18 jaar word toegelaat om R 10 miljoen per kalenderjaar buite Suid-Afrika te belê. 'n Belastingklaringsertifikaat ten opsigte van buitelandse beleggings moet verkry word vanaf die SAID voordat die fondse oorgeplaas word. Die belegging asook enige inkomste verdien op die belegging mag in die buiteland gehou word. Die buitelandse beleggingstoelaag is nie beskikbaar vir maatskappye en trusts nie. Die Suid-Afrikaanse Reserwe Bank kan enige beleggings in vaste eiendom enige plek in die wêreld goedkeur wat die buitelandse beleggingstoelaag oorskry

Studiefasiliteite

Individue wat vir studie doeleindes na die buiteland gaan, mag die R 1 miljoen enkel diskresionêre toelaag gebruik. Gades wat studente vergesel, kwalifiseer ook vir die fasiliteit.

Studente mag ook enige huishoudelike en persoonlike goedere, insluitende juweliersware (behalwe motorvoertuie), tot 'n waarde van R 200 000 per student uitvoer.

Gemagtigde handelaars kan addisioneel tot die bogenoemde die betrokke opvoedkundige en akademiese fooie vir die akademiese jaar direk aan die betrokke instansie oordra.

Inwoners moet die volgende dokumentasie aan 'n gemagtigde handelaar voorlê:

- Dokumentêre bewys van die betrokke instansie wat bevestig dat die student vir die kursus ingeskryf is; en
- Bewys van die onderrig- en akademiese gelde in die vorm van 'n brief of prospektus van die instansie.

Studente onder die ouderdom van 18 jaar kwalifiseer ook vir 'n studietoelaag om kostes te betaal wat verband hou met hul studie in die buiteland asook 'n reistoelaag van R 200 000 per kalenderjaar.

Mediese en tandheelkunde uitgawes

Fasiliteite mag voorsien word aan inwoners van die Republiek om die kostes van gespesialiseerde mediese en tandheelkunde behandeling in die buiteland te dek, op voorwaarde dat dokumentêre bewyse, wat die bedrag bevestig, aan 'n gemagtigde handelaar voorgelê word. Hierdie fasiliteit is bykomend tot enige reistoelaes.

Konferensie, kongres, seminare en eksamenfooie

Inwoners mag valuta aangebied word om vooruit te betaal vir konferensies, kongresse, seminare (insluitende ad-hoc, korttermyn

kursusse wat aangebied word deur opvoedkundige instansies) en eksamenfooie, aan nie-inwoners ten opsigte van plaaslike of internasionale gebeure, onderhewig aan dokumentêre bewyse voorgelê deur 'n buitelandse begunstigde. Dit is bykomend tot die reistoelaag wat toegestaan word aan 'n inwoner.

Onderhoud- en kinder toelaes

Gemagtigde handelaars mag oordragte aan nie-inwoners goedkeur vir onderhoud en kinder toelaes onderhewig aan 'n hofbevel. 'n Aansoeker mag 'n bedrag wat die gestipuleerde bedrag oorskry oorplaas, onderhewig aan die limiet van die diskresionêre vergunning op voorwaarde dat die begunstigde 'n nie-inwoner is vir valutabeheer doeleindes.

Emigrasie fasiliteite

Gesinne wat emigreer kwalifiseer vir die volgende fasiliteite nadat al hulle bates onder die administrasie van 'n gemagtigde handelaar gebring is:

- 'n Buitelandse kapitaaltoelaag van tot R 20 miljoen per kalenderjaar nadat alle skulde, insluitende die koste van die passasierskaartjies en die toepaslike reistoelaes afgetrek is;
- Enkele persone kwalifiseer vir 'n buitelandse kapitaaltoelaag van tot R 10 miljoen per kalenderjaar nadat alle skulde, insluitende die koste van die passasierskaartjie en die toepaslike reistoelaag, afgetrek is.

Enige huishoudelike en persoonlike besittings, motorvoertuie, karavane, sleepwaens, motorfietse, seëls en muntstukke (uitgesonderd munte wat wettig betaalbaar is in Suid-Afrika) per gesin of enkelpersoon binne die totale versekerde waarde van R 2 miljoen mag uitgevoer word.

Maatskappye

Suid-Afrikaanse maatskappye kan *bona fide* nuwe uitwaartse buitelandse beleggings aangaan (uitgesluit passiewe beleggings) in maatskappye, takke en kantore buite die gesamentlike monetêre gebied, indien die totale koste van sodanige belegging nie R 1 biljoen per maatskappy, per kalenderjaar oorskry nie, sonder die voorafgaande toestemming van die "Financial Surveillance" Departement.

RENTEKOERSE

Prima rentekoerse

Datum	Koers (%)	Datum	Koers (%)
20.11.2015	9.75	29.01.2016	10.25
18.03.2016	10.50	21.07.2017	10.25

Amptelike rentekoerse

Datum	Betaal aan SARS (%)	Ontvang van SARS (%)	Amptelike koers (%)
01.07.2010	9.50	5.50	
01.10.2010			7.00
01.03.2011	8.50	4.50	6.50
01.08.2012			6.00
01.02.2014			6.50
01.05.2014	9.00	5.00	
01.08.2014			6.75
01.11.2014	9.25	5.25	
01.08.2015			7.00
01.11.2015	9.50	5.50	
01.12.2015			7.25
01.02.2016			7.75
01.03.2016	9.75	5.75	
01.04.2016			8.00
01.05.2016	10.25	6.25	
01.07.2016	10.50	6.50	
01.08.2017			7.75
01.11.2017	10.25	6.25	

Ander rentekoerse (van toepassing vanaf 1 Augustus 2017)

Terugbetalings van belasting op suksesvolle appèl of waar die appèl deur SARS toegegee is:	10.25%
Terugbetaling na voorgeskrewe tydperk of laat betaling van BTW	10.25%
Doeane en Aksyns	10.25%

By die bepaling van die belasbare inkomste verkry deur enige persoon gedurende 'n jaar van aanslag, word enige bedrag aan rente waarop 'n persoon geregtig word wat ingevolge 'n Belastingwet deur SAID betaalbaar is, geag aan daardie persoon toe te val op die datum waarop daardie bedrag aan daardie persoon betaal word.

BEWARING VAN REKORDS

Maatskappy

Dokument	Bewarings-tydperk
Enige dokument, rekening, boeke, skrywe, rekord of ander inligting wat bewaar moet word in terme van die Maatskappywet of ander publieke regulasie	7 jaar (of per regulasie)
Registrasie sertifikaat	Onbepaald
Akte van oprigting, veranderinge en wysigings daartoe	Onbepaald
Reëls	Onbepaald
Sekuriteite register en ongesertifiseerde sekuriteite register	Onbepaald
Register van maatskappy sekretaris en ouditeur	Onbepaald
Kennisgewings en notules van alle aandeelhouders/direkteure/ouditkomitee en ander kommitteer vergaderings, insluitende resolusies aanvaar, en dokumente beskikbaar gestel aan houders van sekuriteite.	7 jaar
Afskrifte van verslae voorgehou tydens die algemene jaarvergadering	7 jaar
Afskrifte van die jaarlikse finansiële state	7 jaar
Afskrifte van rekeningkundige rekords	7 jaar
Rekords van direkteure en voormalige direkteure, nadat die direkteur afgetree het	7 jaar
Geskrewe kommunikasie aan houders van sekuriteite	7 jaar

Beslote korporasies

Rekeningkundige rekords, insluitende stawende dokumentasie	15 jaar
Stigtingsverklaring/gewysigde stigtings verklaring	Onbepaald
Jaarlikse finansiële state, insluitende jaarlikse rekeninge en die verslag van die rekeningkundige beamppte	15 jaar
Notules en resolusies	Onbepaald

Belastingrekords

Persoon wat 'n opgawe ingedien het vir die belastingtydperk	Vir 'n periode van 5 jaar vanaf die datum van indiening van die opgawe, tensy onderhewig aan 'n audit, ondersoek, beswaar of appèl
'n Persoon van wie vereis word om 'n opgawe in te dien vir die belastingtydperk en wat nie 'n opgawe ingedien het nie	Onbepaald tot en met 'n opgawe ingedien is, en as bogenoemde periode van toepassing is
'n Persoon van wie nie vereis word om 'n opgawe in te dien nie, maar wie gedurende die belastingtydperk, inkomste ontvang het, 'n kapitaalwinst of kapitaalverlies gehad het, of by enige ander aktiwiteit betrokke was, wat onderhewig is aan belasting, of onderhewig aan belasting sou gewees het, sou dit nie wees vir die toepassing van 'n belasting-drempel of vrystelling nie	Vir 'n periode van 5 jaar vanaf die einde van die tersaaklike belastingtydperk
'n Persoon wat in kennis gestel is, of bewus is dat die rekords onderhewig is aan 'n audit of ondersoek, of 'n persoon wat beswaar of appèl teen 'n aanslag ingedien het	Totdat die audit afgehandel is, of die aanslag of beslissing finaal word, of die toepaslike periode, watoekal die laatste is

BEGROTINGSREDE BELASTINGVOORSTELLE

Op 4 April 2018 sal die algemene brandstofheffing met 22 sent per liter toeneem en die padongelukfondsheffing sal met 30 sent verhoog. Die totale brandstofheffing sal R3,37 per liter petrol en R 3.22 per liter diesel wees. Die totale padongelukheffing sal R 1,93 per liter wees vir beide petrol en diesel.

Aksyns belasting op alkoholiese drank sal met tussen 6% en 10% styg. Die toename vir tabaksprodukte sal 8.5% wees.

Die kinderondersteuningstoelaag sal met R25 per maand toeneem terwyl die pleegsorgtoelaag met R40 sal styg. Die ouderdomstoelaag sal met R95 per maand styg.

Met ingang van 1 April 2018 sal die maksimum *ad valorem* aksynsbelasting vir motorvoertuie van 25% tot 30% verhoog. Die klassifikasie van selfone sal opgedateer word om slimfone in te sluit om te verseker dat hulle onderhewig as aan aksynsbelasting. Die *ad valorem* aksynsbelasting sal styg van 5% en 7% tot 7% en 9%.

Ses spesiale ekonomiese sones sal deur die Minister van Finansies goedgekeur word om groei en werkgeleenthede te bevorder.

Die plastieksakheffing sal vanaf 1 April 2018 met 50% tot 12 sent per sak styg.

Die omgewingheffing op gloeilampe sal vanaf 1 April 2018 vanaf R6 tot R8 styg.

Die voertuig se koolstofbelasting sal verhoog word tot R 110 vir elke gram bo 120 gCO₂/km vir passasiersvoertuie en R 150 per gram bo 175 gCO₂ /km vir dubbelkajuitvoertuie, effektief 1 April 2018.

Die gesondsheidshoof, wat suiker drankies belas, sal vanaf 1 April 2018 geïmplementeer word.

'n Wysiging word voorgestel om te verseker dat belastingpraktisyns wat nie aan die Wet voldoen nie gederegistreer word. Indien 'n belastingpraktisyn nie die Wet op 'n herhalende grondslag nakom het nie en ook nie hul gedrag regstel nadat hulle deur die SAID-kommissaris in kennis gestel is nie, word hulle as belastingpraktisyn gederegistreer.

IRP5 BRONKODES**Normale Inkomstebelasting**

Kode	Beskrywing	Tipe belasting
3601	Inkomste	Onderhewig aan LBS
3602	Inkomste	Nie-belasbaar
3603	Pensioen	Onderhewig aan LBS
3605	Jaarlikse betaling	Onderhewig aan LBS
3606	Kommissie	Onderhewig aan LBS
3608	Arbitrasietoekenning	Onderhewig aan LBS
3610	Annuïteit van 'n UAF	Onderhewig aan LBS
3611	Aangekoopte annuïteit	Onderhewig aan LBS
3613	Handelsbeperking	Onderhewig aan LBS
3614	Ander uitree enkelbedrae	Onderhewig aan LBS
3615	Direkteurs vergoeding	Onderhewig aan LBS
3616	Onafhanklike kontrakteurs	Onderhewig aan LBS
3617	Arbeidsmakelaars sonder 'n vrystellingsertifikaat	Onderhewig aan LBS
3619	Arbeidsmakelaars sonder 'n vrystellingsertifikaat	IB
3620	Nie-uitvoerende direkteur: SA inwoner	IB
3621	Nie-uitvoerende durekteur: Nie-inwoner	Onderhewig aan LBS

Toelae kodes

Kode	Beskrywing	Tipe belasting
3701	Reistoelae	Onderhewig aan LBS
3702	Vergoedende reistoelaag	IB
3703	Vergoedende reistoelaag	Nie-belasbaar
3704	Bestaanstoelae- plaaslike reis	IB
3707	Aandele-opsies uitgeoefen	Onderhewig aan LBS
3708	Openbare ampsbekleërs toelae	Onderhewig aan LBS
3713	Ander toelae bv. vermaak, gereedskap, rekenaar, selfoon	Onderhewig aan LBS
3714	Uniform, hervestiging, bestaanstoelaag plaaslik en buitelandse	Nie-belasbaar
3715	Bestaanstoelae- Buitelandse reis	IB
3717	Uitgebreide werknemers aandeleplan	Onderhewig aan LBS
3718	Vestiging van ekwiteitsinstrumente of terugbetaling van kapitaal van beperkte ekwiteitsinstrumente	Onderhewig aan LBS
3719	Dividende nie vrygestel nie i.t.v para (dd) van die voorbehoudsbepaling in artikel 10 (1) (k)(i)	Onderhewig aan LBS
3720	Dividende nie vrygestel nie i.t.v para (ii) van die voorbehoudsbepaling in artikel 10 (1) (k)(i)	Onderhewig aan LBS
3721	Dividende nie vrygestel nie i.t.v para (jj) van die voorbehoudsbepaling in artikel 10 (1) (k)(i)	Onderhewig aan LBS

Byvoordeel kodes

Kode	Beskrywing	Tipe belasting
3801	Algemene byvoordele	Onderhewig aan LBS
3802	Gebruik van motorvoertuig (nie bedryfshuur nie)	Onderhewig aan LBS
3805	Gratis, goedkoop of vakansie huisvesting	Onderhewig aan LBS
3806	Gratis of goedkoop dienste	Onderhewig aan LBS
3808	Werknemer skuld	Onderhewig aan LBS
3809	Belasbare beurse: basiese onderrig	Onderhewig aan LBS
3810	Mediese fonds bydraes betaal namens werknemer	Onderhewig aan LBS
3813	Mediese dienste onkoste betaal deur werkgewer	Onderhewig aan LBS
3815	Nie-belasbare beurse - basiese onderrig	Nie-belasbaar
3816	Reg van gebruik van 'n motorvoertuig verkry ingevolge 'n "bedryfshuur"	Onderhewig aan LBS
3817	Werkgewer pensioenfondsbysdraes	Onderhewig aan LBS

3820	Belasbare beurse of studiebeurse – verdere onderrig	Onderhewig aan LBS
3821	Nie-belasbare beurse of studiebeurse – verdere onderrig	Nie-belasbaar
3822	Nie-belasbare byvoordele met verkryging van onroerende eiendom	Nie-belasbaar
3825	Werkgewer voorsorgfonds bydraes	Onderhewig aan LBS
3828	Werkgewer uittredingsannuïteitsfonds bydraes	Onderhewig aan LBS

Enkelbedrae kodes

Kode	Beskrywing	Tipe belasting
3901	Gratifikasie/skeidingspakketvoordele	Onderhewig aan LBS
3906	Spesiale vergoeding	Onderhewig aan LBS
3907	Ander enkelbedrae	Onderhewig aan LBS
3908	Surplustoekennings en die opbrengs uit polisse	Nie-belasbaar
3909	Onopgeëiste voordele	Onderhewig aan LBS
3915	Aftrede/beëindiging van indiensneming enkelbedrag voordele/omskepping van annuïteite	Onderhewig aan LBS
3920	Enkelbedrag onttrekkings voordele	Onderhewig aan LBS
3921	Lewensannuïteit en artikel 15C van die Pensioenfonds Wet, surplustoekennings	Onderhewig aan LBS
3922	Vergoeding ten opsigte van dood tydens werk	Nie-belasbaar
3923	Oordrag van onopgeëiste voordele	Nie-belasbaar

Aftrekking kodes

Kode	Beskrywing
4001	Totale pensioenfonds bydraes betaal of geag betaal te wees deur die werknemer
4003	Totale voorsorgfondsbydraes betaal of geag te wees betaal deur die werknemer
4005	Mediese skema fooie (bydraes) betaal of geag te wees betaal deur die werknemer
4006	Totale uittree-annuïteitsfondsbydraes betaal of geag te wees betaal deur die werknemer
4024	Mediese dienste kostes geag betaal te wees deur die werknemer ten opsigte van homself/haarself, gade of kind
4030	Skenkings afgetrek van die werknemer se vergoeding en aan die organisasie betaal deur die werkgewer
4472	Werkgewer se pensioenfonds bydraes betaal tot voordeel van die werknemer
4473	Werkgewer se voorsorgfonds bydraes betaal tot voordeel van die werknemer
4474	Werkgewer se mediese skema fooie (bydraes) betaal tot voordeel van die werknemer (werknemers 65 jaar en ouer en wat nog nie afgetree het nie, moet ook aangedui word onder hierdie kode)
4475	Werkgewer uittree-annuïteitsfonds bydraes betaal tot voordeel van die werknemer
4493	Werkgewer mediese skema fooie (bydraes) betaal tot voordeel van afgetrede werknemers
4582	Waarde van “vergoeding” ingesluit in toelaes en voordele (motorvoertuie)
4583	Die gedeelte (80 of 20%) van reistoelaes en voordele wat onderhewig is aan LBS
4497	Totale aftrekkings/bydraes

Werknemersbelasting aftrekking- en redekode

Kode	Beskrywing
4102	LBS
4115	Belasting op uittree enkelbedragvoordele en skeidingspakette

- 4116 Mediese skemafooie belastingkrediet
- 4118 Som van belasting aansporing vir indiensneming bedrae
- 4120 Addisionele mediese kostes belastingkrediet (65 jaar en ouer)
- 4141 Werknemer en werkgewer WVF bydraes
- 4142 VOH bydrae

NOTAS

Hierdie gids is opgestel deur ProBeta Opleiding (Edms) Bpk vanaf die 2017/2018 wetgewing en 2018/2019 begrotingsvoorstelle soos voorgestel in die begrotingstoespraak. Ofskoon alle moontlike sorg getref is met die opstel van hierdie gids, word lesers gemaan om dit slegs as riglyn te gebruik en geen aanspreeklikheid word vir die gevolge van enige onakkuraathede aanvaar nie. Syfers in hakkies verwys na die vorige belastingjaar.



Posbus 23035
Randburg Wes, 2167
www.probetatraining.co.za
Tel: 011 886 1395
Faks: 086 558 7318
E-pos: info@probetatraining.co.za